DIE HOUTSWAAN

MIKRO

PRIMÊRE SKOOL, MAREETSANE

STD. V JAAR 1957

PRYS

Toegeken aan:

Johanna Hattingh

vir

Beste Spanwerk

Geskenk deur:

Skoolhoof

Skoolhoof.

J. C. Hattingh.

Klasonderwyser(-es)

DIE HOUTSWAAN

Ander werke van Mikro:

—

Die Wa-as

Lente

Klaradynstraat

Wagters in die Nag

Die Ruiter in die Nag

Kaptein Gereke

Boerseun

Basjan Bastiaanse

Huisies teen die Heuwel

MIKRO

DIE HOUTSWÁAN

VYF NOVELLES

TWEEDE
DRUK

Nasionale Boekhandel Bpk
Kaapstad Bloemfontein
Johannesburg
1956

Aan Ora

Die persone in hierdie boek is almal denkbeeldig en geen werklike persoon word bedoel nie. Die omstandighede is eweneens denkbeeldig, sonder enige betrekking op bepaalde gebeurtenisse. Soetwater en Gonnakolk is eweneens denkbeeldig.

Inhoud

1. Die Houtswaan 1

2. ~~Beste~~ Liewe Maans 27

3. Hier Kom Gawie Jordaan 95

4. Dankie, Bella 137

5. Jaatjie, Ek Kom 167

1

Die Houtswaan

GONNAKOLK. Hier ken almal mekaar en dis nie nodig om rond te verneem as jy iets wil weet nie. Wie weet dan nou nie waar Wiese se meul is nie en van die groot skade wat hy in '40 gehad het nie; of waar oom Sep en tant Betjie Botes woon, en van hul dogter, Meraai, die einste lelike Meraai Botes wat in dieselfde week toe Wiese die groot skade gehad het met Mattewis Offer getrou het? Of wil julle vir my sê daar is één inwoner van Gonnakolk wat nie vir oom Selons Barnard, die bakker van die dorp — ai, en hy bak sulke heerlike, geurige bolletjies! — die koster van die kerk en die opsigter van die skool, ken nie?

Hier het almal sy eie werk en roeping en nog 'n paar peuselwerkies by. Kyk, oom Sep Botes, Meraai se pa, is die skoenmaker van die dorp. Dis sy roeping. Dan is daar sy peuselwerkies: wie kan beter 'n waster in 'n handpomp insit as oom Sep Botes of wie kan vernuftiger hare sny as hy? Wiese maal die inwoners se koring, maar hy is ook 'n doring om perde te beslaan en jou potte en panne reg te piekel. Ou Barney Hekkies karwei die drie Lewinski's se negosie van Matraskraal met sy bokwa en donkies, maar vra 'n bietjie vir hom wie die dorp se waterfiskaal is en wie die testaminte optrek! A nee a! Gonnakolk se mense is nie sommer sulke hierjy's nie. 'n Oor van 'n bokooi word nie ontsier deur 'n mes nie, want hulle ken mekaar se melkbokke. Oom Sep se twee is koeskoppe en hulle

lyk nogal, as jy haastig kyk, iets na tant Betjie, rank en skraal. Oom Selons, die bakker, het drie: 'n bonte wat alewig in jou tuin pla en twee wittes met sulke draaihorings. Mattewis se bok — ai, hy het ook al ene! — se horings is afgesaag en stomp gevyl om tog nie vir Meraai seer te maak nie as sy hom melk en hy, wie weet, met sy horings wil raps.

Dis nou lente en lente is iets besonders in Gonnakolk. Die lug is dan mos hoër en verder en ylblouer as ander seisoene. Dis ook baster of dit stiller in die ou dorpie met sy een straat wil wees. As jy jou kinders op die bopunt van die dorp roep, kan ou Wiese jou daar op die onderpunt hoor. Net peperbome kry jy daar, peperbome en peperbome. Ag, ons het die twee seringbome op die prensipaal se erf vergeet.

Mattewis Offer en Meraai Botes, sê ons, het in die week toe Wiese sy groot skade gehad het ook afgehaak en getrou. Maatjie Visser, die orreliste — sy maak ook ruikers — het vir hulle die lied gespeel wat altyd sommer trane in die lelike Meraai Botes se oë bring. Dit gaan só: tra-pomm, pom-pom; tra-pomm, pom-pom. Sy het gewikkel en gewieg voor die orrel en Meraai het aan oom Sep se arm met die paadjie af gewikkel op haar twee bakbene.

Maar ons sê dis lente en laat ons nou nader staan na Mattewis en Meraai se huisie . . . .

Daar was die aand toe Meraai . . . .

Meraai sit so stryk van neënuur die skerm in die hoek van die kamer en verdwyn daaragter. Mattewis, die goeie Mattewis, haar Mattewis, weet nog nie. Sy glimlag. Nou nie 'n geluidjie nie. Noumertjies sal sy haar ligte blou nagjurk met die kantgaatjies van bo en die twee geborduurde „high biscuits", soos sy die blomme op die nagjurk noem, aanhê en Mattewis sal dan in hul bed lê met sy oë daar bo na die donkerbruin geelhoutbalke. Mattewis sal nie praat nie. Miskien sal hy sy twee groot hande onder sy kop hê, of wie weet met die pyp besig wees. Hy sal nie na haar kyk nie; getroudes kyk mos nie vir mekaar nie.

As sy agter die skerm is, gesels hulle nie, nie sy en Mattewis nie. Maar sy gesels darem kammelielies met hom.

„Mattewis," sal sy strakkies sê, „Mattewis, ek is nie mooi nie maar ag, Mattewis, mooiheid vergaan tog. Ek bak darem net sulke lekker brode soos oom Selons, jou swaer. Jy sê selwers my doekpoedings is lekkerder as sus Suffie s'n en as ek die braaiboud in ons eie ysterpot gebraai het, is hy so bruin, souterig, en jy kan die gebraaide kors so van hom afnerwe. En, Mattewis, jy kon 'n mooier vrou as ek gekry het, maar hulle sit net voor die spieël of voor die klavier." Toe val iets haar by. „Ek speel darem ‚Jesus min my' en ‚Langs die heuweltoppe' op ons trap-orreltjie. En jy weet nog nie, Mattewis, jy weet nog nie. Jou mond sal seker oopval as ek vir jou vertel . . . ."

Mattewis en Meraai Offer se huisie staan net duskant die kinkel in die hoofstraat. Eers kry jy die prensipaal se staandakhuis op regs, dan Swart Lewinski se huis met die veranda, en so 'n bietjie tru teen die bultjie die platdakhuisie van Mattewis Offer. Daar is rooi malvas in groen geverfde blikke voor die huisie, 'n gebarste houtswaan wat Mattewis op 'n plaas gekwansel het, by 'n waterpoeletjie. En daar is hul moestuin. Mattewis is maar elke oomblik daar en as hy in die huis kom, kry sy die ruik van vars, rooi grond. Dis aan sy groot, bruin stewels en aan sy hande. Ai, Mattewis is 'n voorslag, 'n man so reg na haar hart. Haar Mattewis en niemand anders s'n.

Meraai kom bedees agter die skerm uit, skaam oor haar twee lelike voete, maar die nagjurk bedek tog die twee bakbene, en dis al iets.

Mattewis Offer kyk na haar en sy voel skielik soos maande gelede met sy besoeke in haar pa se huis. Skielik soek sy na iets om met haar hande te doen. Mattewis se winkbroue kan haar so van kluts bring, daardie twee groot en woeste winkbroue. Maar as hy na haar kyk, het hy seker iets om te sê.

„Ja, skat," sê Meraai soos dit 'n goeie en gehoorsame vrou pas.

„Sit hier, Meraai," sê hy en sy stem klink nors, maar Meraai wat hom ken, weet dis nie so nie.

Sy gaan gedwee sit, peuter met haar hande aan die wit oorlappie op die tafel en hou haar blik op die lamp. Maar die ou hart wil nie bedaar nie, nie as Mattewis Offer praat nie. Goeiste nee, dan doeke-doek, doeke-doek hy van pure opwinding.

„Jy moet afleer om so met jou hande te peuter, Meraai. Dis hinderlik," sê Mattewis.

„Ek is altyd maar senuweeagtig, skat, as jy met my praat," antwoord sy en bloos vir sy weet nie wat nie.

„Dit hoort nie so nie," sê hy geduldig.

„Ja, skat."

En dan val iets haar by.

„Ek sien gister in *Die Huisgenoot*, of was dit nou straks in *Die Kerkbode* van verlede week? — nee, dit was in *Die Huisgenoot* — van sulke goeie pille vir die senuwees. Een botteltjie van vyftig is genoeg, maar as jou senuwees baie kapot is . . . ."

„Meraai! jy het 'n ergerlike mode om sommer te praat omdat praat praat is. Ek wil nou met jou gesels," beveel Mattewis.

„Sal ek nie eers inkruip en die lamp doodblaas nie? Die vloer is so koud," sê Meraai verskonend.

Mattewis brom sy instemming.

„Luister jy nou?" vra Mattewis 'n rukkie later en na sy die deken tot by haar ken getrek het.

„Ja, Mattewis-skat."

Sy sal na die dreun van sy stem luister; dis mos goed om daarna te luister, want dis vir haar die dierbaarste gedreun, naas die geluid van hulle nuwe roomafskeier, wat sy ken. Sy en Mattewis is nie laf soos ander paartjies nie, maar dis so goed om met haar kop so effens, net so effentjies, teen sy skouer te leun.

„Ek gaan Saterdag op Skuinslaagte kamp."

„Sommer reg, Mattewis."

„Jy sal alleen wees. Maandag is 'n vakansiedag en dan bly ek sommer daar. Oom Japie sê hy sal my goed betaal."

„Maar dis goed, Mattewis."

„Saterdag moet hier gelei word; die perskebome is droog en die beet en aartappels ook."

„Ek vat altyd maar reg as jy nie hier is nie, Mattewis."

„Ek wou net vir jou sê, Meraai. Ek glo 'n man moet alles vir sy vrou sê," sluit hy verskonend af.

Sy weet hy sal nie verder praat nie. Meraai het onder die gesels haar hand op sy arm gesit en wonder nou of sy hom daar mag hou. Dierbare arm, dink Meraai. As sy eendag vrymoediger is, sal sy hom sommer om haar nek sit en hulle sal so in saligheid lê. Maar nie nou al nie, want sy en Mattewis is nog maar vier maande getroud. Sy sal nie . . . .

Sy wag. Hoe sal sy tog begin? Hoe sal sy hom tog van die groot vreugde vertel?

„Hoor hoe suis die wind in die peperbome, skat," sê sy.

„Sal die hortjies nie vannag klap nie, Meraai?" vra hy lomerig.

„Nee wat, hulle is op haak," antwoord sy en die ou hart doeke-doek al weer.

Mattewis trek sy arm onder haar hand weg. Dis 'n seker teken dat hy nou wil slaap. Sy sal nou moet praat of anders glad nie vanaand nie.

„Mattewis . . . . ," kom dit onseker.

„Praat maar. Ek luister."

„Weet jy dan nie?" vra Meraai.

„Nee. Hoe moet ek dan nou weet wat jy wil sê, Meraai?"

„As 'n mens nou trou . . . . jy weet soos jy en ek . . . . Ag, ek weet nie hoe om dit te sê nie . . . ."

„Is ek nie vir jou goed nie?" wil hy weet.

„Jy is, Mattewis, jy is. Ek het vandag so 'n oulike babapatroontjie gesien. Net die ding vir 'n ou kindjie . . . . o, Mattewis," sê sy en raak aan die huil.

Mattewis sit sy sterk arm om haar lyf en klop met die groot hand onhandig teen haar skouerblad. Dis darem net ligte tikkies.

„Mens huil nie oor babakleertjies nie, Meraai. 'n Mens gesels nie eens daaroor nie. Jy moes ook sommer omgeblaai het."

„Ek móét aan babakleertjies dink . . . .”

Mattewis se arm verstyf. Dis . . . . dis ongelooflik . . . . Mattewis Offer sal môre uit sy huis stap en daar in die straat af en dan sal hy dit nog nie kan glo nie. Hy sal bo-op die treintrok klim, die seil afstroop en vir Apols skree om Lewinski se negosiekiste aan te vat, maar hy sal dit nog nie kan glo nie. Tien trokke, twintig — wat maak dit ook saak vir hom, Mattewis Offer! Toe hy met Meraai getrou het, het hy nie kon dink aan . . . . aan wat 'n man dink nie. Wie is hy dan? Sterk en groot en gesond, maar hy het nog nie daaraan gedink nie. En nou soos 'n weerligstraal . . . .

„Jy sê niks, Mattewis,” hoor hy haar sê.

Dis reg. Wat sal hy sê? Hy moet iets sê. Hy het altyd geglo 'n man het 'n woord vir elke ding, maar nou is hy nie so seker nie. Die ander dag het hy voor Barney Lewinski se winkel gestaan en Giel Louw en Andries Niekerk het hom uitgedaag om 'n sak meel met sy tande op te tel. Kinderspeletjies vir 'n man soos hy. Miskien sal Meraai van hom verwag om die kind in die straat te dra. 'n Mens weet nie.

„Dit sal ek gedoriewaar nooit doen nie!” sê Mattewis Offer.

„Wat?” vra Meraai verskrik.

„Die kind in die straat dra nie,” antwoord hy.

Meraai raak aan die lag. Nie omdat sy sy antwoord raar vind nie, maar van pure verligting, want met hierdie man van haar weet sy nie altyd so mooi nie.

„Ek sál dit nie doen nie!” hou hy vol.

Sy stem is groot en yslik. Meraai lê roerloos, te bang om asem te haal.

„Nag,” sê hy kortaf.

Sy wil huil. Dit durf sy darem ook nie doen nie. Hulle is vier maande getroud en in hierdie vier maande het haar kennis van Mattewis nie toegeneem nie. Sy meen sy verstaan hom nou minder as daardie eerste aand wat hy vir haar kom kuier het. Ai, sy weet so min van mans, dink Meraai. Wat sou sus Suffie gedoen het? Sus Suffie is tog maar haar

rigsnoer in alles, haar gids in die getroude lewe. Môre sal sy oorstap . . . .

Die anderdagmôre het nie een van hulle na die vorige aand se gesprek verwys nie. Meraai het soos gewoonlik die koffiewater opgesit, die water vir die pap, en haar toe aangetrek. Soggens gaan sy nie agter die skerm nie. Dis nog skemer as sy opstaan en dan kan Mattewis tog nie so goed sien nie. Sy bring sy koffie. Hy grom 'n dankie, sit regop in die bed en blaas die koffie koud.

'n Man moet hierdie saak oordink. Hy voel van hom word woorde van wysheid verwag, maar hoe hy ook al sy kop krap, daar is nou maar niks te sê nie. En Mattewis Offer durf net woorde van wysheid sê. Sy pa was so. Sal nie praat nie, maar as hy sy mond oopmaak, kan jy luister. So was sy pa se pa ook.

So stryk van vieruur namiddag is Meraai uitgevat in haar beste namiddagrokkie en stap sy by hul voordeur uit. Sy kyk 'n slag na die gebarste houtswaan by die waterpoeletjie en sê hardop: „Ja, ou swaan."

Dis sommer 'n yslike wysheid uit haar binneste. Wat sy bedoel het, was: „Ja, ou wêreld."

Dis kompleet of die houtswaan 'n slag sy vlerke regskud en sy nek nader aan die water neig. By die hekkie kyk Meraai 'n slag terug en sug diep. Dis nou wel nie watterse huisie nie, maar dis haar en Mattewis s'n en so skoon dat 'n mens van die vloer kan eet.

Krom stap sy aan; amper krommer as ander dae, want sy voel haar so klein teenoor die wonder wat met haar gaan gebeur. Sy vind dit koddig dat 'n lelike mens, ag, en sy is lelik, weet sy, dat 'n lelike mens nou ook moeder kan word. As Alice en Beatrix en Mollie verwag, is dit vir haar so natuurlik. Amper, so amper gaan sy staan. Sê nou die dingetjie het ook 'n moesie of twee soos sy het!

Op die hoek by Barney Lewinski se winkel, draai sy links, wou net oor die voor spring toe sy betyds onthou. Sy stap 'n entjie hoër op en gebruik die steggie oor die voor. Daar-

vandaan is dit net 'n japtrap na oom Selons en tant Suffie Barnard se huisie.

Die twee skoonsusters soen mekaar.

„Sit, Meraai."

„Dankie, Sussie," sê Meraai gelate.

Sy kyk na generaal De Wet se portret teen die oorkantse muur en dan gaan haar blik na die geblomde vaas met die waaierstertgras daarin. Suster Suffie se voorkamer is vir haar tog te oulik.

„Hoe gaan dit met Mattewis?" vra Suffie.

„Nee, goed dankie, Sussie."

„'n Mens sien hom deesdae nie meer nie, nie vandat hy getrou het nie," sê tant Suffie.

Meraai bloos paslik. Sy rem weer so effens aan die rok om haar bakbene toe te maak, want aans kan Selons binnekom.

„Mattewis gaan van Saterdag tot Maandag op Skuinslaagte by oom Japie-hulle kamp," sê Meraai.

„Kom slaap by ons. Dit pas 'n getroude vrou nie om so alleen te slaap nie," is tant Suffie se raad.

„Dankie, Sussie."

Weer daardie wonderlike woord. Ag, sy het nooit gedroom iemand sal haar eendag 'n getroude vrou noem nie. Sy kyk na die geoliede vloer, want dit pas 'n jonggetroude vrou om beskeie te wees.

„Waar is Boetie?" vra sy 'n rukkie later.

Dis nou oom Selons Barnard, die skoolopsigter, bakker en koster van Gonnakolk.

„By die skool, Meraai."

„Ek is bly," sê Meraai.

Toe weet tant Suffie. Sy en Selons het al dikwels in die eensaamheid van hul kamer, en na die kers eers doodgeknyp is, hieroor gesels.

Sy soen Meraai. Nie meer nie. Sy is mos 'n suster van Mattewis en die Offers weet hoe om hulle te gedra.

„Dankie, Sussie," sê Meraai soos dit 'n jonggetroude vrou pas.

Sy bloos, druk haar twee hande styf saam tot die kneukels wit wys, en die oë blink. Tant Suffie is skielik druk besig met die wors wat sy stop.

„Mattewis?" vra tant Suffie.

„Ek het hom gisteraand gesê."

Die twee praat nie verder nie. Meraai voel so dankbaar dat sy, 'n onkundige in hierdie sake, nêrens vir haar onwaardig gedra het nie. Die skoonfamilie weet nou en vanaand sal sy Pa en Ma sê.

„Sussie?"

„Ja, Meraai?"

„Daar is ou werkies wat jy vir my sal moet doen. Ek kan dit tog nie self doen nie. Dit sal nie paslik wees nie," begin Meraai.

„Praat maar, Meraai."

„By Bêrend Lewinski is die lieflikste wol wat in die dorp is. Ek sal seker so vier-en-twintig onse nodig hê — wit en ligpienk. 'n Mens weet mos nie of dit 'n seuntjie of 'n dogtertjie sal wees nie."

„'n Dogtertjie," sê tant Suffie.

„Hoe weet Sussie?"

„Die maan groei nou," antwoord sy.

Iets roer in Meraai se gemoed. Sy kan oulike rokkies maak, die mooiste klein goedjies met tierlantyntjies en valletjies, pofmoutjies en geborduurde kragies. So 'n dogtertjie sal te fraai lyk en as die broekie van bypassende stof is en wie weet nog so 'n rapsie wys — sy bloos — sal die diertjie te oulik lyk.

Maar sy ril ook. Daar is haar moesies, die een koeël op die voorkop en die ander een aan die onderlid van die regteroog. Goeiste ja, en daar is nog die krom rug en die bakbene van haar. Daarom sal sy vroegtydig met die skoonsuster van haar gesels. Sy sal vervas nie die doekie tussen die beentjies bondel nie.

„Sussie, Ma het my almelewe vertel dat sy die skuld dra vir die moesies van my. Toe sy . . . . voor ek gebore is, Sussie, so met Pa gepraat het oor die bok met die sweeruier in ons agterplaas, wou hy nie luister nie. Sy het my baie gesê dat as

Pa nie so wederstrewig was nie, sou ek nie die moesies gehad het nie. Wat dink Sussie?"

Tant Suffie knik haar kop instemmend.

„Oorlede Ma het my baie vertel hoe sy haar half simpel geskrik het vir 'n perdeby in ons tuin en hoe Krisjan daarvan doof geword het. 'n Mens moet baie versigtig wees, want jy weet nooit wat jy die ou kleintjie kan aandoen nie. Ek is seker twee van Bessie se kinders is simpel omdat hulle net daardie tyd 'n mak bobbejaan in hul agterplaas aangehou het."

En so gaan Suffie voort om aan haar skoonsuster die een verhaal na die ander te vertel. Meraai luister met 'n ernstige gesig, want die oortuiging word al vaster en vaster by haar dat sy reg is met haar gevoelentheid.

Toe Suffie dan afsluit met die woorde: „Niks moet jou tog hinder nie," val sy in met haar grootste nood.

„Sussie moet tog maar asseblief met Mattewis praat. Mattewis is 'n man en hulle glo nie aan sulke dinge nie. Hy sal my straks uitlag, maar daar is iets by ons huisie wat my vreeslik hinder. Ek wou al met Mattewis praat, maar hy is so lief vir die ding dat ek maar elkers weer laat staan. Sal Sussie?"

Tant Suffie sit haar hand begrypend op Meraai se knie.

„Wat is dit, ou kind?" wil sy weet.

„Dis daardie gebarste swaan voor ons huisie. Sussie sal miskien lag, maar hy sal my kindjie kwaad aandoen. Ek weet. Ek wéét my kindjie sal gebreklike voetjies hê as hy daar voor ons huis bly staan."

„Mattewis sal hom maar dadelik moet verwyder. Jy moet nie eens weet wat van hom geword het nie. Kom een middag oor na ons en dan sal ek Mattewis vra om die ding daar weg te neem," is tant Suffie se raad.

Dis 'n ander Meraai wat so 'n uur voor sononder na haar huisie wip-stap. Liewe ou Gonnakolk, dink sy. Sy wil tog nie op 'n ander plek bly nie. Sy ken mos nie iets anders nie as die rooisteenhuisies, die verandas hier en daar, en dan die peperbome. Die straat is ook leeg vanmiddag. Doer anderkant die prensipaal se huis stap ou Apols met die kruiwa van

Sollie Lewinski en hy kerwie-kerwie-kerwie en daarom weet sy dis Sollie se kruiwa. Dis nou seker 'n sak sout vir die tinnisbane of 'n sak hoendervoer vir oom Gawie Delport, die ouderling.

En toe skrik Meraai. Dieselfde oom Gawie Delport was al 'n paar oggende by hul huisie en dan sit hy maar daar. Sy het haar eers nie daaraan gesteur nie, maar sy is mos darem nie geselskap vir oom Gawie nie. Sy sal Mattewis daarvan moet sê. 'n Vrou moet geen geheime vir haar man hê nie.

Toe sy met die rooi voetpaadjie na hul huis stap, sê sy weer: „Ja, ou swaan." 'n Rukkie later rittetat, rittetat, rittetat dit in hul voorhuis soos die naaimasjien loop. Ogies, hul wit kat, staan uit sy hoekie op, krom sy rug behaagsiek en reguit ruk die stert. Hy spring op Meraai se skoot.

„Ogies, wat wil jy vir die ounooi sê? Die ounooi het baie om vir jou te vertel, maar ons is vandag te besig. Woerts nou! Gaan lê maar in jou hoekie, ounooi se kat."

Meraai bloos ineens. Sy het die kraak van Mattewis se swaar stewels nou net op hul voetpaadjie gehoor.

Mattewis het groot planne vir die aand. Hy het die hele dag aan die saak gedink, en as die groot Mattewis tot 'n besluit kom, is dit omtrent so stewig as een van Gonnakolk se kerkraadsbesluite.

„Naand, Meraai," sê hy ewe vriendelik.

Dis die ander Mattewis, die Mattewis wat alles voor hom wegveeg soos die donderweerwaters van die Karoo maak. Dis die Mattewis wat met een blik of 'n aanraking van sy hand 'n lammigheid deur Meraai se liggaam sal jaag. Dis Mattewis, die oorwinnaar.

Hy vat Meraai amper ru aan haar arm en trek haar van die stoel op.

„Soen my!" gebied hy.

Meraai kan dit nie bra verstaan nie, maar die bevel is vir haar welaangenaam. Sy sit die twee maer arms om sy nek, kry vir 'n oomblik die goeie ruik van Sederbergtabak in haar neusgate en toe sluit sy haar oë. Op haar tone staan sy, maar toe sy bewend soos 'n riet in oom Klaas se tuin as die Karoo-

wind met hom werk, haar arms van sy nek haal, kom sy tweede bevel.

„Dis nie soen nie. Probeer weer 'n slag."

„Sommer reg, Mattewis," sê sy gehoorsaam.

Toe sien sy weer sy arms, die moue tot bokant die elmboë opgestroop, daardie stewige arms waarvan die roeskleurige hare haar so vreemd kan roer. Sy vat sy twee groot hande hongerig in hare en trek sy arms om haar lyf terwyl dit vir haar voel of sy kan vergaan van die verlangende vreugde wat deur haar liggaam gaan.

„So ja!" sê Mattewis.

Dan stap hy na sy leunstoel en gaan ewe waardig sit soos dit 'n getroude man en 'n toekomstige vader pas. Meraai het verwese voor die naaimasjien bly staan.

„Ek wil vanaand en elke ander aand sewe-uur eet," sê hy.

„Ja, Mattewis-skat."

„Halfag hou ek huisgodsdiens . . . ."

„Ja, Mattewis-skat."

„En saans neënuur gaan ons lê dat jy kan rus."

„Sommer reg, Mattewis," antwoord sy.

„Dan kan ons gesels," grom Mattewis soos een wat besef hoe spaarsaam 'n waardige vader met sy woorde behoort te wees.

Nou sal hy nie verder gesels nie. Vandag het Mattewis Offer die saak van hierdie kant gewik en van daardie kant geweeg en toe besef dat hy die leisels in sy bekwame hande sal moet neem. Hy wat 'n mud fynmeel met sy tande kan optel, moet Meraai en haar sorge maar op sy skouers neem. Dit sou sy vader gedoen het en sy vader se vader.

Terwyl Meraai in die kombuis werk, sing sy „Die Heiland is gebore." Waar Mattewis sit, is 'n dik wolk van tabakrook. Hy waai die rook met sy hand weg om weer 'n slag na die woorde van die muurteks wat hy by Sollie Lewinski gekoop het, te kyk. In krulskrif staan daar geskrywe: „Wees Sterk."

„Hm!" brom hy.

Meraai bring 'n blikskotteltjie met stomende water binne, kniel voor haar man en begin om die groot stewels en die

gebreide sokkies uit te trek. Dan, as die taak klaar is, brom hy 'n dankie en speel-speel so met die haar-toon in die warm water. Mattewis vryf-vryf dan met sy duim teen die vingertoppe, tuit die mond en laat sy nommer twaalf voete in die warm water gly.

Haar Mattewis! juig dit in Meraai se binneste. Haar Mattewis en haar Mattewis en haar Mattewis.

„Kommie was weer vandag bevoeterd," sê Mattewis.

„So?"

„Hulle sal hom maar moet opsluit," meen die wyse man.

Kommie is die simpel ou van Gonnakolk en woon eensaam in 'n buitekamer net 'n japtrap van hul huisie af.

Nog 'n ding waaroor ek met Mattewis moet gesels, dink Meraai. Ai, daar is so baie dinge; daar is haar vrees vir die moesies, die houtswaan by die dammetjie en nou nog Kommie. Niemand dink mos aan die skrik wat hy haar kan gee nie, veral nou . . . . en Meraai bloos weer.

Mattewis het net gewag tot hulle lê. Sy gesels is sommer 'n groot gesels.

„Meraai, en nou kan ons gesels. Ek het so gereken." Hy dink 'n oomblik na om sy gedagtes mooi waterpas te kry. „'n Offer doen 'n ding graag reg. So was oorlee Pa en so was sy pa voor hom. Ek is ook 'n Offer. En toe dink ek: alles moet in die haak wees as die klein Offertjie eendag daar is. Daar moet nie oormekaar geval word vir 'n dooprokkie of 'n kinderwaentjie nie. Dit moet klaar staan. 'n Offer doen altyd 'n ding soos hy behoort gedoen te word. Jy het seker opgelet hoe presies Suffie met alles in haar huis is. Nou, wel, ek is net so. Toe het ek gedag. Sal die kleertjies in die haak wees? Ek vra sommer nou, Meraai?"

Meraai het doodstil bly lê solank haar Mattewis praat.

„Ja, Mattewis," sê sy saggies.

„Dis soos ek dit wil hê. 'n Ander ding: ek wil 'n kamer aanbou vir ons. Hierdie ding van 'n gordynafskorting sal nie gaan nie. Ons moet ons eie kamer hê. Ons moet . . . ."

Hoe lank hy nog sou gepraat het, is moeilik om te sê, maar nou skuif Meraai skielik vas teen hom aan en klae:

„O, Mattewis, ek is tog so bang."

Mattewis is ineens stil. Dis 'n nuwe Meraai, ene wat hy nie ken nie. Dit wou al vir hom wees of hy nie die hele Meraai ken nie, of sy miskien as sy alleen is, treur en huil soos 'n vrou maar maak. Maar bang . . . . ! Dis 'n ander ding.

Toe sit hy regop in hul houtkatel met die toumat en die bulmatras, die katel wat hy op Nigrini se vandisie gekoop het en sy stem begin dreun soos ou Wiese se koringmeul daar naby die fontein. Hy het Meraai se rooi en gebarste hande gesoek en tussen syne gevat om van sy krag in haar oor te plant. Sy mag nie bang wees nie; 'n Offer is nooit bang nie. Sy moet tog maar dikwels oorstap na Suffie en Selons, maar bo alles moet sy 'n voorbeeldige vrou wees en na haar man opsien. Hy sal by haar staan, dit moet sy tog altyd onthou, selwers as hy nie in hul huisie is nie.

O, dink Meraai, hou tog maar aan met gesels; daar is die dreun van die stem, die warmte van sy bors en soos sy nou met haar kop lê, kan sy die trilling in sy bors voel. Dis soos die trilling van hul huisie se vloer as ou Barney se swaar bokwa met sy vrag by hul huisie verbyrammel. Ag, dis goed en nou dink sy glad nie meer aan haar vrees nie. Mattewis moet net altyd by haar bly en nooit en te nimmer werk toe gaan nie.

So raak Meraai, die lelike Meraai, op sy bors aan die slaap.

'n Paar dae later staan die groot Mattewis Offer in sy tuin by die houtswaan. Hy was by Suffie en sy het verstandig met hom gesels. Verstandig, want aanvanklik wou hy nie gehoor gee nie, maar na sy hom in die geheime van 'n vrou se sielelewe ingelei het — party plekke moes Mattewis maar raai-werk gedoen het, want Suffie as ordentlike vrou, kon nie alles op sy naam noem nie — na die aanhoor van daardie onpeilbare geheime het hy die verstandigheid van so 'n stap

ingesien. Maar Meraai mag nie by wees nie. Dit sal 'n te groot vernedering wees.

Hy kyk na die swaan wat so met uitgestrekte nek staan, na die mooi vlerke wat so effens wegstaan van die lyf en wonder wat Meraai tog makeer. Die sement word weggekap, liggies gewerk sodat die dorpsmense hom nie sal hoor nie. Kort-kort staan hy dan ook op om eers oor hul ringmuur te loer. Dan, as sy werkie klaar is, tel hy die swaan op die kruiwa en gooi 'n goiingsak bo-oor. Dit klaar, vat hy die kruiwa en begin sy tog na die simpel Kommie se buitekamer.

Daar by tant Suffie sit Meraai mooi stemmig. Tant Suffie en oom Selons is baie besig vanmiddag, want Rita van Jan Wiese trou oormôre en daar moet baie koek gebak word. Meraai trek kort-kort haar bene uit die pad as sus Suffie by haar verbywarts of rem aan haar rok as oom Selons, nou haar swaer, met sy meelbestuifde arms in die kombuis kom. Sy weet dit pas haar om nou baie minder vriendelik met oom Selons te wees; vriendelik te antwoord as hy iets vra, maar op haar plek te bly.

„En wat vertel Suffie my!" sê oom Selons so in die verbygaan.

Meraai sit altwee die hande voor haar gesig.

„Ek wou al sê Mattewis stap vir my deesdae nog 'n bietjie meer regop as ander dae," korswel die ou.

„O, swaer Selons!" berispe Meraai en lyk soos een van die mooiste rooibete uit oom Selons se tuin.

Maar sy is nietemin trots. Sy trek haar gesig bot, kruis die bene en vou die arms terwyl sy haar vas voorneem om niks van sy skimpe te verstaan nie. Sy is 'n ordentlike vrou en verstaan tog nie wat oom Selons bedoel nie. Om haar te help in haar voornemens sal sy aan dominee se laaste preek dink. Sy is nie hier om te kuier nie, maar net om haar Mattewis 'n kans te gee om die houtswaan te vernietig. Vernietig; hierin was sy beslis. Mattewis moet nie die ding iewers gaan bêre nie, want dan is hy nog maar altyd in die lewe en kan haar kindjie kwaad aandoen. Nee, hy moet verbrand word en dan wil sy nie eens weet waar sy as is nie.

Maar dis goed om te weet dat oom Selons ook weet, weet dat sy nie meer net Meraai Botes is wat trourokke maak nie. Sy skimpe sal sy nie verstaan nie, maar om Meraai Offer te wees, is goed.

„Ons gaan 'n warm somer hê," sê Meraai en kyk na die peperbome wat nou in bloei is.

Selons en Suffie antwoord nie. Meraai het ook nie 'n antwoord verwag nie. Sy het die Big Ben-wekker op die broodkas dopgehou en gereken 'n mens moet weer iets sê. Kwart oor vyf het sy tog laas iets gesê en dis nou halfses.

Toe sy 'n halfuur later by die huis aankom, het sy gemaak of sy niks merk nie. Mattewis ook. Altwee het gemaak of die houtswaan en die waterpoeletjie nie bestaan nie.

„Ek was by sus Suffie," het Meraai gesê.

„En ek het sommer in die tuin peuselwerkies gedoen," het Mattewis geantwoord.

Sê tog die waarheid, Meraai. Vertel Mattewis alles wat daar in jou hart broei, hoe jy dink jy sal sterwe en hy dan met Maatjie Visser sal trou; van jou vrese oor die moesies en die gebreklike voetjies . . . . Die bakbene kan 'n mens verhelp as jy die doekies nie so styf bondel nie, maar die ander dinge . . . . en Meraai sug maar weer.

Die dae en die weke en die maande het 'n mode om op Gonnakolk so ongemerk verby te gaan. Dis mos stil daar en gebeure is net so skaars soos amandels aan oom Selons se enigste amandelboom. Bedags broei die son daar tussen die peperbome in Gonnakolk se hoofstraat en saans kom die melkbokke dorp toe en elkeen sal sommer so uit sy eie by die erf indraai. Miskien sal die wind vir dae waai en stof op die huise sif, rietskraal warrelwinde sal van die weste na die suide loop en ou Kommie sal weer 'n slag onmoontlik raak. Of miskien sal Alie se jongste outjie die kroep kry en dan gaan sy die kresolienlampie by tant Wiese leen om in die kamer te brand. Barney Lewinski was 'n slag, ag dit was in Meraai se vyfde maand, ernstig siek en sy vrou het maar gedurig rooi oë gehad. Maar Barney het weer opgestaan en net geklae sy klere is nou te groot vir hom. Hulle moes dit

darem geweet het. Hier op Gonnakolk lê die kerkhoffie van die Jode nog net soos die dag toe hy aangelê is.

Mattewis, Mattewis het darem verander. Jy kan nie 'n hout-kinderwaentjie met jou eie paar hande maak, 'n kinderbybel met prente by Sollie Lewinski koop en dan nog dieselfde mens bly nie. So het hy ook by sy swaer, Selons, 'n kerkbank vir hom en Meraai gehuur. Vroeër het hy by sy swaer in die bank gesit, maar Mattewis het drome en 'n man met drome behoort sy eie kerkbank te hê. 'n Halwe bank eintlik, vier rye van voor, net agter skoonpa Sep Botes.

Maar 'n mens moes hom by sy werk gesien het om eintlik te verstaan hoe groot is die verandering wat hy ondergaan het. As iemand hom goedig spot, sal hy net glimlag. Hulle weet mos nie, het Mattewis gereken. Giel Nortjé, die seun van sewentien wat ook by die stasie werk, het hy nie langer as 'n werkgenoot beskou nie. Hede, nee. Wat weet Gielie nou eintlik, wat weet 'n seun van sewentien!

Hy dra nie meer sy baadjie oor sy arm nie. Hoe kon hy dit ooit gedoen het? Groet hy, is dit met 'n glimlag wat Gonnakolk vroeër nie geken het nie. Toe hy drie dasse vir hom by Sollie Lewinski koop, sê dié ewe intiem: „Miester Offer word nou 'n jintelman."

Mattewis het net geglimlag. Dis reg. Hy is 'n jintelman.

Maar dis eintlik teenoor Meraai wat hy die meeste verander het en ag, dit het haar so week en teer laat voel. Die groot en lomp Mattewis kan so sag wees. Het hy haar dan nie nou die dag daar in die agterplaas besig gevind en haar sag aan haar hand die huis ingelei nie? Hulle praat nooit van haar toestand nie. „Toestand", het Meraai dit genoem. Nee, sy weet net en hy weet.

„Sit, Meraai," het hy gesê. „Ek sal jou bedien. Kyk, ek is Mattewis en Mattewis is nie Niklaas Marais of een van die ander nie."

Daar was droë klei aan sy groot stewels. Sy onthou dit so goed nes sy alles onthou wat Mattewis s'n is. Sy groot hand het haar gesig vir 'n oomblik geliefkoos — eintlik het hy net aan haar kakebeen gevat, maar vir Meraai is dit sommer 'n

innige liefkosing — en toe het sy haar oë gesluit en geveg teen die duiseligheid wat haar dronk gemaak het. Ja, sy het geluister na sy voetstappe op hul kamervloer en gesê: „Dankie, Liewenheer, vir Mattewis. Baie, baie dankie." Ag, want vir haar is die wonder te groot om ooit aan gewoond te raak, die wonder dat Mattewis hare is. Soms sê sy dit ook: „Mattewis is nie Maatjie Visser se man of Salie Roux of Rina Klaassen s'n nie, maar myne, myne, myne."

Bedags het sy voor die naaimasjien gesit en die oulikste ou naghempies vir Karlien gemaak, naghempies wat sag en warm is. Met sierstekies het sy die romp voor gemaak, hier onder aan die mou 'n rygie ingesit en kammelielies die handjies gesoen, vet mollige handjies, rooi en vol rimpels. En as haar hart van innige verlange gebrand het, het sy Karlien Stinkstert of Pollie of Ma se Lappie genoem.

Hoe dierbaar het hul huisie nie vir haar geword nie! Met liefde sal sy die koppies afdroog en in die muurkas met sy oliekleedjies pak; Mattewis se Jopie Fourie-koppie eerste afdroog; hulle blou skotteltjies so versigtig in haar hand neem en onder in haar kas pak. Sy is tevrede. Gonnakolk het sommer vir haar die dierbaarste plek op aarde geword en baie dae het sy gewonder hoe sy ooit op 'n keer kon gedink het Matraskraal is 'n mooier dorpie as Gonnakolk. 'n Mens is darem maar 'n ontevrede skepsel, dink Meraai. Sy was nie baie rond gewees nie, maar sy was al op Matraskraal. Matraskraal het nou wel 'n dam en 'n gheraas en 'n keffie, maar haar ou Gonnakolk het darem mooier peperbome en sy toring is hoër.

Waar sy Mattewis eers reg leer ken en waardeer het, is die tye toe die ou duiwel haar so geplae het. Party dae sê hy vir haar sy sal tog nie lewe nie en Mattewis sal met Maatjie Visser trou en dié sal stief met haar kind werk. Dan is dit sommer vir haar of sy nooit weer vir Maatjie Visser wil sien nie. Ander dae as oom Kommie so anders is, weet sy hy sal haar nog leed aandoen; of Karlien sal vratjies hê, 'n duisternis van moesies. Dan trek Mattewis die leunstoel wat hulle op die vendusie gekoop het langs hare en dan dreun

sy stem lank, sommer lank vir Mattewis. Maatjie Visser! Hy sien haar nie eens raak nie. Maar hy sal vir haar sê terwyl sy nou daarvan praat: hy sal nooit weer trou nie. Alleen sal hy in hul huisie aanbly en self na Willem kyk. As Willem eers 'n buksie is wat al kan stap, sal hy hom saam na sy werk neem.

„Wie sal daar wees as hy sy knietjie stukkend val?" huilvra sy dan, want daar by die stasie is dit vreeslik klipperig en vir die oomblik het sy vir hom en Mattewis daar gesien.

Dan dreun sy stem weer voort. En Kommie het nog geen mens leed aangedoen nie. Kommie was altyd lief vir haar toe hy nog nie so aardig geword het nie.

„Mattewis," sê sy op 'n dag, „Mattewis, ek wou nog altyd vir jou gevra het. Die ou duiwel vertel al weer dinge vir my. Ek sê nog ‚wyk, Satan, wyk', maar hy doen dit nie meer nie. Ek meen, hy wyk nie meer nie."

„Dan sê jy dit nie hard genoeg nie," grom Mattewis.

„Ek weet, maar hy sê 'n ding so dat ek nie anders kan as glo nie."

„Wat sê hy?" wil hy weet.

„Nee, jy moenie kwaad word nie. Dis nie ek wat dit sê nie. Dis hy. Ek sit voor die naaimasjien en dink nie eens aan hom nie. Of ek staan en opwas en dan is hy skielik by my. Ek het al gedink dit sal help as ek lees en dan stap ek sommer en ek vat *Een Toer deur Afrika* of *Die Kerkbode* en ek blaai daarin. Maar as ek sien, is hy weer by my."

„Praat maar," gebied Mattewis.

„Dan skrik ek sommer en ek stap weer kombuis toe. Net 'n rukkie en hy is weer by my."

„Nou wat sê hy?" wil hy weet.

„Hy sê — dis nie dat ek hom glo nie . . . . Ek sê nou die dag vir sus Suffie ek wil nie glo wat hy sê nie. Toe sê sy: ‚Maar praat met Mattewis,' en ek sê: ‚Ja, dis wat ek moet doen, maar Mattewis het ook sy moeilikhede. Daar by die stasie gaan dit ook nie aldae soos dit moet gaan nie.' En so het ek maar self met hom geveg, maar nou kan ek nie meer nie en

jy weet self ek kom nie na jou toe voor ek nie alles probeer het nie."

„Praat!" beveel Mattewis weer. „Dit sal help om te praat. Hy sal ook nie kom as ek hier is nie."

„Dis die houtswaan, Mattewis. Hy sê vir my Mattewis het die houtswaan gehou, miskien by die stasie in die sjed gesit . . . . Dis nie dat ek dit glo nie. Ek het al vir hom gesê: ‚Maar Mattewis mag mos nie goed daar in die sjed hou nie', maar dan kom hy môre weer."

„Dis nie waar nie en hy weet dit," antwoord Mattewis. „Sê jy vir hom dis nie waar nie. Hy is 'n leuenaar. Waar sal ek die swaan in die sjed gesit het!"

„Sommer reg, Mattewis. Ag, maar as ek by jou is, is hy nie hier nie en dan is ek sterk. Maar nes jy weg is, is ek so alleen en dan kom hy. Dan is dit al vir my of hy met die houtswaan onder sy arm staan en Karlien sal gebreklike voetjies hê."

„Willem sal die mooiste kind op Gonnakolk wees. Kyk maar wat ek vir jou sê, Meraai. En wat sal jy dan sê?"

„Ek sal seker maar sê: ‚Sommer reg, Mattewis'," sê sy gelate.

Dit was laat in haar sewende maand dat oom Kommie weer so aardig geword het. Eers kon hulle nie naby sy buitekamer kom nie en die joos weet waar hy aan ou Wiese se geweer gekom het. Angstige dae toe. Nie eintlik dat Gonnakolk se mense vir iets gevrees het nie, want hulle het ou Kommie nie as gevaarlik beskou nie. Dis net dat hy op 'n keer die Wiese-kinders gedreig het. Maar Meraai het nie meer kans gesien om in haar huisie te bly nie en Mattewis moes toegee. Sy het dan haar intrek by oom Selons en tant Suffie een oggend kort voor tien gemaak. 'n Mens weet mos nie. Ou Kommie kan haar die skrik op die lyf jaag en dan . . . .

Swaer Selons was haar in daardie dae tot baie troos gewees. Sommer met haar intrap het hy die oggend gesê: „Sit, Meraai, sit, Sussie. Jy moes al eerder gekom het om 'n bietjie lewe in my ou bene te bring. Wat sal jy so alleen

daar in jou huis met jou siel onder jou arm en jou moeilikhede op jou skoot sit. Jy sal nog baie sederbome hê. 'n Mens gaan nie sommer dood nie. Suffie het sommer soveel gehad, maar dink jy dit het iets aan haar gemaak! Of aan my! Ek sal nog 'n vlermuis daar bo uit die dak skop. Kyk, so . . . . ," en oom Selons wil die daad by die woord voeg en beland so byna op die vloer.

„Te baie brood geknie," sê hy verskonend.

Meraai lag.

„Dis reg, Meraai. Kyk, as ek eendag oud is en baie siek, sal hulle nog nie van ou Selons Barnard ontslae wees nie."

„Selons!" roep tant Suffie.

„Ja, Suf, ou hart?"

„Moenie staan en kekkel nie. Die brood moet uit die oond."

„Keil jy jou ou man ook so op?" vra oom Selons en warts ewe haastig terug na die oonde.

Die dag toe dit gebeur het, het alles so kalm begin. Agterna kon Meraai sien hoe daar 'n bestiering in alles was, maar nou het sy niks vermoed nie. Oom Selons en tant Suffie het net opgestaan van hul dutjie en saam het hul met Meraai na haar huisie gestap om nog 'n ditjie en 'n datjie te gaan doen. Selons wou van Barney Lewinski weet of hy nou weer gesond is — sy onthou dit so goed — en Maatjie Visser het van die bo-dorp na die prensipaal se huis gestap. In die koelte van die peperbome op die hoek het hulle so 'n oomblik gerus en sy het nog vir Suffie na die bruin hen van haar ma gewys. Sy het mos 'n mode om die dorp vol te wei. Selons het gesê: „Kommie se deur is vandag toe." Ag, maar 'n mens dink mos nie aan dié dinge nie. Sy moes daar omgedraai en terug na Suffie se huis gestap het. Maar sy het dit nie gedoen nie. Dis koddig hoe 'n mens sulke ou klein dingetjies so goed onthou.

„Jul huisie is so lekker koel," het Suffie gesê en sy het geantwoord: „Dis die rietsolder, Sussie."

„Gesels julle vrouens maar jul stories. Ek gaan na die boompies in die agterplaas kyk," sê Selons toe.

Meraai wil maar alles vertel en net soos dit gebeur het.

Nou ja, hulle is toe kamer toe en Suffie het op die bed gaan sit.

„Hede, Meraai, dis 'n lekker matras," en Suffie ry so op en af op die bulsak.

„Dit was oorlede ouma s'n," vertel Meraai.

Sommer bly om weer 'n slag in hul huisie te wees. As sy in hul kas krap, kry sy die geur van goeie Sederbergtabak en toe gaan haar gedagtes na Mattewis. Haar gedagtes gaan maar altyd na Mattewis in die laaste tyd.

Dis so 'n wonderlike gedagte dat die ou kindjie hare en Mattewis s'n is. Dat Mattewis vader gaan wees, kan elke mens verstaan, want wat is daar wat goed genoeg vir haar man is? Die wonderwerk is dat sy 'n kindjie sal hê, 'n eie ou dingetjie wat aan haar selwers behoort en sy sal sy boudjies kan klop, sommerso speel-speel; ag, en sy sal vervas die luier nooit tussen sy beentjies bondel nie. As hy dan 'n vratjie of moesie moet hê, kan sy dit nou regtig waar nie verhelp nie, maar die baktrek van die bene is die doekie se skuld en dié kan sy verhelp.

Die houtswaan, dink Meraai. Dis vir haar of die houtswaan darem nog iewers is. Sy is eintlik bang om 'n klerekas of 'n deur oop te maak. Dis of hy sal sê: „Hier is ek, Meraai!" En toe voel sy ineens so skuldig. Mattewis sal mos nie vir haar lieg nie. Hy was altyd so trots op sy houtswaan en as hy sê daar is nie meer 'n houtswaan nie, dan is daar nie meer 'n houtswaan nie. Haar hart is sommer seer. Sy het Mattewis mos gewantrou.

„Hoekom huil jy, Meraai?" vra tant Suffie.

„Sommer oor Mattewis en omdat hy so 'n goeie man vir my is. Hier hang sy hemp en ek het vergeet om dit uit te was. 'n Mens wil mos maar altyd iets vir Mattewis doen al is dit ook net 'n koppie koffie skink en nou het ek vergeet om sy hemp uit te was."

„Wie stap hier in die huis, Meraai?" vra tant Suffie.

„Seker swaer Selons."

„Dis nie sy stap nie, Meraai."

Meraai vermoed nog niks nie. „Dis dan seker Mattewis," sê sy en stap haastig binne toe.

Meraai het net een gedagte en kan aan niks anders dink nie. Dis seker Mattewis wat hier is. Toe sy oom Kommie daar in die skemerhoekie sien sit, met die houtswaan op sy skoot, dink sy vervas dis nou die ou duiwel wat haar weer so plae, maar hierdie keer is dit hy en is dit die houtswaan. Sy gee een yslike skree wat oom Selons daar in die tuin in sy spore laat vassteek en tant Suffie op 'n drafstap voorkamer toe bring.

Hulle kry Meraai op die vloer en toe weet hulle hier moet haastig en gou gehandel word.

„Ek het net Mattewis se swaan vir hom gebring," sê ou Kommie met sy temerige stem.

Oom Selons tel die benerige Meraai op en dra haar na die slaapkamer.

„Gaan roep haar pa en ma!" beveel hy aan die verskrikte tant Suffie en voeg nog by: „Moenie daar staan en ‚hede' en ‚ai tog,' nie. Ons moet gou maak."

Tant Suffie sal dit nooit erken nie, maar sy was bly dat sy kon gaan en nie Selons nie. Sy kan nou vertel hoe Meraai op die vloer gelê het: „hede, die kind was so wit soos 'n laken en daar eenkant het ou Kommie gesit met die houtswaan op sy skoot." „Meraai het altyd geweet ou Kommie sal haar nog kwaad aandoen," prewel sy as sy by Sollie Lewinski se winkel verbystryk. 'n Haan en 'n paar henne spring uit haar pad en toe sien sy vir Ragie van ou Wiese.

„Gaan roep vir Mattewis by die stasie en sê vir hom sy vrou het flou geword en geval. Ou Kommie het haar die skrik op die lyf gejaag met daardie houtswaan wat hy moes begrawe het — ek meen Mattewis."

„Ek hardloop sommer nou, tant Suffie," sê Ragie.

„Sê vir hom Meraai lê by hul huisie. Ons het net vir 'n heen-en-weertjies soheentoe gegaan toe die ding gebeur."

„Wat sê jy?" vra Sollie Lewinski wat op sy winkelstoep uitgehardloop kom met sy enigste klerk, Malie Visser, kort op sy hakke.

„Ek kan nie vertoewe nie, Sollie. Meraai het 'n vreeslike ding oorgekom. Sy het vir Mattewis se swaan geskrik. Kommie het dit gebring, ag, en Mattewis is nie eers daar nie. Ag, as Meraai net nog lewe!" sê tant Suffie terwyl sy aanhardloop.

„Wat sê sy?" vra Malie wat goed gehoor het.

„Nee, Meraai lê op haar uiterste en net ou Kommie is by haar. Hy het Mattewis se houtswaan kom steel," vertel Sollie.

'n Halfuur later is net wat leef op Gonnakolk voor Mattewis en Meraai se huisie. Heel eerste het Wiese se meul gaan staan. Met 'n doef-doef-doef, doef-doef het hy die stilte oor Gonnakolk gebring. Daar in Mattewis se moestuin staan hulle rondom die houtswaan asof dié nou alles aan hulle kan vertel. Ou Barney Hekkies het sy wa se briek voor die huis aangedraai, sy lang sweep oor Saalman en Fleur se nekke gegooi en nader gestaan. Dis hy wat nou in die deur staan en die jongste verslae aan die ander gee.

„'n Kat!" skree hy. „Mattewis sê hulle wil nog 'n kat hê."

„'n Kat! Nog 'n kat!" gaan die versoek van die een na die ander.

Roepie, die prensipaal se seuntjie, weet waar om een te kry. Hy het een nou die dag op Sollie Lewinski se solder gesien. Nou ja, dan moet hy gou spring, beveel Wiese.

Daar in die huisie het oom Selons alles op sy skouers geneem. Mattewis, 'n mens kan nou nie iets van Mattewis verwag nie. Hy sit daar voor hul bed en het nog nie 'n woord gesê nie, kyk net na Meraai se gesig of hy dit net nie kan begryp nie. Maar oom Selons weet wat om sulke tye te maak. Hy het Mattewis verseker alles sal regkom, want dis gelukkig nog in Meraai se sewende maand. Hy wil net 'n warm katvel hê en dan 'n paar vars bolletjies, so vars as maar kan, en as hy dit onder Meraai se hart sit, sal alles vanaand verby wees.

So ná die derde katvel en vars bolletjies — dit móét vars wees — kon oom Selons sy hande vrywe en op die stoep verskyn.

„Leef sy nog, Selons?" wil ou Barney weet.

„Dis 'n welgeskape dogtertjie," antwoord oom Selons, die verloskundige, en toe bars die geselsery los.

So stryk van agtuur daardie aand sê Meraai saggies, maar jy kan dit darem duidelik hoor: „Mattewis."

Mattewis staan op en buk oor haar.

„Ja, liefling?" Hy noem haar nou sommer liefling.

„Karlien? Het . . . . het sy nie vratjies of moesies of goeters nie?" wil sy weet.

„Nee, liefling."

Hy glimlag en trek die deken tot oor haar skouers.

Maar sy wil nog iets sê. Sy wink hom met een maer vinger van haar rooi hand.

„Ek is jammer, Mattewis . . . . Jy was nie hier nie en . . . . ek het gedag dis die ou duiwel selwers wat daar sit en toe skrik ek groot . . . ."

„Sjuut, Meraai," sê hy liefdevol, hy wat nie eens met daardie groot hande van hom kan liefkoos nie.

Meraai kyk na sy twee arms en, ag ja, na die hare daarop wat die kleur van goeie heuning het, en toe glimlag sy tevrede.

Mattewis, die groot Mattewis, staan op, sit haar hand op die wit deken en stap op sy tone na die deur.

'n Sagte geroep van die katel se kant. Hy kom terug en buk oor Meraai.

„Waarheen gaan jy, Mattewis?" vra sy saggies.

„Net 'n ou werkie wat ek wil gaan doen, liefling."

„Jy sal nie ver weggaan nie, my Mattewis?"

„Nee, Meraai."

Sy glimlag en knik.

'n Rukkie later sien sy 'n gloed teen hul kamermuur en teen hul klerekas. Dis 'n dansende gloed. Toe weet sy Mattewis verbrand mos nou daardie houtswaan van hom en die gedagte bring 'n rus in haar gemoed. Toe kom die trane ook. Mattewis het haar seker baie-baie lief anders sal hy mos nie daardie swaan staan en verbrand nie. Sy kan dit nie begryp nie. Sy is net Meraai met twee moesies in die gesig,

twee lelike bakbene en twee rooi hande van al die naaldwerk en tog het Mattewis haar lief. Sy sal vir hom wag.

Toe hy die kamer binnekom, hou sy een maer hand na hom uit.

„Dankie, Mattewis. Die Liewenheer sal jou nog seën. Ek weet."

„Sjuut, Meraai. Moenie huil nie. Kyk, ek is by jou en die ou swaan is verbrand," sê Mattewis.

„Dis juistemint waarom ek so huil, Mattewis. Jy moet nooit van my weggaan nie."

„Ek sal nie, Meraai. Ek is bedags sommer naby jou. Die stasie is nie ver nie en Suffie sal bedags hier wees . . . ."

Sy sluit haar oë om beter na sy stem te luister. Ai, dis so goed om na sy stem te luister en te weet Mattewis is hier, haar Mattewis.

2

Liewe ~~Beste~~ Maans

Soetwater,
Sondag.

Liewe Maans,

Dis Sondagnamiddag en stil hier by ons op Soetwater. Jy sal nie kan glo hoe stil nie. Vanmiddag gaan ek jou vertel hoe ons ou dorpie, Soetwater, nou eintlik lyk.

Stel jou die vlaktewêreld van Laingsburg of Beaufort-Wes voor, die gelykte van die ou Karoo waar jy so ver kan sien en waar die koppies so 'n mooi patroon het. Die een lyk soos 'n niertjie, nog een soos 'n hond wat met sy kop op sy pote rus, 'n ander een soos oom Kootjie se wit merrie met 'n hol rug net reg vir die saal; en jy het 'n beeld van die koppies hier naby die dorpie. En daar na die weste, Maans, is 'n koppie wat die mense hier 'n berg noem. Hy is dof van kleur, sommer vaal, soggens voor die son opkom, blou, blou soos 'n blouselkoekie voor dit tienuur is en teen sononder se kant word hy 'n oranje-pers, of partykeer die kleur van jou pa se goeie tafelwyn.

Nou sê jy seker: Issie, my ou maat, is eensaam en sy verlang na die Boland. Miskien is ek, Maans. Ek het eers ook so gedink, maar nou na 'n maand wonder ek of dit so is. Hier is iets wat jy nie verlange of heimwee kan noem nie; dis sommer 'n innigheid en 'n kalmte wat jou laat sug en aan

die ewigheid laat dink. Maar ek wil jou mos vertel hoe Soetwater lyk.

Daar het jy nou die koppies. Soetwater is nie 'n spoggerige plekkie nie. Jy sal nie hier gelukkig wees nie. Ek dink nie so nie. Ek het my voorgestel ek sal ook nie wees nie, maar nou begin ek wonder.

Ons het nie 'n bioskoop nie, ook nie eens 'n ordentlike kafee nie. Wat hulle 'n kafee, of keffie, noem, is George Ulman se vrugtewinkeltjie. Die trein kom twee keer in 'n week op Soetwater aan, Dinsdae en Vrydae, en dan gaan net wat leef na George Ulman se keffie om piesangs te koop. Maar jy moet gou wees of jy kry nie. Ek is darem gelukkig. George hou glo van my, want as ek daar kom, haal hy my kardoes piesangs agter die kissie gedroogde perskes uit. 'n Mens moet vir George ken. Hy was vroeër boorman in die distrik, 'n blok van 'n man wie se jare jy nie kan skat nie. Hy praat nie, Maans; hy raas, kan 'n mens amper sê. En dan lag hy sommer so vir alles; vir sy eie sêgoed, oor die piesangs wat deesdae so klein is, oor die pryse, ag, en oor alles. Sy vrou, Hetta, is klein, maer en swart, rats in haar bewegings en sal eendag seker so oud word soos Soetwater se berg. Hulle het vier of vyf kinders, bloedjies wat inglip om haastig in 'n kis of blik te vroetel, en dan moet jy vir George Ulman tog net hoor. Hulle is veral lief vir die soutsnoek wat aan 'n tou bokant die enigste tafeltjie hang. Jy sal my nie glo nie, Maans. Ek en 'n seun van oom Gawie Diepwater het een middag daar koeldrank gedrink en toe ek opstaan, het my kop amper die hele stellasie soutsnoeke laat neerstort. George het weer lag-lag geraas of raas-raas gelag. Dis maar sy manier van praat. Eintlik was hy baie bly om my daar te hê.

Ek hou van George Ulman. En nou sal jy lag kry, Maans. Om te dink die Issie Lourens wat so maklik haar neus vir mans opgetrek het, hou van 'n eenvoudige siel soos George Ulman. A, maar, Maans, dis iets anders. George is so opreg. Hy hou van jou of hy hou nie van jou nie. In albei gevalle wys hy dit. Dis mos nie soos ons moderne mense maak

nie. Agter ons glimlag van welkom is haat of afsku of hoop op persoonlike wins. Nie met George nie.

Jy weet, Maans, die lis van die wêreld het nog nie eintlik op Soetwater sy intrek geneem nie. George het my nou die dag sy lewensgeskiedenis vertel. Hy het glo sy ouers baie vroeg verloor, vir 'n tydjie harde bene by 'n broer van hom gekou, toe jare by 'n boer veewagter gewees — hy kan nie genoeg van die goeie oom Hennie gesels nie — en toe boorman geword. Maar die boor het aljimmers vasgesit, of hulle het hom nie betaal nie, of die „boiler" het kerduks geraak. Ek weet nie wat 'n „boiler" is nie, maar dit het niks aan ons gesprek gemaak nie. Ek het geknik en hy het gelag-raas. Toe die ou boormasjien dan op 'n goeie dag die gees gegee het, het George Ulman dorp toe gekom en „hierdie keffie begin".

Op 'n goeie dag het hy my weer 'n uitleg van sy geloof gegee. Jy moet net jou naaste liefhê, sê George. Die man wat sy naaste nie liefhet nie, is 'n soort insekte — dit volgens George. Dis eers teen die einde van die gesprek dat ek agtergekom het wat 'n insekte nou eintlik is. Dis 'n sekte, Maans. Dis maklik, meen George, om twintig piesangs af te tel en daarvan is vier of vyf sleg. Maar dan, volgens hom, het jy jou naaste nie lief nie. As die Liewenheer dan die piesangs by hom laat sleg word het, wou Hy seker hê dit moet sy skade wees. Moes dit jou skade wees, was dit so maklik vir Hom om die piesangs by jou te laat sleg word. En dan lag die George Ulman dat jy letterlik sy kleintongetjie kan sien en hy beduie met sy groot hande. Intussen staan Hetta hier langs hom asof hy Salomo self is. Sy kyk gedurig na my, maar dis nou net om die patroon van die rok af te kyk. Solank George vertel, glip die bloedjies 'n paar keer in om 'n snoepery te jomps en dan, so onder die gesels, klap hy met sy groot hand na hul kop, maar ek het opgelet dat hy hul nooit tref nie.

En nou sal jy seker sê: „Wat het met Issie Lourens gebeur? Sy het mos sowaar die ongeslypte George

Ulman lief." Ek het, Maans, ek het. Nie die liefde wat 'n jong meisie vir 'n man het nie, maar die ander soort liefde. Weet jy, Maans, toe ek uit die Kaap weg is, het ek my naaste nie liefgehad nie. Maar Soetwater het my baie geleer en ek gaan jou in die volgende paar briewe probeer sê wat hy my geleer het. Ek is onrustig oor jou, Maans. Jy het so sinies geraak, so moeg van die ou lewe. Maar ek het in hierdie maand geleer al die mense is nie soos die klompie wat ons in die Kaap ken nie. Daar is ander mense ook — Soetwater se mense.

Agt bladsye, en ek is nog nie eens by die doel van my skrywe nie! Ek wou jou mos eintlik van Soetwater vertel het.

Twee van die kerkraadslede, hul vrouens en die presidente van hul A.C.V.V. het my op die stasie ingewag. Dis mos die Sosiale Werkster wat kom. Toe het ek gewens jy was ook daar om hulle te sien, want hulle het vir my, 'n Kaapse nooientjie, te komieklik gelyk. Mev. Janie Tulle het vir my soos 'n karakter uit een van Van Bruggen se boeke of soos een van die tannies uit ouma se album gelyk. Daar was die bolla, die swart hoedjie wat hoog bo-op die kop gesit het; 'n paar handskoene wat nou maar net nie by die sakkie gepas het nie en die rok so baie-baie lank.

„Ek hoop jy sal baie-baie gelukkig by ons wees, mej. Lourens," het sy gesê toe sy my hand vat en vervolg: „Ons is eenvoudige mense op Soetwater en jy moenie te veel van ons verwag nie. Dis oom Sarel Verwey. Vir hom móét jy ken. Ons hardloop maar almal na hom."

Toe wou ek net lag, Maans. Jy moet weet dié oom Sarel Verwey het seker nie baie lank skool gegaan nie alhoewel hy beskaaf probeer praat en aljimmers deur die mat val. Hy is skraal, baie blas en met 'n yslike bles. Maar hy het die helderste blou oë wat ek al gesien het.

„Moenie alles wat sy sê vir rondekoekies opeet nie. Dis eintlik na haar wat ons almal hardloop," sê hy, maar ek kan sien hoe trots en tevrede hy tog voel.

„Dis my swaer, Giel Opperman," sê oom Sarel.

'n Groot kêrel staan nader. Sy drie hare is lank en lê oor die bles gesmeer. Jy kan sien hoe senuweeagtig hy is. Hy kyk na die tannies, na oom Sarel, is nie seker of hy moet groet of net knik nie, maar besluit dan tog om hand te gee.

„Goeienmiddag," sê hy en verdwyn haastig terug in die groepie daar voor my.

Ons staan na die twee motors agter die stasiegeboue. Ek, mev. Tulle en mev. Opperman sal in Giel se motor ry.

„Giel, ry so dat ons vir mej. Lourens ons ou dorpie kan wys," versoek mev. Tulle.

Giel Opperman kyk om en glimlag senuweeagtig.

Ag, Maans, ek wens jy kon hom ook gesien het. Dis vir hom 'n vreeslike dag om die Maatskaplike Werkster by hom in die motor te hê. Kyk, ek kom mos van die Kaap!

Die aansitter hôiing, hôiing, hôiing 'n paar keer, maar nee, daar kom geen lewe in die doodsbeendere nie.

„Hy het nog nooit so gemaak nie," sê Giel Opperman en ek weet dis eintlik vir my ore bedoel.

Hôiing, hôiing, hôiing.

Niks gebeur nie.

„Trek die tjouk uit," sê sy vrou.

Dis haar eerste woorde sedert ons kennismaking.

Maar Giel antwoord nie.

Na 'n gesukkel van 'n kwartier laai ons my koffers oor in meneer Verwey se motor en toe kry ek Giel Opperman so uit my hart jammer. Sy lyf ruk amper as ek na hom kyk.

Maans, net 'n kort woordjie oor die dorpie. Later skryf ek meer oor die mense.

Soetwater lê in 'n baster kom. Sy ou deel lê sonop van die dorp en daar is die huisies vaal of rooi, maar almal het plat dakke. Daar is ook die tuishuisies, die rye kamers naby die Jodewinkels, huisies en kamers wat net met Nagmale en kerkraadsgeleenthede lewe ken. Hier en daar woon daar darem ook families, maar hulle is die arm mense van Soet-

water. Die ander en meer gegoede mense woon aan die sonsonderkant van die dorpie en hier is die strate breed en die erwe groot. Elke straat bestaan uit 'n vaal streep reg in die middel waar die mense ry, en twee breë stroke weerskante, maar daar kan jy nie ry of loop nie.

„Neurinski se winkel," beduie een van my gidse.

Die naam sê al genoeg, Maans.

Ek sien 'n breë klipstoep met sy skaal, graansakke, ploeë en sinkbaddens en bokant die deur: Algemene Handelaar en Koper van Produkten.

„Gysie se meul," sê een weer.

„Die Juffrou ken mos nie vir Gysie nie," antwoord Sarel Verwey en lag.

Dis wat hulle hul verbeel. Ek het darem ook ore aan my kop en uit „Gysie se meul" kon ek baie aflei. Gysie, dink ek, is 'n eenvoudige siel, miskien Christelik, maar nog agter by hierdie mense. Gysie is natuurlik opreg en baie eenvoudig met miskien 'n klap van die windmeul weg. Dis wat „Gysie se meul" vir my sê.

En ek was reg, Maans. Ek het hom 'n week later ontmoet.

„Ek hoef natuurlik nie te sê wat dit is nie," sê oom Sarel Verwey en hou stil. Dan vervolg hy: „Ons het hom 'n jaar gelede ingewy."

'n Wit ringmuur, Maans, en groot gronde. Die kweek begin al groei en die rose is vol in die bloei, rooies en wittes en geles. 'n Hoë stoep (noem 'n mens dit 'n stoep of treetjies?) en dan grysblou klipmure wat op en op gaan en op gaan tot jy die ou haan daar duskant die wolke gewaar.

Giel Opperman kom nou langs ons stilhou.

„Jy het toe reggekom?" vra oom Sarel.

„Ja, oom. Ek kan dit nie verstaan nie. Die motor het dit nog nooit gedoen nie. Het hy, Gesie? Maar dit moet nou net juis vanoggend gebeur," sê Giel.

Giel Opperman is rooi in die gesig en nat van die sweet.

Eenvoudige woorde sal jy sê, Maans, maar toe ken ek Giel Opperman en ek deel in sy teleurstelling. Hy kyk na my en as ek glimlag, word hy verbouereerd en begin peuter met die knoppies en goeters voor hom. Jy is 'n goeie siel, sê ek, jy is opreg en sal jou klere vir jou naaste gee.

Maans, die brief word darem nou te lank. Volgende week skryf ek weer. Ek het net 'n onhebbelike lus om jou van hierdie mense te vertel, miskien omdat ek onrustig oor jou is. Jy het jou geloof in jou naaste mos verloor.

Volgende week vertel ek jou dan meer van die mense hier.

Groete van
ISSIE.

Soetwater,
Maandagaand.

Liewe Maans,

Meer as veertien dae is al weer verby vandat ek laas aan jou geskryf het. Baie dankie ook vir jou brief. Jy lag en sê ek was maar altyd impulsief en gemoedelik. Wel, miskien is jy reg, want vanaand verlang ek so innig na die ou Boland. Kom haal my maar, Maans, en dan gaan ons met die De Waal-pad langs ry. Ek wil weer die liggies van ou Kaapstad— vriendelike ou dorpie — sien, die donkergrys streep voor my in die ligte gewaar en luister na die gesuig van die bande op die nat pad. Mostert se ou meul sal sy arms vir my wyd sprei en die hoë bome sal my onthou.

Dis soos ek vanaand voel.

Maar wag, miskien bring ek jou onder 'n verkeerde indruk. Moenie dink ek is nie gelukkig nie.

Vanaand wil ek jou so 'n ietsie van my huismoeder en haar dogter vertel. Ek loseer by 'n mev. Jurien. Sy was glo 'n nooi Botha en was eers met 'n Van Zyl getroud (sy portret hang in die gang, oorkant my kamer); toe met 'n Costa (sy beeltnis staan op die klavier in die voorkamer) en les bes met 'n Jurien, maar van hom het sy nie 'n vergroting

nie. Haar naam — dis nou mevrou Jurien — is Bella en haar dogter se doopnaam ken ek nie, maar tant Bella noem haar Dorothy, of Dot. Tant Bella, soos ons haar almal noem, is klein van persoon en patroon, het 'n koeëlronde gesig, 'n plat-plat neus met 'n ronde knop voor wat haar te komieklik laat lyk. En liewe land, kan sy gesels! Dit dreun en dreun en dre-e-eun in die huis tot jy mal kan word.

Tant Bella is baie bekommerd oor my toekoms. „Ons móét vir jou 'n kêrel kry, juffrou, ene wat geld het. Ek sê altyd: ‚Geld, jy is nou 'n dooi ding, maar ai, geld, jy is 'n lekker ding.' Maar jy en Dot sal seker nie eendag hond haar-af maak nie. Dot is nes jy. 'n Mens moet 'n kans nie laat verbygaan nie. Maar Dot dink mos 'n mens kan handjies gevou sit en dan sal die kêrels vanself kom. Dan sê ek maar weer: ‚Dot, Dot, Dot. Dink kind dan Lappies van Zyl sou van my notisie geneem het as ek hom nie 'n bietjie aanmoediging gegee het nie?' 'n Kêrel is 'n bang ding. Lappies was so. Ek was vir hom op 'n perrestil en toe moes ek maar net mooitjies van die perrestil afklim."

Maans, en toe kyk ek mos 'n slag mooi na Lappies van Zyl. 'n Bleek, smal gesiggie en 'n lang nek, die Lappies van Zyl. Maar tant Bella is nog steeds aan gesels.

„Dan sê ek: ‚Hede, Dot, soek tog vir jou 'n man wat nie baie praat nie. Hulle is nou nie so slim nie en jy sal meer as een dag sê hulle is ook maar net gemaak en so laat staan, maar jy kan hulle na jou hand leer.' Dié wat so baie praat, stap ook maar op straat rond om geselskap te soek. 'n Man wil geselskap hê. My mans, daar was drie van hulle, kon nooit van geselskap klae nie. Ek was hulle geselskap. En dis die fout wat jy en Dot maak. Julle is gans te stil . . . ."

Dan skree Dot 'n slag uit haar kamer: „Ag, Ma, bly tog stil. Wie sê juffrou Lourens het nie 'n kêrel nie?"

„Sy het nie 'n kêrel nie en ons moet vir haar een kry. Klasie van oom Gawie Diepwater is nie te onaardig nie. Hy hakkel nou wil, maar dit is eintlik wat jy wil hê. Jy kan so maklik dan 'n woordjie inkry as hy die slag praat. Ek

wens George Costa het gehakkel. George was wel ter tale. Ek het gesien dat hulle hom vra om 'n spiets te maak en dan gaan hy staan op sy twee groot voete en dan kan jy maar luister. Hy het nooit na 'n woord gesoek nie. En sommer daar uit die spiets kan hulle sê: ‚Sing, George, sing', en dan kan jy weer luister. Ag ja, ek het ook nie aldae mooi met Georgie gewerk nie."

Sy skep asem en ek sien dis nou my kans. „Dot is seker sy kind."

„Nee, sy is nie. Dis nou weer 'n ander ding en dit vertel ek jou 'n ander dag. Ag nee, George het te kort gelewe. 'n Muil het hom doodgeskop op 'n perdevendusie. Net die vorige aand het hy nog op oom Gawie se huwelik gepraat — jy weet oom Gawie was twee keer getroud — dit was die tweede huwelik en ag, ek onthou dit soos die dag van gister. Dit bly maar net: ‚George, sing vir ons, George.' Ag ja. Hy was my mooiste man."

Sy sluk 'n slag.

„Ma, juffrou Lourens wil nog uitgaan," skree Dot uit haar kamer.

Toe val tant Bella met mening weg. „Ag, ek het nog gerou, dit was in my tiende maand. My mans kan nie een klae nie. Ek het vir almal twaalf maande gerou. Nou ja, dit was in my tiende maand en ek het al wit by die swart gedra, toe kom hier mos so 'n oulike wewenaar na Soetwater, 'n retaaier skaap-inspekter. ‚Wie is die mooi wedevrou?' vra hy vir Soes van Sarel en reken sy weet toe sommer dis ek. ‚Maar ek moet haar bydam. Sy kan nie so gus rondloop nie,' sê hy, seker omdat hy so baie met skape gewerk het. Ek sê toe vir Soes van Sarel: ‚Sê jy vir daardie wewenaar nie voor my twaalf maande vol is nie en daar is nog een maand en sewentien dae oor.' En raai, reken, my twaalf maande was net mooi vol, toe klop hier mos iemand een aand aan my deur. Gelukkig was ek aangetrek. Ek dink toe: ‚Hede, Bella, wie kan dit wees?' Maar dis al of een vir my sê dis seker die oulike wewenaar, en dit was toe ook hy . . . ."

En so hou sy aan en aan, Maans, en ek staan op een beentjie om weg te kom.

Ag, Maans, 'n paar maande gelede sou ek die spot met hierdie mense gedryf het, maar nou kan ek nie. Sy is so besorg oor my. Daar is geen opoffering te groot vir haar nie. Om vir jou van hulle te skryf, is amper vir my heiligskennis, maar ek doen dit om vir jou te wys daar is nog opregte mense in die lewe.

Ek hou nogal van Dot. Onder daardie kors van poeier, gesigsroom en rooisel, sit 'n goeie hart. Sy is ook klein soos tant Bella, help haar ma in die huis, en so stryk van halfdrie in die namiddag vat sy haar uit en dan wag sy, wag sy vir een van die seuns van oom Gawie Diepwater wat ook nooit sy verskyning maak nie. Sy het ook die ronde gesiggie soos dié van tant Bella en die plat neus en twee groot oë wat sy gedurig aan die rek is. So sit sy dag vir dag en teen die aand se kant word sy iesegrimmig, snou haar ma liefdelose dinge toe en gaan dan bed toe. Ja, Maans, die vrou is darem maar bedoel om deur iemand bemin te word en ek kry haar uit my hart jammer. Soms moet ek lag kry. Haar kop is soggens so vol krulpenne en bandjies en haar hart so vol hoop, die Dot van Zyl of Dot Jurien.

As 'n broek by die deur inkom — dit kan ook maar net die arme oom Gawie Diepwater s'n wees — dan gil sy en storm in die gang af na haar kamer om haar te gaan regmaak. Nes 'n pop lyk sy. Sy vertel my oom Gawie Diepwater was op 'n keer so lastig. Nou moet jy onthou oom Gawie het al twee vrouens gehad en is seker al tagtig. Maar as sy daarvan vertel, dan blink die oë én haar gesig, en die hart seker ook. Ons meisies het darem maar daardie groot verlange in ons hart na *Prince Charming*, nè, Maans? Ongelukkig weet julle dit ook. Nou wonder ek of haar *Prince Charming* eendag sal kom en wie dit sal wees. Hier is so min kêrels op Soetwater. Dis feitlik net oom Gawie Diepwater se drie seuns en hulle is almal op die plaas.

Ek wil jou tog vertel. Aan jou brief is dit vir my duidelik jy en ek het verwyder geraak van mekaar. Ek verstaan jou

nog, maar jy verstaan my nie meer nie. Wat het dan met my gebeur? Dit het hier op Soetwater gebeur en ek dink ons Sondae het daar baie mee te doen. Wil jy van hulle hoor?

Ons Sondae: Ai, 'n mens moet in die Groot-Karoo wees om te begryp wat Sondae tog kan wees. Jy skrik wakker en 'n nuwe son skyn by jou kamervenster in. Dit is so. Die songloed in jou kamer is anders as ander dae. En daardie wonderlike stilte. Vanuit my kamervenster kan ek twee van Soetwater se koppies sien en dis of iets hulle in die nag skoon gewas het. Hulle lyk verder en dynseriger en inniger. Net 'n japtrap van ons huis af lê die pastorie en daar is dit nog so stil. Dis 'n groot huis met 'n sonkamer voor, dominee se studeerkamer, 'n breë stoep en die bruin voordeur. Agter daardie deur lê die lang, breë gang en as jy daar is, kry jy altyd die ruik van vars groente en vrugte. Of is dit die ruik van vars brood en groente? Ek weet nie. Silvia sal ook iewers wees. Silvia is die gesette Kleurlingvrou. Daar sal 'n geklingel van koppies wees en die trippe-trap, trippe-trap van kaal voetjies op die olietapyt. Ek weet. Ek was al daar vir 'n naweek.

So stryk van agtuur sal die koeie die straat afluier, want hier is geen haas nie en dis Sondag. Miskien bulk hulle, en die son sal die hare anders vang en jy sien hul oë wat vir jou sê dis Sondag, Sondag op Soetwater. 'n Kaalvoetklonkie met 'n sweep, die gekraak van die koeie se stewels en bo hulle die goeie son, Maans. Dis vir jou of alles laasnag gewas is in die goedheid van ons Liewenheer.

Die toring is vanmôre ook hoër en die kerk wag; dis kompleet of hy wag op iets. Vir my was die kerk in 'n stad nog nooit 'n kerk nie. Jy moet hiernatoe kom, Maans, om te weet wat ek bedoel. Dis nie 'n gebou van klip en sink nie, maar 'n wese wat jou armoede en ellende ken en as die koster (oom Sampie Geyer) die deure oopgooi, is dit kompleet of arms na jou uitgestrek word.

Ek glimlag as die eerste gelui lui. Nou was almal hulle op Soetwater; selfs oom Gawie Diepwater en George Ulman

ook. (Jy onthou mos nog dat hy die enigste keffie op Soetwater het.) Netnou sal jy die kindertjies in die straat sien, die seuns met wit hemde en donker pakke en die dogtertjies met wit rokkies. Tewes en Maansie van George Ulman dra hoogrygskoene, stywe boordjies en beffies, en Soepie, sy dogtertjie, het so 'n oulike ligblou rokkie wat alewig van voor opwip omdat die tamboer so effens groot is.

Sommerso kort op die hakke van die tweede gelui kom die eerste kerkgangers. Dis tant Jaatjie en tant Naatjie Oberholser, twee oujongnooiens van Soetwater. Ek weet nie wie vir wie oppas nie, want tant Jaatjie is al so baie oud en tant Naatjie is mank, glo 'n kwelling wat sy van sinkingkoors oorgehou het — miskien was dit ook kinderverlamming. Hulle kom van die onderdorp, die deel waar die arm mense woon, waar jy Maandae so 'n bonte verskeidenheid van onderklere en nagjurke aan die drade sien hang. Staan-staan kom die twee. Jy kan die gebrom van hul geselsery op die liewe Sondag hoor.

Tant Jaatjie en tant Naatjie is nog nie eens by die kerk nie of Sampie Geyer gaan op die voorste treetjies plek inneem. O, hy groet die mense so graag. Hy is maar kort van patroon, die Sampie Geyer. Die manel sal vir 'n langer man ook pas, amper groot genoeg vir sy swaer, Giel Opperman, en laat ek nou vir jou sê Giel is 'n lang kêrel. Daar wag hy dan. Kort-kort is iemand by hom vir kleingeld en dan vroetel hy in sy verslete onderbaadjiesak na die kleingeld. „Jy moes dit Saterdag gekry het," vermaan hy, maar volgende Sondag is dit maar weer die symste.

Ons gaan binne; ek bedoel tant Bella, Dorothy en ek. Ons sit net agter tant Jaatjie en tant Naatjie. O, op Soetwater het elkeen sy plekkie, en al is die kerk halfpad leeg, sal die wat daar is, sit waar hy gewoonlik sit. Voorverlede week en Sondag was ons net agtien mense in die kerk en jy kon ons in al die hoeke van die gebou kry. Nou ja, ons sit dan agter tant Jaatjie en tant Naatjie. Oom Sarel Verwey se gesin — vrou, twee dogters en 'n seun — sit in die regtervleuel net

waar die gekleurde vensterruite se lig val. Nou moet jy onthou — as ek nog nie gesê het nie — dat tant Alie Verwey 'n bors soos 'n posduif het en nou moet die gekleurde lig vol op haar val! Haar hele gesig is met 'n sagte dons oortrek, maar moet haar nie aan haar uiterlike oordeel nie. Die tweetjies langs haar wat soos jong posduiwe lyk, is Willa en Kinta.

Oorkant hulle in die ander vleuel sit oom Jaap Kannemeyer en sy gesin. Die eerste Sondag het ek gedink dis die skoolkoshuis se kinders, so baie is hulle. Daar is elf bloedjies — dit kan ook dertien wees, want twee van hulle druk gewoonlik die orrelblaasbalk en die ander is so woelig dat g'n mens hulle kan tel nie. Oom Jaap — nog nie 'n ou man nie — hou sy kop almelewe skeef en jy moet hom tog sien as hy sing. Sy kop kap gedurig boontoe met elke noot. Hulle vertel my hy is tog nou so ontevrede omdat hy nie as ouderling gekies is nie.

So het elkeen van ons sy ou plekkie in die kerkgebou.

Jy ken Soetwater darem nog nie heeltemal as jy ds. Ben Lotriet nog nie ken nie. Ek wonder of hy ooit 'n beroep na elders sal kry. Nie ds. Ben Lotriet nie. Die man sal hom nooit self adverteer nie, is klein van persoon, kort en dik, en baie blas van kleur. Seker ook nie baie skrander nie. Merendeels sukkel hy om die teks aan jou uit te lê en baiekeer gaan ek huis toe en voel hy het vandag niks uitgerig nie. En tog, Maans, hou ek van hom. Daar is geen kwaad in hom nie en hy voel tog so ongemaklik in jou geselskap. Ek dink hy sal nie 'n muggie kwaad aandoen nie. Maar, Maans, hy kry seker nie 'n groot salaris nie en sy mense is glo maar arm. Hy is so bewus van die verslete pak wat hy soms aanhet en dan lig hy sy hoed hoër as hy my op straat raakloop en maak dat hy haastig iewers verdwyn. Sy vroutjie lyk ook vir my so afgerem en verbete, so of sy die hele gemeente se sorge op haar skouers het.

Soetwater het darem nog niks agtergekom nie en daaroor is ek so bly. Dis vir my al of hy dink: eendag sal hier mense

kom wat meer weet en dan vind hulle my uit. Soos 'n weggooi-hond kyk hy mense in die oë. Hy hou van my, miskien omdat ek graag by sy vroutjie kom en nooit laat merk dat ek weet nie. Ek sien darem hy wonder baie dae of ek sy preke nie swak vind nie. Arme Ben Lotriet . . . .

Dan is daar ons orreliste, Susara Deetlef, oom Kootjie Deetlef se dogter. Daar is Sondae wat sy al 'n regte noot gedruk het, maar merendeels kuier sy sommer so op die verkeerde klawers. Sy het my darem al vertel by wie sy almal orrellesse geneem het — ek ken nie een van die name nie — maar sy sê dit of hulle by almal bekend moet wees. Daar was al moeilikheid omdat 'n kerkraadslid glo iemand anders as orreliste wou hê, maar Susara het gesê: „Net oor my dooie liggaam."

Dis ons, Maans, ons van Soetwater. Jy wil in jou laaste brief weet hoe ek dit op so 'n plekkie uithou. Ek wens jy was gister saam met my in die kerk. Ons was almal weer daar — nie baie mense nie — maar almal. Dit was so 'n salige dag. Die son het heerlik geskyn en tog was daar 'n koelte in die lug. Was jy al in 'n leë kerk op 'n klein afgeleë plekkie, Maans? So het dit vir my gevoel. Daar was 'n groot stilte solank ons vir die derde gelui gewag het en daar kon net sowel geen sterfling in die gebou gewees het nie. Toe begin Susara skielik speel. Sy is so trots dat sy die enigste een op Soetwater is wat die groot orrel kan bespeel. Sy is kort en moet aljimmers van die bankie gly om die voet-klawers by te kom. Maar sy krul met die lyf, pluk 'n paar stootklampe oop of stoot ander toe en woon sommerso op die verkeerde klawers. In die stad sou dit my vreeslik gehinder het of straks sou Issie Lourens gelag het, maar nie hier op Soetwater nie. Moenie vir my vra waarom nie. Ek het skielik geleer om te begryp en te vergewe. Vanoggend sê ek vir Susara: „Dankie, Susara, dat jy gister ‚Reeds wyk die naglikduister' vir ons gespeel het. Dit het my so aan my kinderdae herinner."

Toe sê sy: „Ag, ou kinta, sê dit tog vir ou Janie Tulle en haar man. Hulle wil my mos nie hier hê nie en dit net

omdat daardie nefie van hulle een nag langs 'n orrelis geslaap het en hom verbeel hy kan die orrel speel. Willem Delport kon altyd die stuipe kry as ek speel. Hy sê ek sit so baie gevoel in my speel. En jy weet hy is 'n goeie musiekonderwyser en jy ken hom natuurlik. Dit sal help as jy dit vir tant Janie-hulle sê: Jy het sommer baie invloed by die mense. Jy sal die mense nog leer ken, Issie. Jaloers! Moenie praat nie. Tant Jaatjie en tant Naatjie wag elke Sondag vir my langs die kerk om my te bedank vir my speel en nou sê jy dit ook weer. Ag, as daar tog maar net meer vriendelikheid in die wêreld gewees het, hoeveel beter sou ek nie kon speel nie!"

Toe, Maans, was daar trane in haar oë gewees.

Ek kry Susara Deetlef jammer omdat sy een van die eensames op Soetwater is. O, sy neem ander mense se gevoelens nie in ag nie, stuit nie eens vir die duiwel nie, maar ek het haar geheim geraai. Susara is baie eensaam.

Ek wou jou die atmosfeer van een van ons dienste bring en nou sien ek die hele brief is net oor Soetwater se mense. 'n Ander dag miskien. Van een dingetjie wat gister in die kerk gebeur het, wil ek jou darem vertel. Ek het mos gesê ons sit altyd agter tant Jaatjie en tant Naatjie. Dominee gee toe 'n psalm op en ons sing, en weet jy wat sien ek toe mooi! Onder die sing rol die trane oor die gebreklike tant Naatjie se gesig. Sy sing ook, ja, maar die trane straal van haar wange af en tant Jaatjie sit haar hand liefdevol op tant Naatjie se hand. En weet jy wat het ons gesing? „God het ek lief, want die getroue Heer hoor na my stem, my smekinge," of woorde wat naasteby so gaan.

Wat is tant Naatjie se droefheid en verlange, haar vertroue en liefde en gebede? Wat, Maans?

Tot volgende week dan, Maans.

ISSIE.

Soetwater,
Woensdag.

Maans,

Hierdie grap moet ek jou tog vertel. Die hele dorp spot my daarmee, en hulle weet nog nie eens die helfte nie. Ek het ook nou 'n kêrel hier, Maans. Laat ek jou vertel.

Een van Soetwater se wonderwerke is oom Gawie Diepwater. Sy van is eintlik Jordaan, maar almal noem hom Diepwater, oom Gawie Diepwater. Ek sal probeer om jou 'n beskrywing van hom te gee.

Oom Gawie Diepwater is al oud — ek skat so tagtig — maar geen mens sal hom daarvoor aansien nie. Hy en 'n ongetroude dogter van hom woon laer af in ons straat in 'n klein platdakhuisie wat nog 'n bakoond het. Daar lê, kan 'n mens sê, 'n hele halwe oes boerpampoene op sy huis se dak. Oom Gawie is rietskraal en nog regop en het 'n Smutsbaardjie. Soggens as ek na my kantoortjie gaan, kry ek hom gereeld in die son langs die bakoond sit. Hier op Soetwater groet ons almal mekaar — 'n baie mooi gewoonte vir my. Sommer vanaf die eerste dag het ek hom gegroet, maar toe was dit nog nie sy gewoonte om daar langs die bakoond te sit nie. Op 'n môre — ag, dit was so twee weke gelede — het hy toe ek aankom, na die draad gestaan om met my te gesels. Ek sal die gesprek getrou probeer weergee.

„Môre, oom Gawie," sê ek vriendelik.

„Môre, nooientjie."

Ek stap verby.

„Wat is jou haas, nooientjie? Dit sal mos nie sonde wees om met 'n ou man te gesels nie," sê hy en daar is so 'n ondeunde laggie in sy oë.

„Glad nie, oom Gawie. Waaroor wil oom gesels?" vra ek en gaan ook by die draad staan. (Moet nou nie lag nie, Maans. Onthou dis Soetwater en nie Kaapstad nie.)

„Sommer oor baie dinge, ou kinta. Is jy verloof?"

„Nee, oom Gawie!"

„Darem tog seker 'n kêrel," sê hy.

„Ook nie, oom Gawie."

„Nou wat makeer die kêrels dan? Allemintag, hoor nou vir my. Ek moes nie vandag jonk gewees het nie. My hart is darem nog jonk, nooientjie, en my litte is nog los. Kyk, ek sal jou wys," sê oom Gawie.

En, Maans, daar wys hy toe ook vir my, daar waar almal hom kan sien. Oom Gawie Diepwater strek sy arms regop in die lug, buig af en sit so waarlik waar sy hande plat op Soetwater se grond, erf nommer 65, neer. Ek hoor iemand agter my giggel, maar wil nie omkyk nie. Teen hierdie tyd lyk ek soos 'n rooibeet.

„Dink jy hier is iemand van dertig of wellig twintig wat dit kan doen, ou kinta?" vra hy met 'n skelm laggie.

„Ek weet nie, oom."

„Nie een nie. Hoor hier, dink jy ek is báie oud?" wil hy weet.

„Ek het nog nie eintlik daaraan gedink nie, oom," antwoord ek.

„Dan moet jy begin. Ek het jou nog nie alles gewys nie. Het jy al die askoek gesien? Kyk hier."

Ek voel of ek in die aarde kan sink, maar wat kan ek maak? Ek staan of iemand my aan die draad vasgemaak het.

Oom Gawie trek sy broekspype so effens op en steier-stap hierso agter die draad. Dit begin eers stemmig, net sulke passies en 'n stamp van die voet, maar gaandeweg word die passies meer gejaag en sal hy daar op die draai so 'n slag in die lug spring. Kotie van Deventer en Maria Strauss wat by ou Nolski in die winkel werk, het nou ook bygekom.

„Wat makeer die ou?" vra Kotie nuuskierig.

„Dis die askoek," fluister ek.

„Sal sy hart dit hou?" wil Maria weet. Sy het 'n hyglip en praat so deur die neus.

Dis wat ek ook wou weet. Maans, voor my oë gebeur 'n wonderwerk. Oom Gawie Diepwater steier rond soos 'n jong os, nie van sy hart nie, maar van pure plesierigheid, spring in die lug en kap dan sy hakskene teen mekaar.

„Waag oom Gawie nie te baie nie? Kan dit dan goed wees vir 'n mens se hart?" vra ek onrustig.

Hy veeg die sweet met 'n pers sakdoek van sy gesig af en kom by my staan, nog aan die ander kant van die draad.

„Hart!" roep hy verontwaardig uit. „Ek het nie so 'n ding nie."

Kotie en Maria het 'n rukkie gelede reeds geloop en hou ons nou van die winkelstoep dop.

Oom Gawie laat sy stem sak.

„Nie sleg vir 'n man van tagtig nie, hm? Wat sê jy, kinta, dis nie sleg vir 'n man van tagtig nie? Tagtig! Ek sal nog honderd haal."

En, Maans, solank hy gesels het, het sy hand so stadig op die draad langs nader gekruip en skielik sit hy dit op my hand neer.

„Nee, oom Gawie," sê ek verontwaardig.

Ek weet nie of ek gehardloop het nie, maar ek het gesorg dat ek wegkom.

Ek hoor Kotie en Maria lag.

So het dit begin, Maans.

Die anderdagmôre het ek nie weer dieselfde paadjie gestap nie. Toe ek by ons huis uitkom, gewaar ek hom reeds op sy erf, maar kop onderstebo stap ek 'n ander koers. Oom Gawie Diepwater is in my oë 'n gevaarlike man.

Vir twee dae het dit goed gegaan in soverre dat ek oom Gawie net altyd misgeloop het. O ja, hy was sommer die volgende dag by my kantoor, maar ek was daardie dag nie daar nie. Maar die derde dag kyk ek 'n slag op en hier staan oom Gawie in my deur.

„Môre, môre, môre!" sê oom Gawie en ek besluit om my ongeërg te hou.

„Môre, oom Gawie. Oom het seker oor Bessie gekom?" wil ek weet.

„Bessie? Goeiste nee, sy weet nie ek is hier nie. En hoe lyk hierdie pak vir jou?" vra hy.

Hy gaan voor my staan, strek sy arms sydelings en tol 'n paar keer in die rondte voor my.

„Die beste pak klere in ou Nolski se winkel. Glad nie onaardig nie, nè?" sê hy spoggerig.

Oom Gawie kom 'n slag vertroulik nader.

„Hy wou £8 17s. 6d. daarvoor hê, maar ek het hom tog vir £7 10s. gekry. 'n Mens betaal nie sommer wat hy daarvoor wil hê nie."

Die pak klere wat oom Gawie so mee spog, is 'n ligte grys ene, jare te jonk vir hom. Maar dis nie al nie. Die pak is vir 'n groter man as hy bedoel; dit trek hier bak en hang daar sak. Ek sal nou nie sê hy kon daarin versuip nie, maar oom Gawie het tog te komieklik gelyk.

„Voel net die mitterjaal," beveel hy.

Ek moes voel.

„En nou wonder jy seker waarom ikke die pak gekoop het? Jy sal nie meer lank wonder nie."

Hy wil my wang knyp, maar ek is so rats soos 'n kat en glip agter die lessenaar uit.

„Oom Gawie . . . ."

„Moet niks sê nie, kinta, nie voor ek eers gepraat het nie. Jy weet natuurlik nie van die sterk water wat ek op die plaas het nie en die volop groente. My Elbertas is sulke goed en die Royal-appelkose lyk soos jou wangetjies. Natuurlik, ons sal nie op die plaas woon nie. Ek sal ook nooit droom om iemand in my tuishuisie te bring nie. Ek sal 'n ander een koop. Ek sê al 't melewe daar is niks te goed vir 'n vrou nie. My vrou hoef ook nie te werk nie. Daarvoor is Bessie daar. My vrouens het almal lekker dae gehad en

dan moet jy onthou 'n man word al beter vir sy vrou hoe ouer hy word. Hoe lyk dit, kinta?"

Ek staan verslae. Om te sê my asem is skoon weg, is seker maar die halwe waarheid.

Hy kom nader.

„Is dit ‚ja', kinta?"

Toe raak my tong skielik los.

„Oom Gawie, hoe kan oom ooit van so iets droom? Oom is 'n ou man en ek 'n kind . . . ."

„Ek was miskien te haastig. Miskien het ek jou nie genoeg vertel nie. Ek sal 'n sommetjie sommer dadelik op jou naam laat sit. 'n Vrou het altyd iets nodig. As dit nie 'n sakdoekie is nie, dan is dit 'n paar handskoene of miskien kerkstewels. En jy hoef jou hande nie in koue water te steek nie. Ek het 'n nuwe stofie."

Toe lag ek, Maans. 'n Mens kan vir oom Gawie nie kwaad word nie. Hy is so 'n eenvoudige siel. Ek wou natuurlik nie lag nie, maar toe hy van die nuwe stofie praat, kon ek dit nie help nie.

Hy staan so effens verleë vir 'n tydjie, maar toe skep hy weer moed, waarom weet ek nie.

„Kinta, jy moenie aan die tagtig jare dink nie, dink net aan die lekker dag wat jy sal hê. Hier moet jy jou handjies staan en stukkend werk en daar by my hoef jy niks te doen nie. Ons het vir Bessie. Waarom sal jy vir die A.C.V.V. werk as jy jou eie baas kan wees — en by my sal jy jou eie baas wees. Ons lê soggens laat; Bessie bring vir ons kos kamer toe en dan staan ons gedoriewaar op net wanneer jy sê. Jy sal een van Soetwater se ryk vrouens wees, nog ryker as ou Janie Tulle. Om die waarheid te sê, jy kan self voorsitster van die A.C.V.V. wees, want hulle gaan nie meer baie van ou Janie Tulle verdra nie. En hier het ek vir jou 'n kardoesie lekkers," sluit hy af.

Ek sien nou ek kan niks aan oom Gawie se verstand bring nie en besluit om sommer kortaf met hom te wees.

„Ek is baie besig vanmôre, oom, en oom moet nou gaan. En sit die ander ding uit oom se kop. Oom mors oom se tyd. Hier is oom se lekkers ook."

Hy kyk my aan of hy dit nou maar net nie kan glo nie.

„Ons sien mekaar weer, ou kinta," sê hy en staan deur se kant toe.

„Dan beledig ek oom sowaar. Ek was geduldig en beleef sover, maar as oom nie Afrikaans kan verstaan nie, sal ek onbeskof moet wees."

By die deur draal hy nog so effens.

„Ek stuur vir jou 'n paar beesbiltonge, kindjie. Gooi dit maar weg as jy dit nie wil hê nie, kinta. Ek stuur dit sommer saam met Bessie van my. Tot siens."

„Oom het jou lekkers vergeet!" roep ek agterna.

„Hou dit maar, kinta, hou dit maar," antwoord hy en stap die straat af asof niks gebeur het nie.

Jy sal seker raai, Maans. Dit was pepermintjies en van die goeie soort met die drie kruisies.

Dit was die einde van oom Gawie Soetwater se romanse. Hy is 'n ou jintelman en het my nie weer lastig geval nie. Bessie het die beesbiltonge gebring, drie van die mooiste wat ek al gesien het, en nou terwyl ek skryf, lê een van hulle en die knipmes langs my. Die knipmes het hy my ook gestuur, 'n swarthef met 'n breë lem en so skerp soos die joos.

Hou moed, Maans, ek sal darem nie al die Kaapse gewoontes afleer nie. Oor 'n week skryf ek weer.

Groete van

ISSIE.

NS. — Oom Gawie, die ou jintelman, en ek is weer goeie vriende. Ons maak maar of niks gebeur het nie. Hy gaan vir my môre die hotnotsriel wys. Dorothy sê ons het glo al almal 'n beurt gehad en nou lê oom Gawie weer aan by Kotie van Deventer wat by ou Nolski in die winkel werk. Dit kan wees — hy het my gisteroggend die naam van 'n goeie soort reukwater gevra.

Soetwater,

Sondagaand.

Maans,

Ek wonder baie dae of jy ooit my briewe darem lees. 'n Jaar gelede sou ek geen belang in sulke mense soos hulle van Soetwater gestel het nie, en daarom sal ek jou nie kwalik neem as jy ou Issie se briewe nie meer lees nie. Miskien lees jy dit straks vir Driesie en Abram voor as julle smiddags na werk jul biertjie drink. Dit maak ook nie saak nie. Ek het net 'n onhebbelike begeerte om aan jou hierdie dinge te skryf. Waarom moet hierdie mense, Soetwater se mense, verdwyn? Waarom, Maans? En hulle sal verdwyn. Vyftig myl hiervandaan op Spitskop is die mense al heeltemal modern en ek hou tog nie van ons goeie ou plattelandse siele as hulle so modern geword het nie.

Waarom nie? sal jy vra. Gaan saam met my na tant Jaatjie en tant Naatjie se huis en jy sal miskien verstaan. Ek was Saterdagnamiddag daar. Kom gaan saam met my.

Maans, dis ons hoofstraat omdat die kerk aan sy bopunt is, en as ons nou oor hierdie maanhaar stap, kry ons Nolski se motorhawe — „gheraats", noem ons dit — en onderkant hom, maar op links, die Soetwater Hotel. Dié behoort weer aan Nolski se seun. Net 'n japtrap verder, nog dieselfde straat, het ons op die hoek oom Gawie Diepwater se erf en aan die oorkant Nolski se winkel.

Maans, jy stap te vinnig. Hier slenter ons. Kan jy hierdie gebou sien? Kyk hoe bruin het die sement geword. Dis omdat die volkies hier teen die muur staan, staan asof ons nog 'n eeu het om te lewe. Dis 'n adamsvyeboom, Maans, en ons is seker die enigste dorpie wat 'n klompie adamsvyebome in die strate het. Op hierdie hoek sien jy Neurinski se winkel en oorkant hom Die Goeie Hoop Losieshuis met sy groen veranda en rooi hortjies. Die buitekamer hier voor ons is George Ulman se keffie en aan die keffie is twee kamers wat George in gebruik het. En daardie kiste is George se

piesangkratte. Kom ons stap aan. Neurinski se bottelstoor, die koster se huis. Ons sal nog eendag instap, maar vandag is ons gans te haastig.

Ouderling Sarel Verwey se huis. Die hortjies is altyd styf toe om die huis koel te hou. Ek het nog selde by 'n huis gekom wat my so aan die dood laat dink soos hierdie een. Miskien is dit omdat oom Sarel se kinders al uit die huis is.

Die vloere blink altyd, die meubels laat 'n mens aan geeste dink wat baie in die vaevuur ly en op hul verlossing wag.

Merk jy die verandering op? Die huise word nou skielik kleiner, ons gaan nie weer 'n staandak kry nie en jimmers sal jy net rooi baksteenhuise sien. Elkeen het sy groentetuintjie en op elke erf staan 'n paar vrugtebome. Let op die groen balies met die malvas op die stoep; priële, Maans, en daardie is duiwehokke op die dak. Kromnek-pampoene en kafferwaatlemoene vir die winter; ou Mankie van Deventer se donkies, die kruis van die dorp.

En hier is ons by tant Jaatjie en tant Naatjie se huisie. Ver om te loop na die kerk, nè Maans? Die houthekkie piep vir my te oulik en nou sal die rooi gordyntjie voor die venster roer. Kan jy sien, Maans? Dahlias, jakopregop, somerasters en stokrose. Kan jy voel hoe rustig dit hier is?

Die vrou met die bont kappie en die lang voorskoot en die verdroogde hande wat aan die maer arms hang, is tant Jaatjie. Ons het nog nie 'n tandarts hier nie en daarom moet jy tog maar die hol kieste oorsien. Staan nou maar eenkant, Maans.

„Middag, Issie. Ek is bly jy het oorgekom, my kind."

„Middag, tant Jaatjie. Hoe gaan dit vandag met tant Naatjie?"

„Ag, Issie, sy het maar baie pyn, maar Naatjie is mos nie een wat klae nie. Kom ons gaan in."

Sit daar, Maans, en moenie praat nie. Hierdie mense is sku vir ons Kapenaars. Wanneer het jy laaste 'n groen kleedjie met klosse gesien? Drie-uur sal die voëltjie uit die horlosie wip en hoeio, hoeio, hoeio, raas en dan sal dit weer stil wees. Die muurpapier is baie-baie oud en met afval-

stukkies orals verhelp tot jy beswaarlik die patroon kan uitmaak. Daardie borsbeeld in die donker hoek van die klein voorkamer? Dis Gladstone se borsbeeld, en tant Jaatjie het hom op die ou prokureur se vandisie gekoop omdat dit haar so baie aan haar oorlede broer Giepie laat dink. En daardie, Maans, noem ons op Soetwater 'n „saaidbord". Die geriffelde, groen waterbeker en glase is tant Jaatjie se trots, nes die skotteltjie daar met sy hen-deksel. Die eierkelkies, as jy miskien nie weet nie, is agt, en die kopfiguurtjies is Sneeuwitjie en die sewe dwerge en dit kos sewentien-en-ses by Neurinski.

Sjuut nou; hier kom tant Naatjie ook.

'n Klein vroutjie van so sewentig kom die voorkamer binne. Haar kop en gesig is aan die groot kant en nes tant Jaatjie s'n het die gesig diep vore, krake wat kruis en dwars oor die gesig loop. Sy loop swaar, die tant Naatjie Oberholser. Die een hand hou sy onder die bruin tjalie en die ander een wat die kierie dra, is benerig en donker.

„Jy moes nie opgestaan het nie," sê tant Jaatjie berispend.

„Ja, tante moes bly lê het. Tante was nou stout," bevestig ek.

Sy glimlag.

„'n Mens sal sê ek is baie siek soos julle te kere gaan," antwoord tant Naatjie.

„En hoe gaan dit vandag, tante?" vra ek.

„Goed dankie, kindjie," antwoord sy.

„Dis wat sy altyd sê en sy is nooit sonder pyn nie," laat tant Jaatjie van haar hoor.

„Ek weet. Tant Naatjie moet vir my ook die geheim leer hoe om altyd tevrede te wees," sê ek.

Sy glimlag.

„Maar ek is nie altyd tevrede nie, Issie. Jy moet hier wees as ek die dag regtig ontevrede en moedeloos is. Maar dan kry ek weer skaam as ek na ander mense kyk. Wie is ek, Naatjie Oberholser, dan dat die Liewenheer my nie mag beproef nie? En dan, Hy gee wonderlik genade na die kruis."

Sy glimlag weer.

„Vertel maar liewer vir ons hoe dit met jou gaan, Issie-kindjie," stel sy voor.

Solank sy praat, het tant Jaatjie met groot, liefdevolle oë na haar sieklike suster gekyk. Ek het soveel liefde en ontferming in haar oë gesien.

„Nee, baie goed, tant Naatjie," antwoord ek.

„Darem al gelukkig hier by ons?" wil sy weet.

„O ja, tante, baie gelukkig. Nie in die begin nie. Ek kom van die Kaap en was nog nooit op 'n klein dorpie nie, maar ek het so baie liefde hier gekry dat ek nie anders kan nie as gelukkig wees."

„Ons bid gereeld vir jou, Issie," sê tant Naatjie asof dit die doodnatuurlikste ding is.

„Ons twee oues bid elke aand saam en dan dink ons aan jou," bevestig haar suster.

„Baie dankie. Ek waardeer dit baie. Moeder sal bly wees as sy dit weet," sê ek spontaan.

„Leef sy nog, kindjie?" vra tant Jaatjie.

„Ja, Moeder leef nog en Vader ook."

„Jy is 'n gelukkige kind. Ons ou moedertjie is ons al twintig jaar vooruit. Haar gebede sal ek nooit vergeet nie. As sy nog geleef het, sou sy die twaalfde van volgende maand honderd-en-vyf gewees het," vertel tant Jaatjie.

Ek wil so graag vrae vra. Ag, honderde. Waarvan leef julle twee oues nou eintlik? Waarom sien 'n mens daardie ryk broer van julle so selde by julle? Kan hy julle dan nie 'n geriefliker huisie gee nie? Kan julle darem 'n dokter bekostig as tant Naatjie baie pyn het?

Ons is stil in die klein voorkamer. Tant Jaatjie hou haar hande gevou en is iets ernstig aan oorpeins. Tant Naatjie kyk na my, die mond prewel iets — dit het vir my gegaan soos: „Jonk nog en tog so mooi" — dan knik sy met haar kop en glimlag vriendelik.

„Skink jy nie vandag vir ons koffie nie, Jaatjie?" vra sy.

Tant Jaatjie staan skuldig op en maak die muurkassie oop. Op die boonste rakkie sien ek die groot familiebybel wat met geruite doek oorgetrek is en die twee gesangboeke. Daar is nog 'n paar boeke, maar hulle herken ek nie. Op die middelste rakkie staan 'n derduisternis medisynebotteltjies, alle grotes; bruin, blou en wit. Maar onder is die koppies vir dae soos vandag as die mense van die Kaap hier is. Dis die koppies met die goue randjie, goud aan die oor ook en goud aan die pierings.

„Bring vir ons van die melktert ook, Jaatjie," versoek haar suster.

Skaars is tant Jaatjie agtertoe of haar suster wink my om nader te sit, lê 'n maer hand op haar hol mond en beduie my om saggies te praat.

Sy fluister. „Ek is tog so onrustig oor Jaatjie."

„Wat is dit dan, tante?"

„Ek weet nie. Dit het lank trug begin. Eers krampe op die maag na etes, maar nou word dit erger. Party dae is die pyne skafliker, maar ander dae kan sy amper niks eet nie."

„Was die dokter al by haar?" fluister ek.

„Sy wil daarvan nie hoor nie. Sjuut, hier kom sy nou," waarsku tant Naatjie en sê in haar normale stem: „Waar het jy grootgeword, Issie?"

„Constantia, tante."

„Ek was ook een keer in die Kaap, kindjie, maar dit was baie-baie lank gelede. Ek was nog 'n jong meisie," sê tant Naatjie.

„Sy was mooi in haar jong dae," sê tant Jaatjie.

„Maar nooit so mooi soos jy nie, Jaatjie," antwoord die ander suster.

Ek begin wonder. Wat sou sy in die Kaap gaan maak het en waarom was daar nou so baie droefheid in haar oë? Ek wil die twee ou susters sommer in my arms neem en teen my bors druk.

„Julle is nou nog mooi vir my," sê ek.

Tant Jaatjie lag.

„Sulke twee ou mense! Dis vriendelik van jou, Issie, om aan ons te dink. Jong mense kom nie graag hier nie en ons kan dit verstaan. Ons is oud en moet ons gereed maak vir die dood. Dit sal een van die dae hier wees," sê sy.

„Jaatjie wil nie voor my gaan nie, want dan, so sê sy, is ek heeltemal alleen. Sy hoef nie onrustig te wees nie. My ou daggies is nie meer baie nie. En as dit so moet wees, wat is dit dan? Die Vader sal sorg."

Dis weer stil in die voorkamer.

Hoeio, hoeio, hoeio, hoeio! raas die horlosie die uur en dan is dit weer so stil.

„Soetwater se mense het vir jou lief geword, Issie," sê tant Naatjie.

„Ek is bly, tante," antwoord ek gemoedelik.

„Ons hoor net oral dinge tot lof van jou; Dominee, George Ulman, Bella, ag, en almal wat jou ken. En ons is so bly. Ons is eenvoudige mense en ons het jou hulp en jou raad nodig. Jy kan ons so baie help."

„Ag, wat kan ek tog doen, tant Naatjie!" roep ek uit en bloos.

„Jy is geleerd. Ons is nie geleerd nie en het jou raad nodig. Weet jy, kindjie, wat sê oom Gawie Diepwater? Hy sê jy is van die Liewenheer self hiernatoe gestuur. En dis die waarheid. Ek is so bly dat jy die Liewenheer self ook ken. Daarom het jy 'n glimlag vir elkeen hier. George Ulman en sy vrou, Hetta, kan nie ophou om van jou te praat nie. Ek sê dit vir jou vandag omdat ek wil hê jy moet weet hoeveel ons jou waardeer. Baie dankie vir wat jy vir ons doen. Die mense sal dit miskien nie sê nie, maar hulle waardeer jou."

„Ek is bly as hulle so dink, maar ek het mos nie eintlik iets gedoen nie. Dis Soetwater se mense wat vir my so baie doen. Ek het hier kom leer wat liefde is. Ag, en ek is so jammer dat ek so min kan doen. Ek wil vir tante-hulle so graag iets doen, maar wat kan ek nou doen?" vra ek en ek voel my magteloosheid.

„Jou gebede sal vir ons so baie doen, Issie. Onthou dit, my kind," sê tant Naatjie kalm terwyl haar suster met haar kop knik.

En toe, Maans, gebeur daar 'n wonderwerk. Ek wat maar drie-en-twintig is, vroeër net aan plesier gedink het en maar 'n selfsugtige mens is, kniel daar saam met tant Jaatjie en tant Naatjie en dis vir my of ek vir die eerste keer in my lewe met my Skepper praat. Ek vertel Hom sommer van tant Jaatjie en tant Naatjie en hoe tant Jaatjie nie meer te gesond is nie en dat Hy hulle tog moet bewaar.

Toe ek amen sê, sê tant Jaatjie: „Bid jy ook vir ons, Naatjie."

Dis eers stil en toe begin die sagte stem van die sieklike suster. Ek moet my ore spits om iets te hoor. Sy gesels met die Liewenheer soos 'n klein kindjie met haar moeder sal gesels. Hy weet mos alles; Hy ken mos hul swakheid en verlangens. Hy wat in 'n stal gebore is, sal mos hier na hul huisie ook kom en hul hand in hul eensaamheid vat. En daar is Jaatjie se pyne, so op die krop van haar maag, so effens na die linkerkant eintlik. Wat is dan makliker vir Hom as om Sy hand op die pyn te lê en alles sal oor wees? Maar dis nie wat hulle vra nie, maar wat Sy wil is. Ag, en daar is Issie. Nog so jonk en so mooi en die wêreld is so boos. En daar is haar pa en ma wat daar ver in die Kaap is en wat seker na haar verlang . . . .

Ek luister, Maans, en terwyl ek luister, is dit asof ek van al my onreinheid gesuiwer word. Nie 'n woord oor haar eie smart nie. Ek dink aan die Sondag toe ons in die kerk gesing het: „God het ek lief, want die getroue Heer . . . . ," en die trane so oor haar wange geloop het.

Hoeio! skree die raasbek weer.

Was ek vroeër blind, Maans? Tant Naatjie se lang, swart rok, die wolkouse en die swart, vertrapte skoene sal miskien die spot van die wêreld wees. Vroeër sou ek daarmee gespot het, maar nou kan ek dit nie meer doen nie. Sal jy my dan nie glo nie, Maans? Jy sê altyd daar is nie meer mense wat God dien nie; ons huigel almal en die kerk is soos in die dae

van ons Heer op aarde. Jy het my amper oortuig, maar sal jy nie na Soetwater kom en self kom kyk nie?

Maans, belowe my iets: lees vanaand weer 'n slag jou Bybel.

Groete van
ISSIE.

Soetwater,
Woensdag.

Maans,

Jy probeer hard om my ontevrede met my lot te maak, nè? Eers was dit met die Folies Bergère en nou weer met die noenmaal vir die Kiwi's. Maans, jy het dit amper reggekry, want toe sien ek mos in my verbeelding die teater, die ligte, die malende mensedrom, die vonkelwyn en die fyn satyn van die dames. Ek hoor om my die gelag en die geskerts, die keurige smaak van die mans, en die dames is vir die oomblik in my gedagte en ek dink weer aan die fyn kunsies van ons grimering. Ja, amper was ek ontevrede en wou my net afvra: „En wat maak jy dan hier op Soetwater, Issie? Jy het mos net hiernatoe gekom omdat jou vriende vir jou, Issie Lourens, 'n uitdaging gestel het om na die backveld te gaan?" So het julle dit daardie aand gestel. Maar toe onthou ek betyds die holheid van alles, die gejaag na skyn en skim en die diep ontevredenheid wat soos 'n duiwel uit elke sjampanjeglas spring. Ag, en toe besef ek hoe dat ek daar nooit eintlik geluk geken het nie. As ek moet sê ek het hier geluk gevind, dan is dit ook nie die volle waarheid nie, want ek hunker nog na ek weet nie wat nie. Maar ek het ook 'n verandering ondergaan. So, Maans, jy sal my nie meer verlei met daardie dinge nie.

Jy sê hier gebeur nooit iets nie. Tog. Ek wil jou daarvan vertel.

Verlede Vrydagnamiddag roep George Ulman my nader.

„George," sê Hetta, sy vrou, „moenie nou so onverstandig

wees nie. Juffrou Lourens kan tog nie help wat Jaap Kannemeyer doen nie."

„Stil jy, Hetta, ek is groot genoeg om te weet wat ek doen," sê hy met 'n raasstem sodat almal hom op straat kan hoor.

„Wat het dan gebeur?" vra ek, want ek kan sien hoe ontsteld George is.

„Dit het alles met Rouwer begin," sê Hetta.

„Stil, vrou!"

Rover, Maans, is so 'n groot swart hond van Jaap Kannemeyer wat al baie las in die dorp gegee het. Sover ek weet, staan die volgende dinge al teen hom aangeteken: (1) Hy het oom Gawie se kerkbroek aan flenters geskeur. (2) Hy het die seuntjie van ds. Ben Lotriet in die kuit gehap. (3) Letterlik 'n hele slagskaap van tant Janie Tulle, voorsitster van die A.C.V.V., opgeëet en dan het hy les bes Frans van Deventer se melkkoei so gejaag en gebyt dat jy die dier nie meer in die dorp kan kry nie. Ek verstaan Frans moet haar nou in 'n kraaltjie naby die lokasie hou en daar melk.

„Moenie daardie hond se naam voor my aangesig noem nie. Weet jy wat noem Jaap my gedoriewaar? 'n Insekte, en dit omdat ek nie aan sy Kerk behoort nie. Ek sê ‚Insekte! Jy kan maar bly wees as jy 'n insekte is. Jy is baie erger. Jy is 'n rot'."

„Maar wat het dan gebeur?" vra ek kalm. „Vertel vir my van die begin af. Miskien kan ek julle nog help."

En daar hoor ek toe die hele moles. Dit het die Woensdagnag gebeur. George het daardie vorige dag 'n hele besending soutsnoek gekry, nie heeltemal droog nie, en het die goed in die agterplaas op houtstellasies uitgepak. Dié wat Rover nie opgeëet het nie, het hy weggesleep, party begrawe en die straat het vol van die orige snoeke gelê.

„En dink jy hy wil sê hy is spyt! Nie Jaap Kannemeyer nie. Daar staan hy met 'n parmantige lag op sy bakkies en sê: ‚Rouwer moes al lankal 'n plan met jou ewige soutsnoek

gemaak het. Die goed is sleg en die volk wil dit nie eens eet nie.' Ek sê vir Jaap: ‚Stap jy nou saam met my en dan kom wys jy vir my een stukkie wat sleg is. Maar as jy nie een stukkie kan kry nie, dan draai ek jou nek om'."

„Ág, George, laat staan tog maar," vermaan Hetta weer.

„Laat staan! Waarom moet ek laat staan? Omdat hy oor almal wil koning kraai moet ek laat staan. Dis 'n mooi grap. En dis toe dat hy vir my sê ek is 'n insekte en hy druk sy vinger amper in my oog."

George lag.

„Ek mag 'n insekte wees, maar hy het sy straf ook gekry."

„Rouwer was vanoggend skoonveld en nou het hulle hom in die put gekry met 'n klip om sy nek en nou sê hulle dis George wat dit gedoen het," vertel Hetta verontwaardig.

„Maar George sal mos nie so 'n ding doen nie!" sê ek.

„George het nog geen mens leed aangedoen nie," bevestig Hetta.

„Maar George sal seker kan bewys dat hy onskuldig is," gee ek aan die hand.

„Bewys! Ek het nog nooit vir 'n man bewyse gevra nie en ek gee ook nie bewyse nie. My woord is goed genoeg en sy woord moet goed genoeg wees."

Dit sê George Ulman terwyl hy skaterlag.

„George Ulman moet nou vir mense bewyse bring dat hy nie lieg nie. George het nog nooit gelieg nie. Ek het sy hond nie doodgemaak nie en hy weet dit. Dis nou net om my besigheid kwaad aan te doen. Dit sal hy ook nie regkry nie. ‚Wat kan 'n mens my doen?' staan daar geskrywe. Vir 'n tydjie sal hy koning kraai en my, wie weet, skade doen, maar dit sal nie so aanhou nie."

'n Mens sal sê dis van iemand anders wat George nou gesels. Ek kan sien hy het hom vir Jaap Kannemeyer bloedsielig vererg, maar sy opgeruimde geaardheid en sy mensliewendheid begin so stadigaan die oorhand kry. Hy raas nou so lag-lag.

„Dit lyk my, Hetta, die ding sal regkom. George is nie so kwaad as wat jy dink nie, net vir die oomblik opgewonde. Praat jou hart maar uit, George, en dan sal jy beter voel," gee ek aan die hand.

Die oudstes van George en Hetta het intussen ingesluip en staan kersregop en tjoepstil teen die negosierakke. Blykbaar ken en verstaan hulle hul pa. Die oë bly maar op my. Soepie het twee bandjies in die hare en bandjies om die swart kouse op te hou. Tewes, die oudste, kan in sy baadjie versuip en as ek my nie misgis nie, is dit een van George se baadjies wat verstel is.

„Ek is arm gebore, arm het ek grootgeword en arm en naak sal ek uit die wêreld gaan," gesels-lag George Ulman nog een stryk deur. „Gee my 'n vel om op te slaap, pap om my maag vol te maak, en ek sal vir geen mens iets vra nie. Johannes het heuning en sprinkane geëet en niks oorgekom nie. Ek sal van my pap en melk ook nie iets oorkom nie. Die man wat vir George Ulman wil verrinneweer, moet maar begin. Hy sal nie ver kom nie. Ek is soos 'n prop. Druk my onder die water, en ek kom maar net weer boontoe."

„Dis soos jy moet praat, George. Dis soos ek jou wil hê. Moenie jou aan die klein skinderstories steur nie en gaan jy maar aan met jou werk. Almal ken tog vir George Ulman en weet hy sal niemand leed aandoen nie," sê ek.

Toe is George se tong eers los. So onder die gesels maak ek aanstaltes om te loop. Hetta vat my hand en bedank my vir die water wat ek op die vuur gegooi het.

„Vat vir juffrou hierdie paar piesangs. Dis net 'n paar, maar daar is nie meer nie," sê Hetta en druk die kardoes in my hand.

„Siejy daar padgee van die tamaties!" skree George as ek by die deur uitstap en veeg 'n slag met sy plat hand na Tewes se kop. „Julle is nes die sprinkane van Egipte en kom ook nooit vol nie."

Ek glimlag. George is vir my dierbaar met sy lawaai en bravade, maar die hart sit op die regte plek. Dis dan nou

verby, het ek gedink. 'n Klein bietjie troebelwaters op Soetwater en die lewe sal weer eenselwig voortgaan.

Ons was in twee kampe, Maans. Daar was die Georgemense: ek, ds. Ben Lotriet, tant Jaatjie en tant Naatjie en seker nog 'n klompie. Maar daar was ook die Kannemeyermense soos my huismoeder, tant Bella en haar dogter, Dorothy, en tant Janie Tulle, voorsitster van die A.C.V.V.

Nou wil ek jou eers vertel. George Ulman het 'n perd, 'n ou afgeleefde dier met die naam van Belie. Belie het my altyd aan George herinner. Wetsgeleerd is sy. Dis 'n skimmel merrie van twyfelagtige afkoms en onbepaalbare ouderdom. George het 'n tweedisselboom-karretjie waarmee hy die vrugte en negosie van die stasie karwei, en dit was Belie se werk. Vir die orige het sy in die agterplaas gestaan, nek op die draad en dan kan sy sug of die wêreld vir haar tog te swaar is. Skelm ook. Hoe menige dag het al George se skree en soebat niks gehelp nie, want Belie wil nie 'n tree vorentoe verroer nie. Dan moet Hetta haar behoorlik uit die dorpie lei.

Nou ja, Belie het nog 'n kwaal gehad. Snags breek sy uit die agterplaas, die joos weet hoe, en dan gaan sy in die groentetuin wei. Ek wonder hoe Belie dit geweet het. Het 'n perd verstand, Maans? Sy was nog nooit in tant Janie Tulle se tuin of Sampie Geyer of Jaap Kannemeyer s'n nie, maar môreoggend as dit lig word, sal sy in oom Gawie Diepwater, tant Jaatjie of dominee se tuin staan en haar pens kan bars.

Een oggend — ek het nog gelê — hoor ek George met ou Belie gesels.

„Jy is 'n fariseër, dis wat jy is. Eet die huis van die weduwee op en dit onder die skyn van lang nagte. Keer die vloek, Martiens! Ai, dominee, moenie nou luister nie. Ek gesels met Belie. Sy is nes 'n ou man wat ek geken het. Kamtig so sag soos 'n lam, maar moenie dat dit nag word nie. Hol, Tewes, hol, man, en keer die vloek."

Nou ja, dis nou Belie.

Gisteroggend so stryk van sewe-uur sien ek Soetwater se mense streep die straat af. Daar moet groot dinge in die onderdorp gaande wees, dink ek. En glo my, Maans, in 'n kits is ek ook aangetrek. Ek kry Dorothy in die gang, nog in haar rooi kamerjapon en die kop is vol gekleurde bandjies. Tant Bella hardloop in haar em-em in die gang rond.

„Hede, Katrien sê George het homself geskiet," sê sy en gooi een van Dorothy se kledingstukke af.

„Ma, ek soek die ding al twee dae," sê Dorothy.

„Dit kan nie wees nie," sê ek hier in die gang af, bedoelende die gerug.

„Oom Gawie Diepwater het glo op hom afgekom. Hy het hom langs die kraalmuur geskiet," vertel Dorothy.

„Ek glo dit nie. Katrien het seker maar verkeerd verstaan. Julle weet hoe 'n storie altyd vergroot word," probeer ek om die gemoedere te kalmeer.

Ek kon net sowel op 'n vuurspuwende berg gaan sit het en reken hy sal bedaar.

„Hoeee!" brom tant Bella op pad na die badkamer, „vandag is alles weer weg en noudat ek so haastig is. Ek wil eerste by Hetta wees, want ek weet hoe voel 'n mens in so 'n uur. Daardie dag toe die donkie jou pa . . . ."

„Dit was 'n muil, Ma," val Dorothy haar in die rede.

„Ag, ek meen die muil, toe die muil jou pa — nie haar regte pa nie — toe was ek so bly . . . ."

Die badkamerdeur gaan toe. Ek weet darem wat sy bedoel.

Ek sal vir Dorothy wag, besluit ek. Om die waarheid te sê, ek het so 'n bietjie gehuigel, want ek het gemeen dit sal te snaaks lyk as ek sommer so alleen-alleen die straat afstap om na Hetta te gaan. Ek wil iemand by my hê en dan kan die mense nie sê ek het uit nuuskierigheid gekom nie, of so het ek gedink.

„Dorothy, ek wag vir jou," sê ek.

„Oukie, toets," sê Dorothy.

Ek kan my verkyk aan die koeëlronde gesiggie van Dot. Die nek is kort en stewig en die bolyf geseënd en as jy laer af kyk, is die bene soos dié van 'n wildsbokkie. Sy sukkel nou met die hare wat vanmôre maar nie wil lê nie. Waar die wenkbroue moes wees, is net so 'n dun donker strepie, en dit laat die ooglede nog meer vlesig vertoon as wat die geval miskien is. Donker smeulende oë wat van begeertes vertel, oë wat liefdevol op 'n beminde sal rus, maar haar man eendag sal kan regeer.

„Dot, is dit jou pa se portret wat hier in die gang hang?" vra ek, want ek sien 'n goeie geleentheid om my nuuskierigheid te bevredig. Sy sal nie nou te baie aan my vraag dink nie.

„Noup," sê sy en smeer haar lippe skarlaken en breed.

Die badkamerdeur gaan oop en tant Bella hardloop die gang af.

„Is sy klaar, Dot?" vra sy toe sy verbyblits.

Dis 'n gewoonte van tant Bella om jou soms in die derde persoon aan te spreek net asof jy glad nie teenwoordig is nie.

Toe tant Bella weer haar verskyning maak, is sy uitgevat in haar kisklere en het sy 'n mosdoppie op, so ene soos Bedrywige Betjie vir haar inkopies opsit.

„Kom, kinders," sê sy.

Maar Dot is nog lank nie klaar nie.

Sonder enige waarskuwing raak tant Bella troosteloos aan die huil. Dot skree uit die kamer: „Aag, Ma!" en ek staan verslae, maar om tog iets te doen, slaan ek my arm om haar skouers. Dis skynbaar te veel vir tant Bella op hierdie oomblik, want sy steek haar gesig in my bors weg en huil-klae:

„Ag, hoekom het jy tog van my weggegaan en my net so alleen laat staan, Lappies? Oee . . . . Ek is so alleen, Lappies. Hoe bitter het 'n vrou dit nie op aarde nie."

Ek kan dit nie heeltemal verstaan nie. Van al haar mans was George Costa seker haar geliefde ene en van Lappies

van Zyl het ek haar nog nooit hoor praat nie. Maar toe Dot klaar is, is tant Bella weer reg en ons stap die straat af.

Op die hoek by George se kafee is letterlik al wat leef vergader. 'n Taamlike sterk stroom Kleurlinge is nog in aantog uit die lokasie. Die gemaal is so dig om George se agterplaas dat ons niks kan sien nie en tant Bella vra Sampie Geyer wat dan gebeur het.

Toe hoor ons eers die waarheid, of miskien maar 'n gedeelte daarvan. Ou Belie, die skimmel merrie, het vannag weer in 'n tuin gewei, in wie s'n is daar groot onsekerheid, en daar het iemand hom aan die kop gekwes — die skoot het net onderkant die regteroog ingegaan. Belie het huis toe gesukkel en toe dit lig word, het George haar in die agterplaas gekry en toe doodgeskiet.

Bo die gedreun van die stemme kan ons George en Hetta s'n ook hoor.

Tant Bella maak haar elmboë soos 'n Damara-os se horings en begin vir haar 'n pad deur die mense baan. Dot en ek bly op haar hakke.

„Gee pad! George het my nodig," sê tant Bella net, of: „George het my laat roep; gee tog pad!"

George se stem word nou duideliker.

„Wat het Isajah gesê? Ek kan ook vandag sê: ‚Behoed my en bewaar my, dat ek nou nie sondig en opstaan teen my vyande nie.' "

„Dis omdat ons geen mens nog leed aangedoen het nie," sê Hetta.

„ ‚Gee my nie oor in die hande van my vyande nie!' Ag, as ek in hierdie uur tog net nie met my tong sondig nie. Daarmee vloek ons mos en daarmee seën ons ons naaste," huil-klae George.

„So 'n kwaad sal nie ongestraf bly nie," kom dit van Hetta.

„Wees nie jaloers op die voorspoedige nie . . . . ," begin George, maar kan nie nog woorde vind om sy gemoed tot rus te bring nie.

Ou Belie lê op die grond langs die asblik, Hetta en die kinders staan so 'n entjie van hom af en George . . . . George sit plat op die grond met sy rug teen ou Belie se rug en rouklaag sy leed. Tewes, Maansie en Soepie huil hardop en die twee jongstes hou aan Hetta se rok vas.

Dis na my wat George nou sy toevlug neem en nie na tant Bella nie. Ek het die sondige vermoede dat George tot dusver aan toneelspeel was, maar noudat hy my sien, stort sy woordevloed in duie en sê hy net: „Issie, hulle het Belie geskiet."

Toe skud die groot liggaam soos hy huil.

„Kom ons neem hom binnetoe," sê ek vir Hetta.

George Ulman, die groot George Ulman, hou aan my vas asof ek alleen hom in hierdie oomblik kan help. Toe ons by die kombuisdeur ingaan, val my oog op ds. Ben Lotriet. Hy glimlag en knik.

So het daar op Soetwater dan ook uiteindelik iets gebeur, Maans . . . .

Oor veertien dae skryf ek weer.

Groete van

ISSIE.

Soetwater,
Sondagaand.

Liewe Maans,

Vir die eerste keer het ek weer so 'n bietjie moed geskep. Jou brief van verlede week het my aan die Maans herinner wat jare gelede in die Kaap aangekom het. Vir die eerste keer het jy mos darem enige belangstelling in die mense hier getoon. Baie dankie daarvoor, Maans.

Jy vra 'n pentekening van die mense van die pastorie. (Ek wonder waarom?) Goed, ek sal my beste probeer.

Maans, die pastorie is net so 'n japtrap van waar ek loseer. Dis 'n groot erf met baie vrugtebome en groente-

akkers. As jy by die hekkie inkom, stap jy onder 'n lang prieel tot op die breë stoep en hierdie einste stoep is met blou leiklip uitgelê. Voor dominee se studeerkamer, die kamer op links, is daar die ruie prieel van blouklok-klimop. Ek was nog nooit in sy studeerkamer nie, maar die vloer blink altyd so, dit lyk koel daar en die vertrek is in 'n halwe skemerte gehul.

Ek het jou al van die breë gang vertel en van die reuk van groente en vars brood wat daar in die gang is, want die spens is daar op die hoek waar die gang sy draai maak. Toe ek laas vir 'n naweek by hulle was, het ek soggens wakker geword van die doef-doef-tip, doef-doef-tip van sy kindertjies se kaalvoete. Daar is vier van hulle; die name is vir my te grys: Sagrys, die oudste, skraal sproetgesig en effens rooierige hare is die stil ene. Ek dink hy groei te skerp en vir hom kry 'n mens nie maklik aan die gesels nie. Dis nou Sagrys. Die tweede outjie is 'n lewendige platjie, 'n buks van 'n kêrel wie se hemp merendeels uithang en boonop nog dikwels geskeur is. Hy dra die naam van Kolf en hy het hierdie jaar vir die eerste keer skool toe gegaan. Mevrou sê hy is sieklik, maar ek kan dit nie bra glo nie, want waar wil 'n vetsak en 'n harlekyn nou sieklik wees? Die volgende een is Noeps, die dogtertjie, en glo my 'n bedorwe brokkie as daar ooit een is. Sy het die eienaardigste pruilmondjie wat ek al gesien het en twee oë wat nie vir een oomblik stil in die kop is nie. Haar rokkie wip gewoonlik van agter en daar is 'n rede voor. Ek skat sy is vier. Die jongste outjie is Boet, die tweejarige oogappel van mevrou, en ek skat van dominee ook.

Jy sal die jongste drie altyd iewers agter 'n toe deur kry, maar as hulle daar uitkom, kan jy weet die duiwel stap nou met sy volle borswapen rond. Kolf sal die onheil prakseer, Noeps sal dit uitvoer en Boet sal met die hele mandjie patats voor die dag kom. En berispe hulle nou net en hulle sal daar voor jou staan soos mense wat veronreg word.

Donderdagnamiddag lê ek mos toe besoek daar af. Ek klop en klop maar weet dat niemand my bo die lawaai sal

hoor nie. Dit kom uit die eetkamer en Kolf se stem kan jy bo al die ander s'n hoor. Ek stap toe maar in die gang af, gaan om die draai tot by die eetkamerdeur. Ek glimlag.

Dominee kruip hande-viervoet op die vloer rond met Noeps en Boet op sy rug. Langs hom stap die onbruikbare Kolf soos watter perde-afrigter by 'n sirkus; hy het vir dominee 'n kersfeespet opgesit en lei hom aan 'n riem om die nek rond.

(Die sirkus was veertien dae gelede by ons en net so het Jumbo, die olifant, toe gelyk. Kolf het selfs 'n slurp vir dominee aangesit deur 'n opgestopte kous om sy nek te hang.)

„Goeiemiddag," sê ek en dan weer 'n bietjie harder, „Goeiemiddag."

Mevrou maan hulle om die lawaai te staak, maar dit neem 'n tydjie om die kinders tot bedaring te bring. Baie verleë staan dominee op.

„Die kinders het Ben heeltemal in die sak," sê Nonnie, sy vrou.

„En moenie van haar praat nie. Dit het by haar begin," vertel ds. Lotriet.

„Toe gaan julle nou speel," sê Nonnie en bondel hulle by die deur uit.

By dominee in die huis is daar 'n atmosfeer wat 'n mens nie elke dag raakloop nie. Daardie selfde geheimsinnige atmosfeer voel ek ook in tant Jaatjie se huisie. Dis een van eerbied en afwagting in die lug asof daar netnou-netnou iets gaan gebeur wat vir jou vreemd en geheimsinnig sal wees, asof die lug selfs wag op 'n gebeure. Jy wil nie hard praat nie, want straks verstoor jy iets wat heilig is. Ek vind dit die sterkste aanwesig in hul voorkamer waarheen ons nou gegaan het. Daar is nie wafferse meubels nie: 'n blomtafeltjie in die hoek op links, 'n klavier teen die oorkantste muur, twee leunstoele wat al baie beter dae geken het en waarvan die oortreksel so 'n roeskleur het, 'n sestal regop stoele van 'n patroon wat jare gelede baie in die mode was, maar nou is die mat-oortreksel ook nie meer wat hy moet wees nie, leeuvel

op die vloer, twee yslike seeskulpe op 'n tafeltjie en onder die tafeltjie loer 'n opgestopte ratel uit.

„Sit hier, juffrou. Dis tog gemakliker," sê dominee.

Hy kyk na sy vrou asof hy wil sê: „Ag, neem jy tog maar die leiding op jou."

Sy glimlag en ek sien hy skep so 'n bietjie moed.

Nonnie Lotriet is seker nie mooi nie. Daarvoor is sy te vet en dit lyk of sy moeilikheid met haar voete het. Sy stap dan ook effens mank. Haar klere sou 'n ouer vrou beter gepas het en ek wonder hoeveel dominee daarmee te doen het. Sy gaan op een van die stoele sit en maak seker dat die rok soveel moontlik van haar bene dek. Skielik is ek bewus van my meer moderne drag, bloos vir geen rede ter wêreld nie en trek my voete onder die stoel in. Dis of daar 'n gesprek sonder woorde was.

„Warm vandag, nè?" sê Ben Lotriet.

Die weer hou ons 'n hele tien minute besig. Ek kan sien hulle is nog nie op hulle gemak nie en prakseer die hele tyd wat nou die beste sal wees om hulle te laat ontdooi.

„Ek wens die kinders wil party dae by my kom speel. Ek is baie lief vir kinders," sê ek toe ons nie verder oor die weer kan gesels nie.

„Jy sal nie so gretig wees om hulle te hê as hulle eers 'n slag daar was nie," sê Ben.

„Daar is nie baie mense wat hulle sal verstaan nie, juffrou," voeg Nonnie by.

„Waarom nie? Hulle is net normale kinders en ek hou van hulle," verseker ek hulle.

„Regtig, juffrou?" wil Nonnie weet en kyk na haar man.

„Maar natuurlik. Ek is baie lief vir kinders en dink ek verstaan hulle. Hulle is by my ook altyd op hul gemak," verseker ek hulle weer.

Daar is duidelike verligting op Ben Lotriet se gesig.

„Sal ek met haar praat?" vra hy sy vrou, maar ek sien hy het al klaar besluit om dit te doen.

Nonnie knik.

„Ek dink nie ek en my ou vrou verstaan kinders alte goed nie. Miskien sy nog, maar nie ek nie. Ons is bekommerd. Sagrys is al groot, redelik groot, maar hy stel nie belang in godsdiens nie, nie soos ek op sy ouderdom gedoen het nie."

„Dominee was seker 'n uitsondering," sê ek en glimlag.

„Ek glo nie. Ons kan hom nie eens sover kry om sy Bybel te lees nie. Ek het al met hom gepraat, die vrou het al met hom gepraat, ons het al met slae gedreig — dis wat ons miskien nie moes doen nie — maar dit help niks. En tog is hy nie 'n slegte seun nie. Die onderwysers prys hom baie. Hy is natuurlik ou Silvia se oogappel en sy bederf hom in die grond in. Weet jy, juffrou, hy sal haar dinge vertel wat hy nie aan ons sal vertel nie. Die ander drie verstaan ons, maar nie vir hom nie. Ek dink baie dae hy het vir ou Silvia aangeneem."

„Miskien het hy, dominee," sê ek.

Dit ontstig die twee nogal baie.

„Maar dis onnatuurlik! Ons is tog sy ouers," sê Nonnie.

„Dit gee julle nog nie die reg om aanspraak op sy liefde te maak nie. Kyk, ek ken die omstandighede nie. Ek maak net 'n algemene stelling. Waarom móét kinders hul ouers liefhê?" vra ek.

Dominee brei sy hande uit, 'n trek van onsekerheid kom op sy gesig en toe sê hy: „Maar ons versorg hom, ons gee hom kos en al die nodige . . . . Ons is sy ouers."

„As ek dit nie mis het nie, doen ou Silvia ook al daardie dinge vir hom," sê ek en hou sy gesig dop om die uitwerking van my woorde te sien.

„Ja, dis waar . . . . en sy vertroetel hom . . . . hier 'n snoepery, daar 'n lekkertjie. Maar dis nie ons enigste bekommernis nie. Dis vir my swaar om dit te sê . . . ."

Nonnie vat die gesprek verder. „Hy doen dinge waaroor ons baie onrustig voel."

„Hy steel ook," sê Ben Lotriet.

Die trane kom in Nonnie se oë en ek sit verslae. Toe

gewaar ek dit weer, daardie gelaaide spanning in die voorkamer van iets wat aanwesig is en tog nie sigbaar nie.

Ou Silvia bring koffie binne. Ek dink sy ken die gesin Lotriet beter as wat hulle hulself ken. Die gesig glim van die goedigheid; die liggaam is groot en geset en die vel amper blank. Wat sou sy te vertel hê as sy sou besluit om haar hart te ontsluit? Maar sy sal nie, nie ou Silvia nie.

Ons roer ons koffie.

„Ons weet nie wat om te doen nie. Dis nie 'n sieling of 'n sikspens nie. Voorverlede maand het hy 'n laai van my lessenaar oopgebreek en drie pond gevat," vertel Ben Lotriet, maar hou sy oë afgewend. „Juffrou kry baie met sulke gevalle te doen . . . . Wat doen 'n mens? As die gemeente dit nou moet weet . . . . Dit sal my werk bemoeilik . . . . Ons weet tog wat mense is . . . . ," peins dominee verder.

Eers is daar stilte.

„Ek hét al met sulke gevalle te doen gehad. Ek sal julle help, dominee," sê ek.

Daar kom sommer verligting op hul gesig, eers onsekerheid, maar toe verligting.

„Maar hy is sku vir mense. Hy sal jou niks vertel nie," kom dit van Nonnie.

„Ja, hy sal jou niks vertel nie," bevestig dominee. „Ons is so bang hy steel by die skool ook. Hulle sal ons nie sê nie, straks te aardig wees. En die mens is maar liefdeloos . . . ." en dominee vou sy hande rusteloos.

„Met kleiner kinders kan ons nog werk, die groteres . . . . ek dink ons verstaan hulle nie en ons wil tog so graag," sê Nonnie magteloos.

Kolf en Noeps kom die voorkamer binnegestorm.

„Ma, Ma . . . . ," begin Kolf.

„Sjuut! Ons grootmense is nou besig. Gaan julle eers," sê sy moeder.

Dit lyk of die onweer in Kolf se hare is en hy het twee teerkolle in die gesig. Die broek het ook gevaarlik laag afgesak.

Nou begin Noeps weer: „Ma, Ma moet net kom kyk."

Sy gryp Nonnie aan die arm en probeer haar orent rem.

Boet kom nou sonder sy broek ingewaggel, so 'n vetsak en so oulik.

Ben Lotriet spring op maar Nonnie is voor hom by Boet, skep hom op en storm in die gang af. Die ander twee trek soos weerligte agterna.

Toe het dominee en ek niks om vir mekaar te sê nie. Die stilte word ondraaglik. Ek kan sweer die opgestopte ratel het nou net daar onder die tafeltjie geroer en vir die eerste keer sien ek die klein lap-bobbejaantjie op sy rug. Ek het lus om te lag. Toe ek klein was, het my ma net so 'n yslike skulp in haar huis gehad . . . .

„Ek sal maar gaan, dominee. Ek sal môre weer kom . . . . as dominee wil . . . ."

Hy staan ook op; hy weet nie of hy iets moet sê nie. Skielik word hy bewus van die halfverslete pak wat hy aanhet.

„Ons kan weer oor Sagrys gesels," sê hy.

„Stuur hom na my, dominee," antwoord ek.

„Miskien moet ons liewers nie. Hy is so sku vir vreemdelinge."

„Nes u voel, dominee," antwoord ek. Ek draal nog so 'n oomblik en groet dan.

Toe ek wegstap, dink ek aan die groot eensaamheid van dominee en Nonnie. Telkemale as ek daar kom, dan weet ek ek het nog nie die mens agter daardie muur van eensaamheid gevind nie. Dit is mos dikwels so, nè Maans?

In die straat loop ek oom Sampie Geyer raak.

„Ek sien jy was by dominee-hulle. Die man het ook maar sy moeilikhede, nè? Hy moet die kind wegstuur. Dis al raad. So 'n kwaal word met die jare erger."

„Waarvan praat oom?" wil ek weet. Ek was heeltemal verontwaardig.

Ek kan nie sê ek is baie lief vir hierdie koster van ons nie. Hy is so eiegeregtig en selfvoldaan; of is alle klein mensies maar so?

„Die geld raak net so by die skool weg. Pst! Hulle sê dis Sagrys. Nou is ek dankbaar dis nie my kind nie. Ja, 'n mens het baie om dankbaar voor te wees. Ek is haastig. Tot siens," sê hy en kry sy stryk.

Ek draai stadig om en skep weer die bult terug na dominee se huis. Ek is nog nie eens daar nie, toe sien ek dominee haastig by sy hekkie uitry. Hy sien my nie.

Op my geklop kom Kolf die voordeur oopmaak.

„Middag, tannie. Tannie weet Sagrys is skoon weg en Ma sê net aanmekaar hy lê in die rivier. Maar hy sal nie, want ons kan almal swem. Pa weet net nie. Sondae as almal slaap, glip ons rivier toe. Ek gaan ook eendag wegloop as ek so groot soos Sagrys is. Dink tannie hy sal verdrink? Ek dink nie so nie. Ek sal nogal spyt wees, want ek wil so graag sy baaisiekel hê."

„Jy is 'n kontant klein mannetjie," sê ek en krap sy kop verder deurmekaar. „Waar is jou ma?"

„Sy bid, tannie. Ma bid baie vir ons, maar ek weet nie of dit sal help nie. Ons is mos maar kinders," sê Kolf.

Ek trek die deur weer toe.

Maans, ek wil meer dikwels na hulle gaan. Jou versoek het my belangstelling geprikkel. Volgende week skryf ek weer.

Groete van

ISSIE.

P.S. — Ek het vergeet om te sê. Sagrys is weer veilig by sy huis en die arme Kolf sal moet wag vir sy baaisiekel.

Soetwater,
Dinsdagaand.

Beste Maans,

Raai wat? Dorothy het nou ook 'n kêrel en ons stap en sing net heeldag deur die huis. Waarom dit so moet wees, weet ek nie, maar sy praat nou tog te graag Engels en het tant Bella ook al aangesteek.

Ek wil hê hulle moet self vir jou die hele petalje vertel.

Eers net dit. Toe ek nou van tant Bella van hierdie baie geheimsinnige kêrel verneem, het ek hondse gedagtes begin kry. Dot is 'n ywerige leser van die tydskrif *Kruiekos*. Daarin is 'n rubriek: Vir die Eensames, en ek kry toe vir my al die ou nommers in die hande. Ja, daar staan dit ook:

„Blouoog, Soetwater. Blouoog is 'n nooientjie van 19 wat van swem, perdry en dans hou. Sy vra ongetroude mans van tussen 20 en 30 om aan haar te skryf. Is nogal oulik met 'n ligte bos krulhare, 'n nie onaansienlike lyfie nie en twee viets bene. Sluit asseblief kiekies in."

Nou wel, Maans.

So omtrent drie weke gelede kom ek een agtermiddag so stryk van sesuur by die huis aan en vind tant Bella en Dot se wêreld onderstebo. Tant Bella hardloop in die gang rond en Dot se stem klink benoud uit die badkamer. Ek herken die stem nie eens nie. Dis effentjies en bietjie, ek bedoel die stem, en 'n toonskaal hoër as ander dae.

„Die arme Dot tog!" sê tant Bella en hardloop na die kombuis en kom 'n oomblik later terug met 'n kastrol kokende water.

„Hurry, mother!" skree Dot in haar nuwe stem.

„Coming!" sê tant Bella.

Ek stap badkamer toe. Daar staan Dot gebukkend oor die wasbak en, glo dit nou as jy wil, sy het nie meer die rooi-bruin hare van weleer nie, maar nou iets tussen die kleur van goeie plaasbotter en ryp koring.

„En nou?" vra ek.

Tant Bella spoel die skuim van Dot se hare af.

„Dot hou nie meer van die gedaaide hare nie en wil weer haar ou hare terug hê," sê tant Bella.

Ek glimlag net. Wie dink hulle is ek miskien? Ek ken mos hare.

Dit was die eerste teken, die voorspel tot grotere dinge.

Van daardie dag af kry ek Dot gewoonlik in haar kamer met 'n Engelse roman op die skoot en 'n kardoes lekkers voor haar. In drie dae het sy verteer: *Mellow Moon* van Charles E. Burns, *Evening Madness* van Sally B. Silkes, *Wonderful Spring* van C. K. Epps, *Come Night, Come Madness* van Bright H. Soames en *Say it with Kisses* van George M. Styles. Die kind het begin lyk na 'n koei net voor jy haar uit die klawerland jaag. Die oë het al groter en groter gerek met so 'n dowwe waas oor hulle wat jou aan goeie uitvoerdruiwe laat dink het.

„I don't take sugar in my tea, thank you," sal sy sê as ons nog met die pap besig is en dan sal sy teen die oorkantse muur tuur soos een wat nie in hierdie ou aardse wêreld is nie.

„I expect a letter from Arthur to-day," sal sy sê en die servet by die mou probeer insteek. „Arthur is usually só considerate."

„Arthur wants me to read *Under the Swaying Elms* by Una T. Little," piep sy met 'n klein stemmetjie en gooi die eerste lepeltjie sout in haar tee.

„Your father was English-speaking too," sê tant Bella.

Ek rek my oë. Sover het ek nog nie daarin geslaag om uit te vind wie nou eintlik haar pa is nie. Lappies van Zyl was tant Bella se eerste man (portret in die gang), George Costa het die tweede beurt gekry (sy portret staan op die klavier en hy is die man wat deur die muil op die perde-vendusie doodgeskop is), maar van Calvin Jurien is hier nie 'n portret nie.

„Jy moet iets van Charles Garvice probeer kry, Dot. Hy skryf tog te pragtig. Hy het *Absence Makes the Heart Grow*

Fonder, geskryf, O, ek het só gehuil. Dis **vreeslik mooi.** Hoekom is Engelse boeke altyd so dierbaar!" sug tant Bella.

Dot sug skielik dat die gordyne amper daarvan roer.

„Arthur is so lonely," sê sy, bars in trane uit en hardloop kamer toe.

„Haar pa was net so," sê tant Bella.

„Wie was haar pa?" vra ek.

„'n Wonderlike man!" sug tant Bella. „Toe ons verloof was, het hy my eendag deur 'n rivier gedra. Daar was nie baie water nie, net so 'n bietjie, maar hy wou nie daarvan hoor dat ek my skoene uittrek nie. O, George, ek is so eensaam!" sê tant Bella en die oë swem skielik in die trane.

Tant Bella druk die sakdoek onder haar neus, spring op, hou die een hand dramaties bo haar kop en storm die eetkamer uit.

Maans, so het dit vir drie volle weke aangehou tot ek later die piep wou kry. Maar verlede Donderdag het die koors sy hoogtepunt bereik.

Ek kom die namiddag so teen halfvyf se kant tuis en vind die hele huis in rep en roer. Nou moet jy onthou as ek sê die hele huis is in rep en roer, dan bedoel ek tant Bella is soos 'n broeishen en Dot soos die afdwalige eendjie. Tant Bella stap sulke tye nie en, waarom weet ek nie, maar is dan gewoonlik in haar rooi kamerjas en die hare varkstertjies met 'n duisternis van krulpenne en bandjies. Dot sit dan iewers op haar troon en tant Bella moet haar bedien. Vanmiddag is dit weer so.

Ek merk oom Lappies van Zyl, salige nagedagtenis, se portret is nie meer in die gang nie. Dan seker in die sit- of eetkamer. Ook nie. Op die klavier, omring van twee blompotte met blomme, lag George Costa my toe.

So in die verbygaan — tant Bella wikkel sulke tye in die gang op of af soos die sneltrein Oranje — vra ek haar waar Lappies se vergroting is. Met 'n geskreeu van remme en 'n geknars van wiele steek sy voor die badkamerdeur vas.

„Moet tog nie iets voor Arthur sê nie. Ek het hom op die solder gedra," sê sy.

„Hoekom dan? Dis dan tant Bella se mooiste man," sê ek.

„En moet tog nie van my mans praat solank Arthur hier is nie. Mans . . . . jy weet hoe hulle is. Hulle dink 'n vrou moet tog nie 'n tweede keer trou nie. Arthur sal dink ons is van die taai soort en dan wonder hy sy lewe lank hoe Dot se tweede man sal lyk," verduidelik tant Bella.

„Maar waarom nie liewers vir oom Lappies gehou nie?" wil ek weet.

„Nee, sien, Arthur is Engels en toe sê ek: ‚Lappies, dit sal nie vir lank wees nie. Die man bly net vir die naweek!' "

„En wanneer kom Arthur?" vra ek.

„Vanaand of môre. Hy was nog nie seker nie. Ooo . . . . ek kan nie staan en gesels nie. Verskoon tog maar. Die koffie is in die oondjie. Daar is nog honderd-en-een dingetjies; Dot moet reggemaak word, ek wil koek bak en Arthur is nou-nou hier. Dot! Do-ôt!"

„Here, mother."

„Wat dink jy, sal ek die wit deken oorgooi of die kriem ene? Is ook so; die witte het drie gaatjies ingebrand. Calvin het altyd dinge gebrand. Ek het altyd gesê: ‚Calvin, jy brand alles. Jy sal nog eendag jou uitlê-klere ook gate in brand.' Koek, is dit jy wat brand? Ek ruik mos iets. Hede, Dot, hier hou iemand voor die deur stil. Dis seker Arthur."

Dit moes tant Bella nie gesê het nie. Hier kom Dot uit haar kamer en storm deur na tant Bella se slaapkamer en nooit as te nimmer het ek nog so 'n gesig gesien. Die gesig is toe van die gesigsroom en die hare is in een van tant Bella se voorskote toegewikkel.

„Hoeee, hy moet my tog nooit so sien nie!" gil sy.

In die agterhoede kom tant Bella met Dot se groen kamerjas. Dit het 'n bietjie vinnig gegaan, maar toe Dot

flussies by my verbystorm, was dit al vir my of sy net haar harnas en borswapen aanhet; verder niks.

Ek het vir my 'n voorstelling van Arthur Drew probeer maak. Kyk, het ek gesê, die man is Engelssprekend en Arthur Drew klink heeltemal romanties. Hy is seker 'n bietjie rooi in die gesig, kort en geset en ja, seker maar stil. Hy sal hier kom en daar oorkant George Costa gaan sit om deur tant Bella en Dot bedien te word. Volgens Dot lees hy graag en so sal hy seker met een of twee van Bright H. Soames se romans onder die arm rondstap. Hy sal leepoë hê en baie sug.

Ek het sy koms met amper groter spanning as die ander twee afgewag. Dot het die aand nie iets geëet nie, agtuur haar verskyning gemaak en in die sitkamer gaan sit met die roman, *Say it with Kisses* van George M. Styles. Sy het nie gelees nie. Kort-kort hoor ek hoe die armbande tingel-tangel en weet sy wys nou vir Arthur waar om te sit. Van die wenkbroue het nie veel oorgebly nie en, Maans, die ooghare was amper twee duim lank. Praat jy met haar, hang die ooglede en die mond trek op 'n laggie soos die studente in my dae met ontgroening gehad het. Maar al wat kom, is Arthur Drew.

Ons het gaan slaap, opgestaan en met die ontbyt begin. Arthur sou met sy motor kom. So uit die verte hoor ek die doef-doewe-doewe-doef van 'n motorfiets. Tant Bella sê: „Seker Okkert van oom Gawie Diepwater." Dit was in my gedagte ook. Die motorfiets doewe-doef in die straat verby en na vyf minute hoor ons hom weer nader. Niemand neem daarvan enige notisie nie.

Toe ons weer sien, staan hy in die eetkamerdeur, hy, Arthur Drew.

Voor hy begin praat, wil ek jou eers 'n beskrywing van hom gee, Maans. Hy is net so min 'n Engelsman as wat ek een is. Dit kan ek aan sy gesig sien. Hy is amper ses voet, 'n gesig oortrek van knoppies onder die vel, twee groot, ronde oë en kroeshare. Hy het 'n dik, vlesige mond, dik nek en oë wat jou uitdagend aangluur. Selfvertroue ook, baie.

Hy gluur ons vir 'n oomblik aan en pyl reg op my af. Die handskoene word uitgetrek en die mus van die kop afgestroop.

„Ek is Arthur en jy is seker Dorothy," sê hy en storm my.

Ek wys verwese na Dorothy wat op hierdie oomblik gil en sê: „Oh, Arthur, my darling."

„Dorothy!" roep hy uit en maak sy arms wyd oop.

Dit pas so reg in Dot se kraam. Met 'n gil storm sy in sy arms en ek moes nou dink aan die vendusie van weleer.

„Dorothy, Dorothy, Dorothy!" sê hy.

„Oh, Arthur, at last!" antwoord sy en wat haar bedoeling daarmee is, sal sy alleen weet.

„Kom ons praat maar Afrikaans," sê Arthur.

Maar Dot is in die land van newel, die land van Sally B. Silkes, Charles E. Burns en George M. Styles.

„Dot is flou. Carry her to her room, Arthur," beveel tant Bella.

Ek kan die trotsheid op Arthur se gesig sien, die trots wat al julle mans het as julle jul krag oor ons besef. Arthur tel haar in sy arms op en met tant Bella in die voorhoede stap hy nes Charles Boyer kamer toe. Jy moes haar gesiggie gesien het, die koeëlronde gesiggie en die hare wat in sulke gerwe oor sy arm hang.

Al wat ek nog hoor, is: „Die skok was vir haar te groot, Arthur. Sy wag al twee dae vir jou."

„Ek moes haar gewaarsku het," sê hy trots.

Dit was die tuiskoms van Dot se ridder.

Toe ek die middag huis toe kom, vind ek hom reeds goed gevestig. Hy het sy Hawaiïese ghitaar saamgebring en ek sou vir drie dae niks anders hoor as pieng-uung-um; paang-uung-um nie. O, hy is 'n ridder so reg na die hart van Sally B. Silkes. Na vier uur het hy reeds sover gevorder dat hy Dot op sy skoot het en tant Bella aan sy voete.

„Hy is 'n wonderlike man!" begroet tant Bella my by die deur. „Hy het ons al laat lag, vreeslik! En net die regte

man vir Dot. Hy sit nie 'n meisie op 'n perrestil nie. Nee, hy klim self op die perrestil en dan moet die meisie hom bedien."

„Ek denk weer vanaand aan die brug op ons plaas" sing Arthur luid en so tussenin hoor ek: pieng-uung-um; paang-uung-um.

En toe ek in die sitkamer kom, gooi hy Dot letterlik van sy skoot af, storm my en sit sy arm om my lyf terwyl hy sê: „Julle is 'n klomp mooi meisies op Soetwater."

„Arthur, ek kan nie meer lag nie," verseker tant Bella hom.

„Julle sal my nog leer ken. My ma sê almelewe: ‚Arthur, jy moenie so wees nie. 'n Nooi glo 'n man glad te maklik.' ‚Maar hulle wil mos 'n man glo, Ma,' sê ek. ‚Hulle is so gemaak en is hulle nie goed gemaak nie?' Em, of wat sê jy, Issie?"

Hy gee my nog so 'n drukkie as rente op wat ek reeds ontvang het.

Ek wikkel my los.

Arthur Drew stap na die klavier en ek ys vir wat nou gaan kom. Miskien tokkel hy nog op die klavier ook, maar ek het my misgis. Hy gaan voor George Costa se portret staan en begin 'n monoloog.

„Hallo, George, old sargeant. Wat het jy om ons te vertel?" Hy draai hom na ons toe: „Hy het nou net sy regteroog geknip." Dan weer terug na George: „George, sy is mooi. Hoe sal jy van my as skoonseun hou?" Weer oor na ons: „Hy sê hy gee nie om nie." Oor na George: „Ek is Drew, Arthur Drew, vee-spekulant, digter en komponis. En jy? Okay, okay, George, ek wou nie nuuskierig wees nie."

„Hy was 'n groot perdeteler," sê tant Bella.

Ek rek my oë.

„Just fancy, George," sê Arthur. Arthur hou sy kop skuins en tel George se portret op. „Ek sou jou graag geken het, Chum. So is die lewe, nè? Nou ja, George, hulle sê ons moet almal gaan."

„Een van sy pragtigste perde, Sonny Boy — jy het tog al van Sonny Boy gehoor? — Sonny Boy het my dierbare man doodgeskop."

Ons het dit nie een verwag nie. Tant Bella raak troosteloos aan die huil. Arthur laat nie op hom wag nie. Hy vat tant Bella in sy arms en sê: „Dis niks nie, is dit? Ons is nog hier. Ons sal vir jou sorg; Dorothy en ek," en hy hou een hand uit na haar.

Dot hardloop tot by hom. Stil stap ek uit die sitkamer.

Dit is Arthur Drew. En weet jy, Maans, ons meisies is dankbaar vir mense soos Arthur Drew. Dis hulle wat ons tot by die sewende hemel bring.

Volgende week hoor jy weer van,

ISSIE.

Soetwater,
Dinsdagaand.

Beste Maans,

Moet ek maar ophou om aan jou te skryf? Dit lyk my jy het nie meer sinnigheid om my briewe te beantwoord nie. Miskien moet ek jou nie kwalik neem nie, want die mens wat jy in die Kaap geken het, bestaan nie meer nie. Om my briewe te ontvang, moet vir jou wees soos iemand wat vir jou uit 'n ander en onbekende wêreld skryf. Dis seker nie jy wat verander het nie, dis ek. Ek sal dan maar aan jou skryf tot ek voel my briewe is onwelkom en dan . . . . dan sal ek maar swyg.

Maans, ek was verlede naweek op Waenhuiskrans, die plaas van oom Giel Opperman. Dis die man van wie ek jou in my eerste briewe geskryf het, die sku man wat my die eerste dag op die stasie kom ontmoet het. Ek moet beken ek het geen sinnigheid gehad om te gaan nie. Jy weet mos self hoe vol fiemies ek met kos is en hoe 'n kruis dit vir my is om by wildvreemdes te gaan kuier. (Jy sien self, Maans, hoeveel daar van die ou Issie Lourens nog in my oor is.) Maar ek

kon nie nee sê nie, nie vir oom Giel Opperman nie. Die man sou te seer kry. Dit was reeds vir hom so 'n swarigheid om vir my, 'n Kaapse nooi, uit te nooi.

Hy het vir my en hul drie kindertjies wat nog op Soetwater op skool is, die Vrydagnamiddag kom oplaai. Toe ek sy motor sien, het ek dadelik gedink aan die dag by die stasie en hoe die motor net hôiing, hôiing, hôiing gemaak het en verseg om te vat. Hy het ook aan daardie dag gedink en was glad senuweeagtig om die aansitter te druk. Met baie duidelike verligting het hy geluister na die brom van die masjien, geglimlag en sy lang hare reggeskud. Ai, ek het hom jammer gekry. Hy was so bang om op pad met die geleerde juffrou te gesels.

Nie sy drie dogtertjies nie. Hulle name is: Tippie, Marlein en Susann. Marlein, die tweede outjie, is 'n lewendige mensie. Die oë skitter net en sy is altyd reg vir lag. Maar Susann is 'n oulike gogga, gesels soos 'n stokou mens en pak uit alles wat in haar gedagte is. Ek wens hulle was my kinders, want ek sou hulle darem so ouderwets aangetrek het, maar mevrou Gesie Opperman het nie die nodige smaak nie. Die rokkies is gans te lank, die hare is in twee vlegsels en die skoentjies is op die plaas gemaak.

Waenhuiskrans is so twaalf myl van Soetwater. Daar is 'n hoë koppie naby die huis en hier is die krans wat glo so uitgehol is dat jy jou bokwa daarin kan trek. Nou word die waenhuis as bokkraal gebruik. Dis 'n verlate wêreld, Maans, kaal en jy kan myle ver sien en jy wonder of hierdie mense ooit 'n ander sterfling sien.

Tant Gesie is 'n vrou van so om en by die veertig, grof, blas en onaansienlik. Sy is soos Moses en nie eintlik wel ter tale nie. Ek merk sy laat maar alles aan haar man oor asof hy die wêreld se ervaring en kennis in pag het. As hy met haar praat, voel jy dadelik hy is gewoond om dinge vir haar te bestuur. By haar hoef hy nie senuweeagtig te wees nie. Hy noem haar Kinna, en hoe 'n mens van Gesie Kinna kan maak, weet ek nie.

Hulle het nie spoggerige meubels nie, maar is tog baie trots op hul trap-naaimasjien, die paraffien-gloeilamp—hulle noem dit die Gloria-lamp — en twee groot porselein blompotte met ore en waarop 'n nooientjie, handgeverf, by 'n swetterjoel honde staan. Die kinders weet hulle mag nie aan die Gloria-lamp of die blompotte raak nie. My kamer se deur gaan van hul kamer uit en daar staan 'n dubbele bed met hoë style en 'n kap van spierwit lakense goed bo-oor. 'n Muurkassie, Maans, met bo- en onderdeure en daar kan ek my skoene en onderklere bêre. My rokke, sê Kinna, moet ek tog maar asseblief in hul hangkas bêre. 'n Wastafeltjie met grys marmerblad en 'n yslike wit kom en beker. Ek het die groot seeppot sommer met ons aankoms opgemerk en gewonder waarom die groot vuur onder hom brand, maar na oom Giel emmer na emmer kookwater in 'n sinkbad in my kamer gegooi het, het ek nie meer gewonder nie. Maar dit was so by halftien se kant.

Na die aandete, beeswors en gebakte eier, het die kinders om die trap-orreltjie vergader en oom Giel het sy plek voor die orrel ingeneem, maar nie voordat hy my gevra het om te speel nie. Toe ek nie wou nie, het hy self gaan sit.

„Ons sing saans," het hy verskonend gesê.

Sy vrees vir my het so 'n bietjie verdwyn al. Ek hou van oom Giel. Hy is so groot, so onhandig en gedurig in die pad van ander. „Ekskuus, Giel, ek wil net verbykom met die sop," sal Kinna sê en dan kan hy hom so ontstel; of „Ekskuus, Pa, ek wil net verbykom," sal een van sy kinders sê en as hy opsystaan, is dit net om op die kat of Kinna se tone te trap.

„Ek is ook so groot, juffrou; ek is maar altyd in die pad. Jy moes my pa gesien het. Hy was eers groot," sal hy sê en dan so met sy kop op en af speel. Dan kam hy eers weer 'n slag met sy vingers deur sy hare.

„Moenie skrik nie, juffrou, hierdie outjie sing baie vals," sê hy en sit sy hand liefdevol op klein Tippie se kop.

Kinna doen nie mee nie. Sy het eenkant in 'n leunstoel gaan sit en staar nadenkend voor haar. Voor die trap-

orreltjie klink dit min of meer soos in die vyeboom as die spreeus rêrig op hul volopste is.

„Sing ‚Stille Nag,' Pa," sê een.

„Nee, ons sing liewers ‚Die Heiland is gebore'," sê 'n ander een.

„Ek wil nie sing nie," huil-klae Susann.

„Aag, stil, jy kan nie eens sing nie," maak Marlein die jongste outjie stil.

En toe trek hulle vier los. Dis reg. Susann kan nog nie sing nie en Marlein en Tippie het mooi stemme, maar wat sal ek van oom Giel sê! Sy stem is seer sekerlik sterk en laat my dink aan Susara as sy al die klankklawers van die kerk-orrel oopgetrek het. Daar is baie klank, maar ag! dit hou selde die wysie. Ek kyk na Kinna, maar sy is òf daaraan gewoond òf sy is klankdoof. Toe die eerste lied gesing is, sê oom Giel: „Ag, Tippie, my ou kind, moenie so hard sing nie." Verleë kyk sy om na my. Ek glimlag en toe skyn die son weer.

Voor ek onder die haelwit laken en deken gekruip het, was oom Giel seker tien keer by my deur om te hoor of ek nie iets nodig het nie.

„Is die water nie te warm nie, juffrou?" wou hy weet.

„Nee, dankie, oom, dis net reg," antwoord ek.

„Ek kan die hortjies toemaak, dan kan jy lekker laat slaap," gee hy 'n rapsie later aan die hand.

„Ag nee wat, dankie, oom."

„Kinna wil weet of jy nie melk en uitgedroogde beskuit sal eet nie?" kom die bekende stem deur die deur.

„Niks vir my nie, dankie."

„Juffrou, juffrou!" 'n rukkie later.

„Ja, oom?"

„Kinna sê sy het lekker karringmelk . . . ."

„Tog nie vir my nie, oom."

„Sê dan maar as jy iets nodig het."

„Goed, oom."

Onder die wit deken lê ek lank op my rug en peins. So 'n stilte en 'n vrede ken ek nie. Ten spyte van my teenkanting het Kinna tog uiteindelik 'n glas melk en een vars bolletjie op my tafeltjie voor die bed kom sit. Oom Giel en Jonas het ingekom en die sinkbad uitgedra en my kers is vervang deur die Gloria-lamp.

„Juffrou moet net 'n paar pompe gee as die lig dof word," raai oom Giel my aan.

Toe begin 'n vrede oor my kom en ek wonder hoe hierdie mense van die Kaapse lewe sal hou.

Hier is Marlein weer.

„Juffrou, Pa stuur *Die Kerkbode*. Dis 'n oue, maar hy kan nie hierdie week se ene kry nie."

„Dankie, Marlein. Wanneer gaan jy dan slaap?" vra ek en vat haar handjie.

„Juffrou," snuif, „Pa gaan nou eers voete was," snuif, „en dan gaan Ma vir ons was en dan gaan ons slaap." 'n Paar snuiwe. „Juffrou, Ma sê as juffrou wil slaap, dan draai juffrou net die Gloria-lamp hier af. Nag, juffrou."

By die kamerdeur maan sy die ander twee wat skynbaar in die buurt is aan om vir my nag te sê.

„Haai, kom sê vir juffrou nag. Ek sal vir Ma sê hoe ongeskof julle is." Reken 'n bietjie: ongeskof!

Tippie en Susann word by die kamerdeur ingestamp.

„Na-ag, juffrou," sê hulle tweetjies.

„Haai, moenie vir juffrou so kyk nie. Is julle nie mense gewoond nie?" sê Marlein. „Trek toe die deur."

Trek toe die deur. Watter wonderlike woorde op so 'n aand, Maans. Ek kyk op my horlosie en sien dis nog maar kwart voor tien. Ek sal die Gloria-lamp dood draai, Maans, my gesig na die muur draai en huil om iets wat Soetwater se mense het en wat ek al lankal verloor het. En jy ook, Maans, en so baie ander.

Lomerig word ek wakker met die geblêr van ooie en lammers in my ore. 'n Kar dreun oor die werf; iewers die soem van 'n roomafskeier.

„Juffrou . . . . môre, juffrou. Die koffie, juffrou."

„Môre, Marlein."

„Ek wil ook graag in pajamas slaap, maar Pa sê dis net slegte mense wat in pajamas slaap," sê Marlein.

Ek lag. Hier kan 'n mens jou nie vererg nie.

„Ma sê juffrou moet bly lê, want dis makliker vir Ma om die kos kamer toe te bring."

„Ek sal, Marlein."

„Pa wil hê Ma moet vetkoek bak, maar Ma sê 'n mens gee nie vir 'n juffrou vetkoek nie. Pa is vreeslik lief vir vetkoek en nou dink Pa almal hou van vetkoek, sê Ma."

Die ander tweetjies het by die kamerdeur bly staan.

„Môre, Tippie; môre, Susann," sê ek.

„Juffrou, hulle is skaam; hulle sal nie môre sê nie. Ma sê sy weet nie waar hulle vandaan kom nie. Seker maar van Pa se mense. Toe, sê môre of loop uit," gebied Marlein.

Te gou was hierdie naweek verby, Maans, en ek en die kindertjies moes weer dorp toe. Toe ons Soetwater nader, kom daar sommer so 'n wonderlike gevoel oor my. Ek wil hierdie mense seën. Dis of ek verlang om George Ulman, oom Gawie en die ander weer te sien.

Daar het slegte nuus vir my gewag. Waarom is die soet en die suur so innig in die lewe vermeng? Hoeveel lewe en liefde en jeug het ek nie hierdie naweek gesien nie, en tog was droefheid net hier om die draai.

Maans, tant Jaatjie is daar nie meer nie. Sommerso stil in haar slaap gegaan en nou is tant Naatjie alleen. Toe ek die tyding kry, lui die kerkklok juis vir die aanddiens.

Ek stap haastig oor na tant Naatjie se huisie in die onderdorp. Die hekkie klae jammerlik; nog die blomme hier en die aandgloed en 'n rokie uit die skoorsteen.

Ek klop aan, draai die deur oop en stap binne. Tant Naatjie het die geklop gehoor en kom nou juis die voorkamer binne.

„Tant Naatjie, ek het nou net eers die tyding gekry . . . ."

„Ek weet. Jy was by Giel Opperman," sê tant Naatjie gelate.

„Ek voel vir tante só jammer . . . . ," begin ek.

„Waarom sal jy, Issie? Ons moet almal gaan en sy was klaar om te gaan. Sit, Issie," sê sy kalm.

„Maar tante? Hoe sal tante tog sonder haar klaarkom? Dit was altyd haar bekommernis."

Tant Naatjie glimlag. Ja, Maans, sy hét geglimlag.

„Dis goed, Issie, dat sy eerste gegaan het, want sy was so afhanklik van my. Sy sou haar morsdood getreur het," vertel sy.

„Kan ek nie iets vir tante doen nie?" vra ek.

„Nee, dankie, Issie. Ek het alles hier," antwoord sy en haar oë gaan na die medisynekassie in die oorkantste muur.

Sy wil weet of ek darem die naweek geniet het. Dan vra sy belangstellend uit na Giel en Kinna en die ou kindertjies, soos sy die drietjies noem. En terwyl ek antwoord en my verwonder oor soveel moed en gelatenheid, sien ek weer al die bekende voorwerpe voor my: daar is die bruin huishorlosie met die gewigte aan lang kettings en die baie tierlantyntjies aan die horlosie, die borsbeeld van ou Gladstone, die waterbeker met glase en die porseleinhen op die eiers.

„Sy is nie dood nie; sy slaap net," sê tant Naatjie. „Sy het altyd vir ons Liewenheer gevra om haar nie 'n lang siekbed te gee nie. En nou het ons Liewenheer haar sommerso na Hom geneem."

Nou kan ek my trane nie langer bedwing nie. Tant Naatjie praat nie verder nie en laat my stil begaan. Ek snuit my neus en droog my trane af, want ek het skielik skaam gevoel.

„Bella en Dorothy het gekom en haar uitgelê. Ek was so dankbaar, want ek sou dit nie kon doen nie," vertel sy.

Die voëltjie wip 'n slag uit. Hoeio! klink dit in die voorkamer.

„Ek het gekom om tante te troos en nou het ek troos by tante gekry. Ek voel eintlik skaam."

„Jy hoef nie, Issie. Julle is almal so goed vir my. Ek het nou andermaal gesien hoe goed my medemens is. Ek het nooit van Jaap Kannemeyer gehou nie en hy was een van die eerstes om te kom en het 'n skaapboudjie en twee ribbetjies gebring. En nou is ek spyt oor alles wat ek van Jaap gesê het," peins tant Naatjie.

Ons sit vir 'n oomblik stil en dan sê ek weer: „Tante kan nie so alleen hier bly nie."

Sy glimlag. „Ek is mos darem nie alleen nie, Issie. Jy weet, kindjie, ons Liewenheer sal my gou na Hom toe neem. Hy weet mos al hierdie dinge," antwoord sy.

Jy weet, Maans, ek het hiernatoe gekom om te kyk of ek tant Naatjie nie kan help nie, en nou is dit sy wat my met haar geloof sterk.

Toe ek opstaan om te loop, sê sy: „Sy het eendag vir my gesê as sy gaan, moet ek haar Bybel vir jou gee, Issie. Sy was altyd baie lief vir jou. Wag so 'n oomblikkie dan gaan ek dit net haal," en sy stap oud en geboë na hul slaapkamer om 'n rukkie later terug te kom met die Bybel.

Ek onthou die Boek so goed. Tant Jaatjie het elke Sondag met hom voor my in die kerk gesit.

So het tant Jaatjie gegaan, Maans, en so het tant Naatjie agtergebly.

Groete van,

ISSIE.

NS. — Ek merk tant Jaatjie het Psalm 23 vers 1 in haar Bybel dik onderstreep. Nou verstaan ek baie meer dinge; haar mensliewendheid, vertroue, godsvrug. Nag, Maans.

Soetwater,
Sondagaand.

Beste Maans,

Baie dankie vir die brief wat jy my darem na drie weke gestuur het. Ek het gedag jy gaan nie weer skryf nie. Ons het mos saam besluit dat ek Soetwater toe sal kom sodat ons

ons ware gevoelens vir mekaar kan agterkom en nou moet ek nie kla nie. Jy is nog dieselfde Maans, maar ek het verander. Ek is nie meer die Issie van vroeër nie. Waarom? Lees hierdie brief aandagtig deur, lees al my vorige briewe met aandag en kyk of jy nog hierdie Issie ken.

Ons het 'n yslike beroering op Soetwater gehad. Die kerkraad het dan uiteindelik besluit om Susara Deetlef, ons orreliste, se dienste af te sê. Dit was seker 'n groot stryd, want Susara het haar aanhang, maar hierdie keer het tant Janie Tulle en haar trawante gewen. Hulle wil 'n jonger een hê, die persoon moet bereid wees, èn bekwaam om musieklesse aan leerlinge te gee en sy moet hoë sertifikate hê. (Tant Janie se woorde.) Arme Susara skiet sommer oral ver te kort. Sy kan aansoek doen, hulle wil almal hê sy moet aansoek doen, maar die beste een gaan aangestel word.

Ek, Issie Lourens, het toe biegvader geword (of is dit biegmoeder?). Tant Janie het een namiddag na my gekom en haar hart uitgepraat.

„Kind, ons het niks teen Susara nie. Haar pa woon in die distrik en hy en my man is yslike vriende. Susara het voor ons grootgeword en vir een wat geen opleiding gehad het nie, is sy wonderlik. Sy speel ‚Moonlight and Roses' vir my tog te pragtig; Gesang twaalf ook. Maar ‚Moonlight and Roses' en Gesang twaalf is nie al wat 'n orreliste moet ken nie. Waar is Largo en Adante, ag, en honderd ander goed nog. Ons het 'n goeie orrel. Petrus du Toit, hy is van die Kaap, sê elke keer as hy die orrel kom stem dat daar nie nog so 'n orrel is nie. Nou ja, nou kan ek nie sien waarom ons met Susara ons hele lewe opgeskeep moet sit nie. Of wat sê jy, Issie?"

„Ek sê tog liewer niks nie, mevrou," antwoord ek.

„Dit kan ek ook verstaan. Maar Susara sal haar nie by die kerkraad se besluit berus nie. Ons moet een of ander tyd van haar ontslae raak en dis nou die tyd daarvoor," meen sy.

Dit was die namiddag. Dieselfde aand so stryk van agtuur klop iemand aan my kamerdeur en Susara draai my deur oop.

„Besig, ou kind?" vra sy.

„Nee, glad nie. Kom maar binne," sê ek.

„Dankie."

Susara, wil ek eers sê, is kort, sommer baie kort. Sy het heelwat van die derde dimensie waarvan die koerante nou so 'n bohaai maak, en as hulle deesdae vet wil hê, hier is vet na hartelus.

„Soe! dis warm," sê Susara en waai haar met die sakdoek koud. „Ek is so ontsteld dat ek nie kan praat nie, Issie. Jy moet my net eers 'n kansie gee," sê sy kortasem.

„Toe maar, Susara."

„Ek is nou sover vol vir ou Janie Tulle en haar ou man," en sy wys met haar hand aan haar keel.

„Ja?"

„Ja. Sê eers vir my voor ons verder praat, hoe speel ek die orrel vir jou?" wil sy weet.

„Ek het nog nooit klagte gehad nie, Susara," antwoord ek.

„Kuier ek op vals note?"

„Is daar dan vals note?" vra ek ontwykend.

Gelukkig gaan sy nie verder daarop in nie.

„Het jy al vir my die huweliksmars hoor speel?"

„Em . . . . nog nie, Susara."

„Traa-doem-de-doem. Traa-doem-de-doem," speel sy so met die stomp vingers voor haar in die lug. „Nes 'n mens by die eerste doem kom, moet jy die voetpedaal 'n raps gee. So. Die eerste doem is kort en die tweede een is net 'n aks langer. Baie effentjies. Jy moet omtrent nie weet dis langer nie, maar dit is tog. Dis wat ou Janie nie weet nie. Pierre van Argelenberg het altyd vir ons gesê dis die gouste wat 'n mens kan weet of een orrel kan speel of te nie. Ek weet net van een dag wat ek die voetpedaal nie sy raps gegee het nie. Dit was met Olive Geyer se troue en daar was 'n goeie rede voor. Jy sien self my beentjies is kort en daardie dag het ek die verkeerde skoene aangehad."

„Jy moet jou nie aan sulke klein dingetjies steur nie, Susara. Ons moet maar almal een of ander tyd kritiek verduur," troos ek haar.

Dit moes ek nie gesê het nie.

„Hulle wil my nou vervolg en allerhande dinge valslik teen my sê, maar dit sal hulle nie geluk nie. Die een kant van ou Janie se man se gesig is al klaar skeef. Maar ek sal niks doen nie, ek sal maar die minste wees en stil ly en verduur. O, hoe swaar en hoe bitter het ek dit tog nie!" sê Susara Deetlef en bars in trane uit.

Ek laat haar stil begaan en na so 'n rukkie begin sy snuit en die trane afdroog.

„Hulle wil my leed aandoen, maar hulle kan nie. Hulle weet maar net nie. Ek sal die ou orrel los, en wat is 'n ou orrel ook nou. Hulle kan hul ou orrel hou, maar hulle sal my nie kan seermaak nie," sê sy ewe geheimsinnig.

Na sy weg is, het ek oor haar woorde begin wonder, maar tog nie geraai wat sy van plan is om te doen nie.

Die anderdagmôre stap ek kantoor toe en gewaar oom Gawie Diepwater langs sy draadomheining. Die ou hou my uit die verte al dop.

„Môre, môre, môre," sê hy ewe plesierig.

„Môre, oom Gawie."

Ek merk die rooi angelier in sy knoopsgat op.

„Nou nie so haastig wees vanmôre nie. Julle jong goedjies is ook altyd so haastig. Julle sal 'n ou man, soos ek, doodmaak."

„Oom moet ook nie met die jong goedjies sukkel nie. Soek vir oom 'n weduwee," sê ek laggend.

Hy korrel so met die een oog sonop se kant toe. Ek begin vrees vir wat in sy gedagtes omgaan.

„Jy reken so, kinta? Dis net waar julle die fout maak. Ons oues lees julle jong goedjies soos 'n boek. Maar dis nie wat ek wou gesê het nie. Is jy vir haar of teen haar?" vra hy en korrel weer.

„Wie, oom?"

„Die orrelis. Vir haar of teen haar?"

„Ek het nog nie so daaraan gedink nie, oom."

„Nou maar dan vra ek jou nou om so daaraan te dink. Vir haar of teen haar?" vra hy weer.

„Is dit net tussen ons?"

Hy stamp met sy velskoen op die nat grond.

„Net tussen ons," sê hy.

„Dan is ek vir haar."

„Dankie, duisend maal dankie. Dis wat ek gereken het. Ek het gedink: Kyk, Issie het 'n hart vir haar ewenaaste en sy sal vir Susara wees. Reg?"

„Reg, oom."

„Reg. Dan kan ek verder gesels. Hou jy van die gewone wysie of van die liederlike wysie?" vra hy.

„Hoe bedoel oom nou?"

„Gesang twaalf," antwoord hy.

Toe begryp ek.

„Oom, ek hou van die liederewysie."

„Reg. Jy kom uit die Kaap en jy het natuurlik al baie orreliste hoor speel. Hoe speel sy vir jou die liederlike wysie?"

„Wonderlik, oom," antwoord ek.

Oom Gawie Diepwater sê iets wat vir my soos ‚hierts' klink en slaan met sy hande teen sy bene.

„Ek dog so. Nou voel ek tevrede."

Dis darem nie die laaste wat ek van oom Gawie Diepwater gesien het nie. Die volgende dag is ek knap op kantoor of hier is oom Gawie.

„Besig, ou kind?" vra hy.

„Ek is nogal, oom."

„Dit kan wag. Sit jou papiere en goeters weg en dan luister jy na my."

„Ek sal luister, oom. Ek hoop net nie oom sal my lank ophou nie. Gesels maar."

„Nee, sit eers die papiere weg."

Laggend doen ek dit. Ek weet dit help tog nie om vir oom Gawie kwaad te word nie.

Hy sleep 'n stoel tot amper vas teen myne.

„As jy nou 'n ouerige man in die oog kry, so taamlik ouerig maar nog nie kouerig nie, hoe sal jy hom nou graag wil hê? Moet hy ook presentjies bring soos 'n jong man?"

Ernstig oorweeg ons die vraag.

„Dis moeilik om te sê, oom. Ek dink dit sal alles afhang van my gevoel vir hom," antwoord ek.

„Nou maar sê nou maar die gevoel is reg. Wat dan?"

„Dan sal ek nie omgee nie, oom."

„Em . . . . ," brom oom Gawie en ek wonder of ek nou die regte antwoord gegee het. „Soort?" vra hy.

„'n Meisie hou van reukwater of miskien mooi sakdoekies, of . . . . of 'n handsakkie. Gee haar 'n handsakkie, oom."

„Prys?" vra hy en gooi sy kop so dwars.

„'n Goeie handsakkie is ongelukkig vandag duur. So drie pond . . . ."

„Geeftag! Nee, so lief het ek haar nog nie. Ek sal nog 'n bietjie wag," is oom Gawie se besluit.

Die volgende aand is dit weer Susara wat my in my kamer by tant Bella kom besoek. Baie geheimsinnig wil sy weet of ons darem privaat is, want sy vertrou tant Bella en haar dogter nie. Ek kon sien dat sy belangrike nuus het, want daardie blink van die oë en die rustelose rondstanery kan maar net een ding beteken. Skielik dring tot my gedagte deur: oom Gawie Diepwater. Ek was darem nie heeltemal reg nie.

Sy begin daar verlangs.

„Ek sal nou maar die ou orrel bedank, Issie," sê sy en alhoewel die woorde vreemd mag klink, was hulle vir my tog heeltemal duidelik. „Hulle kan hulle ou orrel vir hulle self hou en ou Janie Tulle kan snags daarop gaan speel. Ek weet ook nie. Ek het nog nie vas besluit nie. Mnr. Staas wil hê ek moet in sy kantoor kom werk en dan is daar nog 'n ander

moontlikheid ook, maar daarvan gesels ons later. O, Issie!" sê die potjierol en gooi haar dwars op my bed en steek haar gesig agter haar hande weg.

Sy loer vir my 'n slag deur die vingerskrefies, maar toe sy sien ek hou haar dop, maak sy die skrefies toe.

„Issie, kyk hoe skaam is ek nou," sê sy.

Maans, en toe sien ek die wit handsakkie langs haar op die bed lê.

„Ek sal ook nie altyd oor hulle ou orrel verleë wees nie. Ek kan nog net nie besluit nie. Moes jy al 'n gewigtige besluit in jou lewe neem, Issie? Ek bedoel . . . . aag, sommer 'n gewigtige besluit?

„Ja."

„Nou sien, dan sal jy verstaan. Dis nou nie meer die orrel nie. Dis nou iets baie gewigtiger," sê Susara geheimsinnig. „Toe help my dan."

„Hoe kan ek as ek nie eens weet wat dit is nie?"

Sy draai haar om.

„Ek sal maar liewers met my gesig na die muur lê. Ek sal dan makliker kan gesels. Issie, ek moet 'n besluit neem en ek het nie baie tyd nie. Vier-en-twintig uur is nie lank nie. Dis wat ek het; vier-en-twintig uur. Dis ook nog nie die swaarste nie, maar nou was daar twee ander en nes ek wil besluit, dan dink ek aan die ander twee. Ek is darem nog 'n jong meisie, hoor. Ek hoor hier is 'n storie in die dorp rond dat ek al twee-en-veertig is. Ek weet nie waarom die mense so baie lieg nie. Maar al is ek ook twee-en-vyftig is dit darem nog nie tagtig nie en 'n jong meisie dink aan sulke dinge. Hy sê hulle Jordaans word maklik honderd en dan het ons nog twintig jaar, maar dan moet ek gou besluit want twintig jaar is nie lank nie."

Sy wip regop in die bed.

„Gits, het ek tog nie Jordaan gesê nie!"

Ek lag.

„Jy het, Susara. Maar ek weet nie waarom jy jou so ontstel nie. Gaan werk liewer by mnr. Staas as jy so oor oom Gawie voel," sê ek.

„Ek dink ek sal. Ja-nee wat. Alles kan nog gaan, maar ek het vir tant Foelie goed geken en nou sal dit al vir my voel of sy ontevrede gaan wees."

„Nou gaan sê vir hom so, Susara," gee ek aan die hand.

„Nee, ons het anders besluit. Is dit ‚ja', sal ek môre onder die kollekte Gesang twaalf die liederewysie speel en is dit ‚nee', sal ek dit natuurlik nie speel nie. Ons sal natuurlik nie lank wag om te trou nie want, soos Gawie sê, twintig jaar is nie lank nie. Ek voel net jammer oor tant Foelie. Net soos ek vir ‚ja' voel, is dit of sy nie tevrede is nie. Ek is 'n wonderlike mens. As ek besluit om 'n ding te doen, dan doen ek dit goed en dan sal Gawie en ek gelukkig wees. Hulle moet net nie vir my Susara Diepwater noem nie. Aag, maar as ek eers besluit het, sal dit nie saak maak nie. Gawie sê oom Sarel Verwey wil sy huis verkoop en dan gaan ons daar woon. Ek wonder nou al heeldag . . . . Weet jy wat wonder ek nou al heeldag, Issie?"

„Nee, ek kan nie sê nie, Susara."

„Nee, ek wonder mos nou net of ek Gesang twaalf gaan speel en of ek hom nie gaan speel nie," sê sy.

En dit is presies wat ek ook gewonder het, Maans, en daarom het ek vanoggend kerk toe gegaan. Ons was almal daar en toe het ek eers begryp hoe diep Soetwater hom in my ingegrawe het. Ek wil net hier wees en nêrens anders nie. Daar was wolke in die lug, hoë wit wolke, en Niertjiekop en Hondeblafkop het koelte oor hulle gehad toe ek kerk toe stap. Ons was almal op ons gewone plekke; tant Naatjie in die agste bank van voor, middelblok, en tant Bella, Dorothy, Arthur Drew en ek net agter tant Naatjie; tant Alie Verwey en Willa en Kinta het in die linkervleuel gesit net waar die gekleurde lig van die venster val; mevrou Lotriet en Sagrys en Kolf en Noeps en Boet het in die pastoriebank gesit, maar niemand het geweet waarvoor ek wag nie. Oom Gawie het in

die heel voorste bank gesit en dis so sweerlik 'n nuwe pak klere wat hy aanhet. En ag, op die orrelgalery was Susara en sy het gewikkel en gewieg en afgegly as sy die voetpedaal raps dat dit 'n aardigheid is. Hulle praat van kuier! Vanoggend het sy op die verkeerde klawers gekuier nes of sy op 'n lang vakansie was. Raps sy 'n verkeerde klawer, dan kwê dit so effens, maar dan kwa die regte noot weer. Tant Janie Tulle was vir my te komieklik om dop te hou. Kwê die orrel, dan koes sy behoorlik en kyk na tant Alie of sy wil sê: „Kan jy nou self hoor?"

Ek glimlag toe die twee ouderlinge opstaan om die kollekte op te neem. (Daar was vanoggend geen diakens in die kerk nie.) Susara kyk in die spieël voor haar, wikkel haar reg, pluk hier aan 'n klankklep en stoot daar ene toe. Nou, oom Gawie, dink ek, nou kry jy jou antwoord. Die eerste note en dis glad nie, glad nie Gesang twaalf die liederewysie nie. Maar sy speel lustig, die Susara Deetlef. Ek kyk na oom Gawie. Hy het afgeskuif dat jy skaars sy kop kan sien. Toe voel ek sommer boos vir Susara. Sy het alles hier op Soetwater vir ons bederf. Goed so. Sy moet maar waai en by mnr. Staas in die kantoor gaan werk.

En toe sit ek regop en oom Gawie ook. Daar is nou Gesang twaalf, die liederewysie. Susara speel eintlik so met haar kop. Doem, dam, dam, dam, doem, dam, doem, doem, dam, dam. Vir die eerste keer sien ek sy kan ons in die spieël gewaar en haar oë kyk reguit na my. En weet jy wat doen ek toe, Maans? Ek tel my hand op en wuif so effens vir Susara.

En so het oom Gawie Diepwater sy antwoord gekry. Dit was 'n salige oggend in die kerk.

Kan jy ook sien, Maans, ek is nie meer die Issie Lourens van vroeër nie? Iets het met my gebeur, ondervindinge wat ek vroeër nie geken het nie. Sê dis Soetwater se skuld, maar ek het hierdie mense leer liefkry: oom Gawie Diepwater en

sy Susara, George Ulman en tant Naatjie; ag, en tant Bella en Dorothy en Arthur Drew.

Nou wag ek maar op jou antwoord.

Groete van,
ISSIE.

Riebeeck-huis,
Dwaalstraat 10,
Rondebosch.
Dinsdagaand.

Liewe Issie,

Raai wat! Ek het mos toe sommerso onverwags verlof gekry. Ek het verlof gevra maar dis die kry-slag wat so onverwags was. Ek vra merendeels altyd verlof, maar kry nooit, want met my gaan dit soos by die badwater van Betesda (reg geskryf, ou kind?). As ek my verlof wil neem, siedaar! 'n ander het dit reeds en ek moet weer wag.

Nou vir die verrassing — ek hoop dit gaan 'n verrassing wees. Ten spyte van jou beskuldigings (jy weet mos hoe lui ek vir skryf is) het ek so stadigaan geheg geraak aan Dorothy en haar ma en Susara en oom Gawie en George. Ek wil hulle ook ontmoet. Ek wil daar op Soetwater saam met jou rondstap en hulle almal opsoek.

Sommerso kort op die brief se hakke sal ek daar wees en miskien kan jy en tant Janie Tulle my op die stasie kom ontmoet. Presies oor 60 uur spring ek hier op die trein en sal dan Maandag op Soetwater wees.

Reg?

Reg.

Kry vir my 'n kamer by tant Bella — dis te sê as Arthur nie ook daar is nie. Maak ook nie saak nie; kry net die kamer, Issie.

Nog altyd so halsoorkop soos in die dae toe jy hier was, maar darem nog altyd die man wat jy ken as

MAANS.

3

Hier Kom Gawie Jordaan

1

OOM GAWIE DIEPWATER noem sy Susara Kokkenennetjie, of Nen.

Oom Gawie Diepwater is nie sommer so 'n man nie. Hy is klein, skraal, rats en tagtig. Jy sal dit darem nooit sê nie. Neem hom nou asseblief nie kwalik nie, maar hy hou van hierdie ou droewe aardse bestaan. Gee hom 'n lekker bord kos drie maal per dag, 'n mooi vrou in die huis om te waardeer, sy swart koffie, sy drie *Burgers* twee maal per week (die trein kom net op Dinsdae en Vrydae op Soetwater aan) en sy *Huisgenoot* (dié leen hy van ou Sampie Geyer, die koster) en hy vra niks meer nie. Maar dis darem goeie dinge vir oom Gawie. Vat nou swart koffie. As die koppie groot is, die koffie sterk en warm en wat wil jy nou meer hê. En dan *Die Burger*. Oom Gawie skeur hom oop (ook al 'n genot), gee die vroue-rubriek vir Susara, sy derde vrou, lees dan Dawie (daardie dae as daar 'n Dawie is), blaai dan na die binneblad waar daar 'n foto van een of ander jong suiker is — maar Susara moet daarvan tog nie weet nie! — en die dag is vir hom goed.

„Mintag!" sal oom Gawie sê en dan vir Susara lees van sus of so wat al twee-en-neëntig is en nog gereeld perdry; of „Geeftag," en dan vir Susara trakteer op hierdie of daardie Oosterse prins met sy veertig vroue.

Oom Gawie Diepwater was tagtig jaar en vier maande op die vyftiende van hierdie maand gewees. Maar hy is nog regop en wys Susara saans hoe maklik dit is om jou arms bokant jou kop te strek, grond toe te buig en jou hande plat op die vloer neer te sit. Hy het 'n bokbaardjie, twee weglê ore, twee groot hande (ai, Susara) en 'n slap lyf.

Susara Jordaan (nooiensvan Deetlef, van Patrysfontein se Deetlefs) was tot 'n paar dae gelede orreliste op Soetwater, maar toe het oom Gawie haar soos 'n stormwind voor die orrel kom wegruk, en so geweldig was die rukwind dat die orrel amper in die slag gebly het. Sy is kort op die been, lek so aan 160 (dis te sê as 'n mens Neurinski se skaal kan glo), praat nie baie nie — anders sou oom Gawie haar seker nie in gedagte gekry het nie — en hou van snoeperye en ware liefdesverhale.

Twee dae voor hul troue was 'n vreeslike warm dag waarin die lug op jou neergedruk het dat jy amper nie asem kon haal nie. Ag, die bokooie het na die koeltes van die huis gevlug en daar oopmond staan en hyg. Oom Gawie sal die dag nooit vergeet nie, want hy moes juis van sy huisie, daar op die hoek oorkant Neurinski se winkel, na oom Sarel Verwey se huis op 'n ander hoek, oorkant Nolski se winkel, trek. Daardie nag kon geen sterfling dit hou nie. George Ulman het sy bulmatras uitgedra en op die stoep gaan lê. Almal het gesê iets is aan die broei, maar niemand het 'n wolkbreuk in gedagte gehad nie. Die volgende dag was dit so stil soos nog nooit op Soetwater en nog warmer as die vorige dag. Die balke van oom Gawie se nuwe huis het gekraak en geskiet en oom Gawie het weer gedink aan Manie Maritz se kommando tydens die Engelse oorlog. Soetwater se waterfiskaal het die munisipale reëls oortree en vir die tweede keer daardie week sy waterkar laat loop. Dit was warm.

En net so warm of nog warmer was oom Gawie se hart vir sy Kokkenennetjie. Kyk, hy is tagtig en vier maande en Susara was drie jaar gelede twee-en-veertig en het op daardie

ouderdom bly steek nes ou Belie van George Ulman as hy stasie toe wil ry. Oom Gawie was so 'n bietjie onrustig en 'n mens kan dit ook verstaan. Maar na hy na die stilte van sy slaapkamer gegaan het en 'n slag met sy hande aan die vloer gevat het, het die onrus bedaar. Sy vrees het geen grond gehad nie. Op daardie dag sou oom Gawie sy elmboë ook op die vloer gesit het. Maar die duiwel het hom allerhande dinge wysgemaak. Toe stuur hy Jafta met 'n briefie oor na Susara se kamer net om te hoor hoe dit tog met haar gaan. Daar is so baie greef in die rondte, of influensa, as julle nie kan begryp nie. Maar Susara was nog nooit so gesond nie en die duiwel het weer gaan lê net om daardie nag weer op te staan. Oom Gawie het sy hand op sy hart gesit, toe opgestaan en witdulsies gedrink.

Breek aan die dag van die troue. Oom Gawie Diepwater het een troue vriend op Soetwater en dis George Ulman, adres: twee hoeke verder op in dieselfde straat. Soheentoe sal hy vanmôre gaan, want die troue is eers om drie-uur en jou bruid mag jy nie op die dag van die troue sien nie. Oom Gawie is altyd kersregop, maar vanmôre is hy amper meer regop — as so iets moontlik is. Hy stap in George se kafee se koers, groet Jafta en Olyn op Nolski se winkelstoep, korswel so vir 'n heen-en-weertjies met Jaap Kannemeyer se oudste seun om dan by George se kafee aan te kom. George is juis besig om van sy groente op die stoep uit te dra. Dadelik begin hy raas-gesels.

„Koel bly, oom Gawie, koel bly. Nie so baie rondstaan nie. Tewes! Tee-wes! het ek nie vir jou gesê om die kool in die koelte te bring nie! Palmbome, sê die Bybel. Vandag se kinders is miskien fluitjiesriet . . . . Hoe laat vanmiddag, oom Gawie?"

Oom Gawie kyk trots rond. 'n Paar mense het gaan staan om na die gesprek te luister en dis goed. George se stem is mooi hard. Hy is veral bly oor Kotie van Deventer en Maria Strauss wat op Nolski se winkelstoep bly staan. Laat hulle hoor; hulle het ook 'n kans gehad en hulle wou hom nie hê

nie. Hy reken: gee elke meisie een behoorlike kans, maar nie meer nie.

„Drie-uur," sê oom Gawie, haak sy duime in sy onderbaadjie-mousgate en ry so op en af op sy voete.

„En dan? Net so 'n oomblik, oom Gawie. Tewes! Maansie! Soepie! alle my op dees wêreld, waar bly julle dan vanmôre? Dis Jôgrefie en Hiesterie en Ingels tot my kop maal, pleks van kool en wortels en beet. My pa het vir my al die Jôgrefie wat jy nodig het op een plek geleer. Ja, oom Gawie?"

„Ek het vir Susara gesê ons gaan dan net waar sy sê. Daar is Carnarvon, 'n lekker ou plekkie, of Calvinia — ook lekker. Dis nou vir haar om te sê." Hy loer so 'n slag na Kotie se koers. „Ek is selfs nie onwillig om sover as Beaufort-Wes te gaan nie. Maar sy sê toe: ‚Aag nee wat, Gawie, kom ons gaan maar net sover as Carnarvon en dan loop rus ons ons daar uit.' "

„Hier is iets aan broei," sê George. „Het jy die langasemvoël vannag gehoor? Eergister bloedig, gister bloedig en vandag gaan ons les opsê. Oom Gawie, as ek dit nie mis het nie, gaan jy vandag in die water trou."

En dit was ook so. So teen tienuur se kant het rukwinde begin en die peperbome en die wilgerbome het so met hul vingers deur die wind gespeel; in Jaap Kannemeyer se agterplaas het twee perskebome omgewaai en oom Sampie Geyer se windpompkop het tot duskant die pastorie gewaai. Wolkies groter as 'n man se hand, ag, soos twee hande van die groot George Ulman, het bokant Niertjiekop uitgekom. Dit het Soetwater se inwoners nog nooit gesien nie. Die wind het uit twee koerse gewaai. By tye is dit publiek uit die suide en jy maak die vensters aan daardie kant toe en nes jy dink die deure gaan nie weer klap nie, hier ruk hy weer jou gordyne van die noordekant af. Daar steek die weer in die suide op en hier is hy al baftablou in die noorde. Soetwater se mense het van oom Gawie se troue begin vergeet en hul hoenders onderdak gebring.

Oom Gawie doen intussen die laaste werkies. Tant Foelie en tant Gertjie se portret word op die solder gedra, want Susara wil nou ten ene male nie met hulle saamwoon nie. Ook te verstaan. Susara sal nooit hoef te kla nie. As Soetwater se nooiens moes geweet het hoe 'n man hy, Gawie Jordaan is, het hulle die leste ene met hom getrou. Maar dis eintlik Susara wat hy altyd 'n ogie op gehad het.

Oom Gawie en Susara het ook net betyds onderdak gekom. Voor ds. Lotriet nog op die kansel was, of die nuwe orreliste voor die orrel, was hulle twee in die kerk.

„Susara, ek wonder of ek die hoenderhok toegemaak het?" sê hy hard om sy stem bo die gedruis van die reën hoorbaar te maak.

„Ek wonder of hier 'n mens gaan wees. Hoor hoe reën dit," sê Susara weer.

„Hoe sê?"

„Jou stewel is los, Gawie."

Nou druis dit nie meer nie, nee, dis halfskemer in die kerk en 'n lawaai breek los soos oom Gawie nog nie gehoor het nie.

„Hael," sê hy.

Hy los Susara daar op die voorste bank en stap 'n slag deur se kant toe. Daar kry hy oom Sampie Geyer, die koster.

„Hier sal niemand kom nie, oom Gawie. G'n mens sal in die weer uit waag nie. Stene so groot soos duifeiers. En kyk daar, jy kan Niertjiekop nie eens sien nie."

„Goeiste," is al wat oom Gawie kan sê.

„Dis drie-uur. Lui maar die klok, Sampie," beveel oom Gawie.

„Sal ek? Niemand sal hom hoor nie," antwoord die koster.

„Lui!" sê oom Gawie.

En toe word die klok gelui, maar niemand hoor dit nie. Oom Gawie stap 'n slag na sy Susara. Hy kruis sy bene vir 'n lekker lang wag en soek Susara se hand.

„Nie in die kerk nie, Gawie," skree Susara en bloos.

Oom Gawie lag. 'n Vrou is tog 'n eienaardige wese, maar tog so onmisbaar. Penregop sit hy nou en kyk met die nodige eerbied na die kansel. 'n Mens moet so reken: dis die eerste keer dat Susara trou en die dinge sal vir haar vrimderig voel. Om haar op haar gemak te laat wees, skud hy die sluier 'n slag reg.

So 'n reën het Soetwater se mense nie geken nie. Maak die weer so 'n slag oop na Hondeblafkop se kant, pak hy weer saam bokant Niertjiekop. 'n Donker mis kook so voor die wolke uit en dit lyk kompleet of die wolke op die grond sleep. Rooi waters raas deur die strate en in die kerk wag oom Gawie Diepwater.

Skuins voor vier kom George Ulman daar aan en in die agterhoede Tewes, Maansie en Soepie. Oom Gawie staan ook sommer op en stap ewe vrypostig tussen die banke rond.

„Oom Gawie, dominee sê hy sal kom so gou die weer 'n slag afbreek. Ek was nou by hom. Sie julle opstaan uit die bank! Dis die pastoriebank. Sit in ou Jaap Kannemeyer se bank as julle dan wil sit. Giel Opperman se tuishuis is onder water en by ou Janie Tulle kan g'n mens kom nie."

George Ulman is kaalvoet en het sy broek tot bokant sy knieë opgerol. Dis stewige kuite en die groottone lyk soos skilpadkoppe.

„Iemand sê my die ou put het toegespoel en die water het sommer oor die olie-injin gespoel," raas George. „Hetta sê: ‚Foei tog, en Susara moet nog trou,' maar ek sê wat het die water nou met Susara te make. Laat die water kom. Dis droog genoeg. Susara sal nog haar kans kry om te trou."

„Jy weet nie hoe dit daar by my huis gaan nie, George?" wil oom Gawie weet.

„Ek kom nou daarvandaan. Die water is om die huis, jou hoenderkamp het teen die buitekamer vasgespoel en net waar jy kyk, drywe hoenders. Tewes, weg julle daar van die doopbak! Julle is nes klein hondjies. Waarom Dawid vir

julle palmbome noem, weet ek nie. Miskien is dit oor die klomp kos wat julle opeet. Wie kan sê? En nou, oom Gawie?"

Oom Gawie het sy twee nuwe stewels intussen uitgetrek (die goed kos een pond sewe-en-ses by Neurinski), die sokkies mooi in die neuspunte ingesteek en is sy broekspype aan oprol.

„Hoenders gaan red," sê oom Gawie kortaf.

„En as dominee kom?"

„Kan hy weer wag. Hoenders kos duur vandag. Wag hier, Susara!" beveel oom Gawie en verlaat die gebou saam met George en George se oudste telg, Tewes.

Dit sous nog altyd sterk, maar hieraan steur oom Gawie hom nie. Net waar jy kyk, stroom rooi strale water en na Niertjiekop se kant kook en maal die mis voor die swart wolke uit. Plek-plek lek die water so aan oom Gawie se kuite. Mielies lê in die lande platgestoot, koolkoppe dryf in die straat rond en een van George Ulman se bont hennetjies dryf daar duskant Neurinski se winkel.

George raas-lag: „Verwoesting! Soos in die dae van Job tref een verwoesting na die ander my. Ou Belie is daar nie meer nie en daar gaan Grietjie van Hetta."

„Waar?" vra oom Gawie en lig sy kisbroek hoër.

„Daar duskant Abraham se nasaat. Alles drywe na hulle. Ou Neurinski moet net nie soos Jakob 'n stokkie in die water gooi nie of Grietjie sal in 'n wit hennetjie verander en dan sê hy dis syne. Ou Jakob, keer tog daardie bont hennetjie vir my voor!" skree hy vir die Kleurling, en dan raas-lag hy maar weer: „Gilgal! Efrata! Betfoset! daar drywe my snoeke ook reguit na Abraham se nasaat. Piesangs, lemoene en 'n kissie stingel-rosyntjies. Oom Gawie vat wat jy kan kry en gaan gee dit vir Susara, jou vrou."

„Ons is nog nie getroud nie. Hierts! hoe laat die snoek my skrik," sê oom Gawie.

„Staan weer kerk se kant toe, oom Gawie, hier kom nog water en nog water."

Daar van die kerk se stoeptreetjies het oom Gawie, die bruidegom, oom Sampie Geyer, George Ulman en Tewes die verwoesting dopgehou.

Oom Gawie Diepwater en Susara Deetlef is eers teen die aand se kant in die huwelik bevestig. Susara sal dit nie lig vergeet nie. Dis die eerste keer dat sy 'n wolkbreuk sien.

* * *

Oom Gawie Diepwater kyk na sy Susara met groot vreugde in sy hart. Sy is 'n vrou so reg na sy hand; nie hier 'n nuk en daar 'n krul nie, maar soos sy vandag is, so was sy gister en eergister. Op haar regte, natuurlik. Dit kan 'n mens ook verstaan. Het sy nie haar sê gesê toe Hetta ewe onskuldig, van die Diepwaters praat nie. Sy het hom daarvan vertel.

„En wie is miskien jul Diepwaters? Die van is Jordaan." Net so het sy gesê.

Oom Gawie lag sy droë hie-laggie.

Susara kyk op van *Die Huisgenoot*-kersnommer wat sy aan lees is.

Oom Gawie verstaan.

„Ek dink mos nou aan 'n ander ding, Susara. Ek gaan weer vir die kerkraad staan volgende jaar."

Susara verstaan nie heeltemal nie. Dit bring sy aan haar Gawie se verstand deur *Die Huisgenoot* te sluit en met die kop te knik.

„Hulle het gedink dis klaar met Gawie Jordaan. Maar nou het ek 'n nuwe vrou, 'n jong ene . . . ."

Oom Gawie staan eers op en soen sy vrou.

„'n Mooi ene . . . ."

Dit word met nog 'n soen bevestig.

„Nou dink ek so: Help die mense in hul verleentheid . . . ."

Susara het ook 'n woordjie op die hart.

„Ek voel ook soos jy voel, Gawie. En dan is daar ou Janie Tulle. Ek sal nooit vergeet wat hulle aan my gedoen het nie. Haar dag sal ook kom. Maar hoe sal jy die ding plooi, Gawie, dié van die kerkraad?"

„Ag, dis maklik. 'n Ou woordjie hier en 'n ou woordjie daar. Kyk, my kraggies is nog lank nie gedaan nie . . . ."

„Gawie?"

„Ja, Nennetjie?"

„Jy sê jou krag is nog nie gedaan nie en ek weet dit ook. Daar is nog goeie jare voor. Nou ja . . . . wys hulle dit, spring uit en sê hulle jy sal vir die Afdelingsraad staan; besoek die skool as hulle oormôre sluit en gaan volgende jaar met die opening. Jy kan mos, Gawie."

„Kan ek? Jy sal nog sien, my Nennetjie. Ek het jare laaste so lekker gevoel. Wat is tagtig jaar? Dis nie die jare nie, dis die snare."

Oom Gawie Diepwater staan regop om vir sy Nen te wys hoe jonk hy kamtig is.

Susara glimlag in haar eentjie. Soetwater se mense dink mos sy het met 'n ou man getrou. Hulle sal nog sien. Gawie sal nog dinge hier op Soetwater uitrig wat menige jonger man hom sal beny, wat nog te sê nadoen. Kyk, Susara doen graag dinge. Miskien nie met haar eie hande nie, maar sy hou daarvan om deur 'n ander te werk. Daarom het Soetwater se kerkorrel vir haar soveel genot gegee. Sy sal hier 'n stootklep uitpluk, daar 'n klankklep toedruk of 'n voetpedaal raps en dan kwê en kwa, tjoeing en tjaaing die orrel, miskien nie soos sy wou gehad het nie, maar hy tjoeing darem, en dis hoofsaak. Iets het haar gehoorsaam en dis die groot saak. Nou wil Gawie hê sy moet voorsitster van die A.C.V.V. wees. Daartoe het sy geen begeerte nie. Liewers Gawie lid van die skoolkomitee deurdat sy hom gepor het, want dan het sy mos weer 'n orrel om op te speel en sy kan luister na die klanke as 'n pedaal geraps word.

Oom Gawie kom voor haar staan en sy kyk hom met welgevalle aan. Háár Gawie. Miskien is hy al 'n bietjie oud, maar dis háár Gawie en niemand anders s'n nie.

Oom Gawie verstaan haar. Dit is wat soveel vreugde in sy hart bring. Hy het sommer lus om hy weet nie wat te doen nie sodat sy kan sien hoeveel lewe daar nog in hom is. Hy

wil oorwin en heers en koning kraai. Dan wil hy rondtol, bo-oor die settee spring, 'n slag die askoek slaan en bolmakiesie slaan. In stede daarvan sê hy net: „Het jy my al soos watter ou man in die son sien sit, Nennetjie? Nee, wees nou eerlik en praat die waarheid. Het jy?" vra oom Gawie.

„Nog nooit nie," antwoord sy.

„En jy sal ook nie. Al word dit so koud dat . . . . dat die skape bly lê in die kraal, jou Gawie sal nie die stoel vat en in die son gaan sit nie. Kyk, dit belowe ek jou. Wat moet 'n vrou van 'n man dink wat so oud en so koud is dat hy die son nodig het! Ek het nie 'n son nodig nie. Soos ek vandag is, so sal ek aanstaande jaar wees en die jaar daarop. Nennetjie, kom ons stap Niertjiekop se kant toe," stel hy voor.

„Tog nie vandag nie, Gawie."

„Dis wat jy altyd sê. Is jy dan nie lief vir stap nie?" wil hy weet.

„Nee, ek is nie, Gawie. Ek is een van die lui mense. Ek sit liewers in my huis," antwoord sy.

„Hoee, en ek stap weer so graag; myle. Dit lyk my ek het 'n ou vrou getrou."

„Gawie, sal daar ooit 'n end aan jou kom?" vra sy speels.

„Nooit! en dis die waarheid. Hier so by honderd-en-vyf sal hulle sê: ‚Gawie, wanneer?' en ek sal sê: ‚Wanneer wat? Praat julle nou van my vierde vrou, of wat?' Ek loer graag en solank ek nog loer, kan jy weet Gawie is nog perdfris!"

„Gawie, jy is 'n wonderwerk," meen Susara.

„Ek 'n wonderwerk! Ek is 'n paar wonderwerke. Kyk hier. Hup!"

Oom Gawie gaan op sy hande voor sy Kokkenennetjie staan. Sy aanskou dit met vreugde in haar hart. As die kerkorrel nou op sy dag van die kerk tot by haar losiesplek gestap het, kon hy haar nie meer plesier gebring het nie. Dis goed. Gawie is nog fiks vir baie, baie jare, reken sy. Sy en Gawie sal die mense hier wys.

Oom Gawie staan nog so effens rond, stap dan badkamer toe en raak aan die gorrel vir die hele wêreld om te hoor, maar dis nie vir die hele wêreld om te hoor nie, dis net vir

sy Nennetjie. So sal sy nie weet van die vyf witdulsies wat hy nou net afgesluk het nie.

„Waarheen is die reis nou weer, Gawie?" vra Susara nuuskierig toe sy die voordeur hoor oopgaan.

„Oor na George Ulman. Die trein is in en hy sal seker stasie toe gaan."

„Bring tog vir my 'n klompie piesangs en aartappels, Gawie," versoek sy.

„Jy kan maar sê jy het dit al, Nennetjie," kom die bekende stem van die deur se kant af.

Oom Gawie Diepwater kyk op en af in die straat. Tog jammer daar is nie nou mense om hom te sien nie. Met haastige treetjies, darem nie meer so haastig soos vroeër nie, maar darem nog haastig vir tagtig, stap hy oor na George se kafee.

„Môre, September!" skree hy winkelstoep se kant toe.

„Môre, oubaas," groet 'n ou Kleurling met grys kop.

„Hoe gaan dit met die rumatiek deesdae, September?"

„Beter na die reën van voorverlede week, oubaas, beter deur die genade."

„Julle dink ook te baie aan julle kwale en kwellinge. Kyk na my. Rumatiek sal nie weet wat om met my te maak nie," meen oom Gawie.

„Oubaas kan nie praat nie. Oubaas is mos 'n wonderwerk," kom die antwoord.

Net wat hy wou gehad het. Hy het 'n onhebbelike lus dat die hele wêreld — en dan is dit Soetwater se hoofstraat — hom 'n wonderwerk sal noem.

Twee, sê oom Gawie hardop en daarmee bedoel hy dis nou al twee wat hom 'n wonderwerk genoem het. Gnk! Simson was ook 'n wonderwerk, reken oom Gawie, Simson en hy.

By George se kafee hou hy sy hand omhoog en sê: „Wat sou ou September in gedagte gehad het? Die ou siel noem my mooitjies 'n wonderwerk."

George Ulman kom orent. Voor hom staan die tamaai krat met soutsnoeke, maar hy moes diep duik aangesien die krat amper leeg was.

George lag.

„Oom Gawie ís 'n wonderwerk. 'n Jong vrou, 'n nuwe huis en dit gee jou nie eens 'n bietjie asma nie. As ek sewentig gaan haal, sal ek bly wees en ek sal my seëninge tel, so op die punte van my vingers. Ek sal sê: ‚George Ulman, tag, oukêrel, wys my nog 'n man soos jy. Jou kinders soos palmbome rondom jou, party 'n bietjie kwasserig en ander skeef van die suidewind, maar daar . . . .' "

„Dis sommer 'n kleinigheid," sê oom Gawie so tussenin en knip oë vir Hetta wat nou net binnegekom het. „Hetta, ek is nie 'n wonderwerk nie. Wat sal julle dan die dag sê as ek honderd is? George, jy weet nie van 'n ryperd nie? Nie 'n hondmak ding nie, 'n trippelaar miskien. Tog nie 'n bedorwe ding nie, maar ook nie 'n lam nie."

„Gys Verwey se blouskimmel."

„Hmm . . . . ," steun oom Gawie.

„Of die vos van Giel Opperman."

„Daar het jy iets."

„Kriewelrig . . . ."

„Te mooi."

„Hard in sy bek."

„Ek wil dit mos hê."

„Vol nukke as hy die dag so voel."

„Net die perd vir my. Hetta?"

„Ja, oom Gawie?"

„Vertel weer die storie van Maria Strauss," beveel hy.

„Nee, sy sê as sy geweet het oom Gawie sal 'n nuwe huis betrek, weet sy nie so mooi nie."

„Dittim," brom hy behaagsiek.

„Sy sê sy het nie geweet oom Gawie het nog so baie lewe nie."

„Anders?"

„Het sy self met oom Gawie getrou."

„Tjt, tjt, tjt, tjt,!" klap oom Gawie met sy tong.

„Maar nou het sy nie geweet nie. Sien, dis waar Susara die voorsprong het. Sy kan sulke dinge sien."

Hy lag.

„Ek wonder of ek julle sal vertel of nie."

„Vertel, oom Gawie," soebat Hetta.

„Net so 'n oomblikkie," sê hy en storm uit op die stoep en soek die namiddagson. Dan nies hy drie kwaai niese, snuit, soek weer die son en gee die laaste niese met sy hande op sy knieë.

„Verkoue?" vra Hetta besorg.

„Nie eintlik nie. Jy weet mos ek word nooit verkoue nie. Dis sommer so 'n aanmaninkie. Dis nou juistemint wat ek julle wil vertel, want dis seker maar Susara en my se eie skuld. Ek bedoel van die aanmaninkie. Julle sê mos ons is nes kinders. Miskien is dit so of miskien is dit nie so nie. Ewentwel, eergisteraand trotseer ek mos vir Susara so 'n bietjie toe sy aan uittrek is; hou hier 'n punt vas en steek daar 'n ou dingetjie weg. Sy ook — ek meen steek hier 'n ou dingetjie van my weg. My naghemp kon ek nêrens kry nie. Nou ja, ek gooi die ou slippertjie daar agter 'n kas en nes Susara hom wil gryp, skop Gawie hom weer onder die bed in. En so het ek natuurlik 'n bietjie warm geword en met die kaal bolyf en te al . . . ."

Oom Gawie storm buitentoe en met sy hande op sy knieë nies hy: aai-tjou-ha! tjou-ha! tjeee!

„Dankie, ou hartjie, dankie," sê oom Gawie Diepwater.

„En toe?" vra Hetta.

„Nee, Susara sê ek is 'n vreeslike man. Sy sluit nou saans die deur, alles net speletjies, natuurlik, en tjirts word die deur oopgesluit en daar lê sy soos 'n blom in die bed met haar kantmus op die kop."

Hetta lag en George, met 'n yslike tamaai soutsnoek in sy hand, raas-lag.

„Dis ook dié dat Susara so spoggerig deur die dorp stap. 'n Mens ken haar deesdae nie meer nie; pou-vere, patrystjalie

en satyn. En dan wys Hetta haar vir my en dan sê ek, ja, maar Gawie het geld en ek nie; Gawie het nie meer kind of kraai wat hy moet voed nie en in my huis staan daar in elke hoek 'n sederboom en in elke bed lê daar 'n palmboom. En hier in die keffie is dit net soutsnoek en langlekkers en piesangs en nieger bôols en elkeen wil afslag hê en waarvan moet George Ulman lewe as hy afslag moet gee? George het soos Mêfieboset grootgeword. Daar was nie iemand om vir hom 'n hulpie te gee of om iets na sy kant te laat val nie en die ou lewe is hard en elkeen sorg net vir homself. Ek sal nie altyd lewe nie en as ek nie meer daar is nie, hoe lank reken julle sal die soutsnoeke vir Hetta hou en dan is daar ook nie meer nie," en so hou George tot sy eie genot vir tye en tye aan.

Ai, en dan is dit mos lekker vir oom Gawie om daar op een van die sakke te sit en aan sy Nennetjie te dink. Raai, sy planne vir die toekoms word mos groter en groter. Ja-nee, dinge gaan van nou af op hierdie ou dorpie dreun en dis nie altemit nie.

Al wat hy vir hulle kan sê, is: „Hier kom Gawie Jordaan."

2

Susara Jordaan lê op hierdie oggend soos sy altyd graag wou gelê het. Daar is geen haas nie. Sy het die beste bediende in die hele dorp. (Ai, hoe het ou Janie Tulle nie weggelê om die ou skepsel in die hande te kry nie!) Sy luister na die geluide van stoele wat geskuif word, die getingel van die breekgoed soos hulle op tafel gesit word en die tik-tak van die groot horlosie in die gang. Daar was die dae toe sy vir haarself gesê het: Susara, jy is uit 'n ordentlike familie en een van jou broers is 'n bankbestuurder en die ander een 'n magistraat, maar jy gaan oorslaan, Susara. Oor twintig jaar is jy soos oorlee tant Jaatjie en tant Naatjie en net in almal se pad. Daar was die skaap-inspekteur wat so 'n bietjie geloer het, maar toe hy hoor haar pa het nie geld nie, was

dit ook oor. Gawie is nou wel nie jonk nie en Gawie het sy eienaardighede, maar ou mense maak goeie mans en hy het geld. 'n Bietjie toe met sy vuis, dis waar, maar in die vuis sit iets.

Sy draai haar om op die ander sy en kyk na die drie engeltjies op die muurteks. Hulle oë is na boontoe geslaan en die handpalms styf teen mekaar; vet outjies met nag-jurkies . . . . Susara sukkel om orent te kom, want as ons Neurinski se skaal kan glo, het sy tien pond opgetel. 'n Oulike patroontjie wat die middelste een — ook 'n vetsak nes sy — aanhet. Om die nek is 'n rygbandjie en om die arms ook en dan is die moue en die hals van die dunste sy wat daar seker te bedink is.

Van die badkamer kom eienaardige geluide. Dis Gawie wat weer gorrel. Gawie glo mos as 'n mens gereeld Dettol gorrel, sal jy nooit verkoue word nie.

„Mietaa! Mietaaa!" roep Susara.

„Ja, ounooi."

„Kom hierso!"

'n Bont rok, 'n glimmende gesig in die halfduister van die slaapkamer en Mieta is daar.

„Mieta, hoeveel keer moet ek nog vir jou sê om nie vir my ounooi te sê nie! Mieta, bak vir ons drie eiers, vir die baas twee en net een vir my en kyk in die syf, daar is nog twee tjops en dan bak jy dit vir die baas. Nie baie nie, die bloed moet nog so half uitloop. Jy weet mos hoe die baas van sy tjops hou. En, Mieta, wen vir ons die horlosie op en sit die melk op die vuur. Is die baas se kerkklere al afgeborsel?"

„Ja, ounooi."

„Uitgehang?"

„Ja, ounooi."

„Nooi!" sê Susara vermanend. „Die baas moet vandag twaalfuur na die skool gaan en ons sal 'n bietjie later eet. Is die baas se borshemp al gestryk?"

„Nee, nooi."

„Doen dit sommer nou. Die baas wil dit vandag aantrek."

Voetstappe in die gang, Gawie se voetstappe, en baie dinge gaan deur Susara se gedagtes. Sy is skielik in haar kamer daar by tant Sally Kontabel waar sy loseer het. Daar was ook die voetstappe van 'n man, maar dit was nie haar man s'n nie en Sally het altyd gemaak of sy nie eendag 'n man sal kry nie. En nou is Gawie vir altyd by haar. Hy is nou wel tagtig, maar hy is 'n mansmens.

„Sit so 'n oomblikkie, Gawie," versoek sy. „Jy is altyd op pad iewers. Waar is jou haas nou weer?"

„Feeliks het nog nie sy voer nie," sê oom Gawie, maar kom sit darem op die rand van die katel.

Feeliks is die vosperd wat hy van Giel Opperman gekoop het.

„Sit liewer hierdie kant, Gawie. Jy weet hierdie styl het die mode om uit te glip," sê Susara in so 'n dromerige stem.

Oom Gawie gehoorsaam. Hy vat Susara se hand in syne en sit sy ander hand bo-oor. Nou kan sy Kokkenennetjie maar gesels.

„Gaae-wie?" draal haar stem.

„Ja, Nennie?"

„Wat vertel Koos van Boeta vir my?"

„Hoe moet ek weet wat die snuiter sê?"

„Is dit waar van die wolbale voor ou Neurinski se winkel?"

Oom Gawie lag en klop met sy hand op haar arm.

„Ja, en Martiens en Okkert kon dit nie een doen nie en toe het ek hulle gewys."

„Vertel vir my ook," sê Susara en sluit haar oë.

„Jy het mos die stawel wolbale voor Neurinski se winkel gesien. Glo Koos van Sarel Verwey s'n. Nou ja, Martiens en Okkert het toe 'n weddenskap dat die een wat loshande tot bo-op die stawel kan hardloop, kry van die ander een 'n nuwe hoed. Ek is vrederegter en moet kyk dat alles eerlik geskied. Martiens het so halfpad gekom en Okkert so tot by die derde baal van bo. Jy ken mos vir Gawie. Moet ek dan daar staan en kyk na wat hulle te vrotsig is om te doen?

Ek gee my dotjie toe vir Martiens, gaan haal so vyftien tree en hardloop met die eerste traaislag tot bo-op die stawel wolbale. Dis al," sluit oom Gawie af, maar hy is baie trots op sy prestasie.

„Gaae-wie?"

„Ja, ou Nennetjie?"

„Jy moet baie versigtig wees tog. Wat sal ek tog maak as jy iets oorkom, en jy is reeds so onverskillig. Martiens en Okkert is jong mense."

„En dan te vrotsig om dit te doen. Ek moes vir hulle wys. Dis net 'n slag. Dis nie hoe jy klouter nie, dis net hoe jy gaan haal," val oom Gawie haar in die rede.

„Maar jy is al tagtig jaar, Gawie."

„En vyf maande," voeg hy haastig by.

Hy klop haar op die arm.

„Moenie onrustig wees nie, my ou Kokkenennetjie. Jou Gawie makeer nog niks ter wêreld nie. Weet jy wat sien ek nou die dag mooitjies? Onthou jy daardie skielike koue weertjies wat ons gehad het en die ou suidewindjie? Nou ja, dis toe dat ou Sarel Verwey, die ou bokriem, sy stoel na die hoek van sy huis dra om in die sonnetjie te sit."

Hie, hie, hie, lag oom Gawie.

„Reken 'n bietjie. Die ou word ook al kouelik en stap deurentyd met sy jas in die winter. Het jy my al 'n jas sien dra?"

„Nee, jy is vir my 'n wonderwerk, Gawie," antwoord sy.

„A!" sê hy. Dan vervolg hy: „So, jy is verniet onrustig. Wees eers die dag onrustig as ek 'n stoel uitdra."

Maar oom Gawie Diepwater is tog self so 'n rapsie onrustig. Nie baie nie, maar tog. Daardie dag wat hy so teen die wolbale uitgehardloop het, het hy so 'n skielike brandpyn op sy bors gekry. Nie te waffers nie, maar hy was darem daar. Daar was ook al dae na so 'n gewoel en 'n gewerskaf, soos met die troue en die trekkery, dat hy lus gehad het om te sit waar hy sit. Dan sê hy net: „Op, Gawie, op. As jy gaan lê, is dit klaar met jou." Wat was ou Doors

le Roux se einde en waarom het Krisjan Fourie so gou gegaan? Hulle het oorgegee, sommer net gehensop. En daarom, Gawie, bly besig, ou ramkat, en moenie jou steur aan die steke en pyne nie, dink hy.

Hy stap agtertoe en glimlag in sy eentjie. Honderd, dis wat hy gaan word. Was dit nie vir Susara nie, sou hy dit miskien nie gehaal het nie, maar nou is sy daar en hy het die honderdkerf om na te mik.

In die kombuis sê hy in die verbygaan vir ou Mieta: „Mieta, oudste, die eiers moet so in die vet swem."

Toe stap hy na Feeliks.

Feeliks runnik, trap angstig rond en speel met sy kop daar hoog in die lug waar die skuiwergate is.

„Hanou, Feeliks. Dis net jou oubaas. Krip leeg. Vreet ook nes jou oubaas. Ons moet vir jou ook 'n Susara kry. Jy weet nie wat hulle aan 'n mens doen nie. Dit voel . . . . dit voel . . . . goeiste!" mompel oom Gawie en gryp na die krip om hom orent te hou.

Met vurige oë kyk Feeliks na oom Gawie.

Oom Gawie staan 'n rukkie so om die naarheid 'n kans te gee. Hy kyk na die muur voor hom; die rooi-vaal pleistering bewe so 'n bietjie, skuif doer amper tot by sy buurman en dan is dit maar weer hier voor hom. Toe hy beter voel, los hy die krip en gaan daar in die strooi hande-viervoet staan. Dit help, het hy al agtergekom. Jy moet hoog met die agterbene staan en die kop hier laag hou en die ou hart sal bedaar. Hy kry jou gedoriewaar koud ook en dis nou 'n nonsies. Koud moet hy tog nie voel nie.

„Honderd," sê oom Gawie so as 'n versugting. „Honderd of niks. Koud se voet. Ek sal hulle wys. Hup!" sê oom Gawie en skop met sy bene in die lug. „A, so ja. Naarheid, waar is jy nou? Toe kom weer, laat ek sien."

Hy kry 'n plan. Hy sal Feeliks sommer nou en hier opsaal en na Hondeblafkop ry. Wat se naarheid is dit dan hierdie.

So stryk van twaalfuur kom oom Gawie by die skool aan. Die kinders is soos lewenslustige boklammers, dink oom Gawie. Hy moet honderd-en-een keer dag sê en nog is die geroep: „Dag, oom Gawie."

„Dag, kindertjies; dag, kindertjies," sê hy op elke groet.

Hy rem aan sy harde boordjie. Die meesters sal sê dis oom Gawie Diepwater, die wonderwerk van die dorp wat nog op tagtig en vyf maande 'n kwasserige perd ry, teen die wolbale kan uithardloop en met 'n jong vrou trou. En waar is sy vanmôre? Vra net waar sy Susara is. Sy rus 'n bietjie. En hy? Hy stap met sy kisklere en stywe hemp hier op die skoolgronde rond soos 'n mannetjie van een-en-twintig.

„Kasper, wat maak julle seuntjies daar?" vra hy en trippel-stap nader.

„Sommer speel, oom . . . . en vingertrek. Kan oom Gawie vingertrek?" vra die onnut en kyk na sy maats.

„Vingertrek! My gits, ek is die vingertrekkampioen. Waar is julle baastrekker?" vra oom Gawie.

'n Groot seun staan vorentoe.

„Ek is, oom," sê hy en kyk na die ander.

„Is jy?" vra oom Gawie en stroop sy mou op. „Nou kom ons kyk of jy kan vingertrek. Miskien is dit maar 'n storie. Hm . . . . jy vat soos een wat kan trek. Hanou, nie ruk nie. As jy wil ruk en pluk, sal ek jou wys. Glyk-weg, seuntjie, glyk-weg."

Oom Gawie Diepwater het sy middelvinger ingehaak, die ander hand in sy sy gegooi en staan nou doodluiters met die ander seuns en gesels.

„Hy sê hy kan trek. Ek voel nog niks. Trek, ou seun, trek. Moenie my ouderdom ontsien nie. Trek maar vir al wat jy werd is. Hy trek met sy bolyf en 'n mens moet met jou voorarm en jou maskel trek. Die omie se vinger is taai, nè? Toe maar, jou broer, Okkert, sal hom nie eens ooptrek nie."

„Hoe doen oom dit?" vra 'n klein seuntjie met 'n sproet-gesig.

„So," sê oom Gawie en tel hom van die grond af op en hou hom in die lug. „Kan jy op jou hande loop, mannetjie?" vra oom Gawie.

„Nee, oom," sê die seuntjie met bewondering in sy oë.

„Jy sê net ‚hup!' en dan gooi jy jou op jou hande en skop die bene in die lug. So."

Net om hulle te wys, stap oom Gawie Diepwater so 'n bietjie daar tussen hulle rond in sy kisklere.

Toe die skoolklok vir die sluiting lui, koek al wat seun is nog steeds om oom Gawie.

In die saal gaan 'n gejuig op toe die prinsipaal vra of daar nog iemand is wat 'n paar woordjies op sy hart het en oom Gawie opstaan. Daar is so 'n beroering onder hulle asof hulle groot verwagtinge het. Oom Gawie lag en toe raak hulle opnuut weer aan die lag. Oom Sarel Verwey vererg hom 'n bietjie vir soveel stuitigheid en oom Gert Tulle fluister in 'n onderwyser se oor: „Wie het nou lus om na hom te luister!" Maar die onderwyser gee ook net aandag aan oom Gawie.

„Meneer die prensipaal, onderwysers en kinners en ou mense . . . . "

Almal lag.

„Ja, ja, ou mense, sê ek; ou mense van twaalf en vyftien en twintig." Oom Gawie hou sy hand so skuins langs sy gesig en fluister kamtig. „Party ou mense is vyftig."

Hernieude gelag. Party kinders kyk sommer openlik na oom Gert Tulle.

„Julle prensipaal wil weet of daar nog iemand is wat 'n woordjie op sy hart het. Ek weet nie of ek so 'n woordjie het nie, maar ek wil darem 'n ditjie en 'n datjie sê. Nou eers die ditjie: Het julle kinners van vandag nog die nodige respekte vir 'n ou mens? Ek kan nie van julle klae nie, want oom Gawie is nog nie oud nie. Ek praat van die ou mense van vyftig."

Nou lag die onderwysers ook al en dit bring oom Gawie verder op stryk.

„Nee, maar nou lag ons nie en oom Gawie is ernstig. Vir iemand móét julle respekte hê en julle hoed lig en môre sê. Vir my hoef julle nie, want julle sal daardie kans nog later kry. Mnr. Vorster, ek wag so 'n bietjie tot hulle klaar gelag het. En nou die datjie: Julle het seker almal gepaas en oom Gawie wil julle gelukwens. Julle weet daar is mense wat nooit paas nie. En hoekom nie? Dis die mense wat suur is en tog so swaar in die lewe het. Hulle maak vir almal die lewe swaar en verwag die onheil om elke draai. Hulle paas nooit nie. Hulle bly maar in stendird een, en as hulle doodgaan, is hulle nog in stendird een. Nee, staan regop. Almal. Gooi nou die bors uit en sê vir julleself die lewe is baie goed. Dis al wat jy nodig het om te paas. Mnr. Vorster, jou hele skool het gepaas," sê oom Gawie en gaan onder luide toejuiging en tot groot ergernis van oom Gert Tulle sit.

Tuis aangekom, vind oom Gawie sy Kokkenennetjie baie besig met koek bak, rondekoekies, gemmerkoekies en appelkoostert. Breedsprakig gee hy haar 'n verslag van die gebeure van die oggend. Sy Nennetjie is bly om van sy sukses te hoor en luister hom aan met oë wat glinster. Stap sy spens toe om 'n bietjie meel te kry, stap hy saam, of gaan sy die sif in die pakkamer haal, vererg hy hom kamtig vir so min belangstelling. Maar sy humeur is sommer maar so kammelielies.

„Nen, ek dink ek het vanoggend weer 'n stoot vorentoe gekry. Die prensipaal kin my nou beter. Dis al vir my of hy so by tye met aandag na my gekyk het. Waarheen trêwil jy nou weer, Nen?"

„Sommer die aaising gaan haal," sê sy.

„O," sê hy vererg. „Ek sal my rede dan eers hou."

Hy wag; Nen stel nie so baie belang soos sy behoort te doen nie. Hy wou hom net vererge, toe is sy weer by hom.

„Ja, die prensipaal het begin wonder. En die kinders! Hulle het so gelag vir my dat ek sommer lang rukke moes stil bly. Ou Gert het ook gepraat, maar hulle het nie eens geluister nie. Jy weet hoe droog ou Gert Tulle kan wees.

Ai, waar was jy toe ek met my grappies begin het? En wat wil jy nou weer hê?" vra hy kamtig boos.

Susara ken haar Gawie. Sy sit een stewige arm (ai, oom Gawie sal daar nooit aan gewoon raak nie!) om sy nek en kerplaks hom op die mond. Hulle lag dan om die streep aaising wat daar voor sy bors kleef.

„Gawie, 'n mens sal sê ek gaan vir 'n jaar weg. Ek gaan net die appelkooskonfyt in die spens haal," sê sy laggend.

Oom Gawie hou eers weer sy rede.

„Ja, ek was jou mos nog aan die vertelle. Ek sweer, hulle kies my volgende keer vir die skoolkomitee. 'n Mens moet nuttig leef. Dink nou as jou Gawie op die kerkraad dien en die munisipaliteit en miskien die skoolkomitee. Ek dink hulle het my al in gedagte. Ja, ek dink so. En sal ou Gert nie boos wees nie. Ek moet meer by Sarel Verwey gaan kuier. Die man het baie invloed. Hoe lyk dit, Nennetjie? Sal Gawie nie skoolkomiteelid word nie? Hulle praat nou van 'n wonderwerk, maar hulle het nog niks gesien. Gee Gawie 'n kans en jy sal 'n mooi spulletjie sien. 'n Talintvolle man kan hulle nie keer nie. Dis mos wat ons is. Ek is 'n talintvolle man en jy is 'n talintvolle vrou. Wag maar, hulle sal nog sien," sluit oom Gawie sy rede af.

„En waarheen gaan jy nou weer, Gawie? Kan jy nie rus vir jou siel kry nie?" vra sy Nennetjie.

„Ek wil sommer hier peuter en daar peuter. 'n Mens moet op die bene bly anders gaan jy dood," antwoord hy haar.

„Ek sal nie meer praat nie. Dit help tog niks. Jy is oud genoeg om te weet wat jy kan en wat jy nie kan nie," sê sy gelate.

„Oud maar nie koud nie. Of hoe sê ek nou?" wil haar Gawie weet.

3

Die warm weer het gekom en gegaan. Oom Gawie het die vye sien swel, die bome natgelei, elke perske amper op

sy naam geken en gewag. Susara het geweet waarvoor hy wag. Is haar Gawie dan nie 'n talintvolle man nie! Hulle kan almal by hom kom leer; almal — oom Sarel Verwey en ou Gert Tulle, ja, ds. Ben Lotriet en Jaap Kannemeyer ook. Maar soos die jaloesie hier op Soetwater helder oordag rondloop, het sy nog nie gesien nie. Dis of die mense hom die son nie eens wil gun nie, hom verkwalik omrede hy meer kraggies het as ander mense en sy grappies vir stuitigheid aansien. Janie Tulle het die hele dorp deur vertel dat hy vir die kerkraad nie sal deug nie en liewers by 'n sirkus moet aansluit. So min weet sy. Dis maar sy geaardheid om so vol grappies te wees en tog is daar nie 'n mens wat so diep uit die goeie kan gesels as hy nie. Vir die munisipaliteit sal hy weer nie die nodige kennis hê nie, sê die mense. Het Jaap Kannemeyer miskien daardie kennis? Sy kan hierdie dinge nie verstaan nie, maar Gawie het haar een aand probeer duidelik maak hoe 'n mens belastings hef. Jy lig jou waardasies en jy verlig jou belastings en daar het jy jou geld en almal sal tevrede wees. Weet Jaap dit? Sy twyfel. En almal is ontevrede oor die groot belastings wat hulle hier moet betaal.

Sy voel of sy die mense so een na die ander aan die skouers kan vat en skud. Gee Gawie 'n kans en julle sal sien, wil sy vir hulle sê. Gawie weet meer as almal saam. As Gawie 'n geleerde man was, sou sy graag die affêre wou gesien het. Senator of minister of so iets sou dit gewees het. En die planne wat hy darem kan prakseer! So 'n plan het hy nou die dag vir die prensipaal gegee en die man het hom net so gesit en kyk asof hy wil sê: Dis nie waar nie. Dit kan nie oom Gawie wees nie.

„Jy sukkel met die fondse en daar is nie geld vir die boeke nie," het hy gesê. „Koop daardie boeke self aan, verkoop dit dan aan die skoolkinders en koop dit later weer van hulle terug. Kos die boek vyf sielings en die kind weet jy sal dit eendag weer terugkoop vir vier sjielings, sal hy dit oppas. Dan verkoop jy weer die boek aan die volgende kind vir

vier-en-ses en koop dit terug vir drie-en-ses. Nou het jy twee sielings al terug en so kan jy aanhou tot jy later tien sielings vir die boek gekry het en jy betaal maar vyf vir hom. Die ouer sal nou tevrede wees, jy het geld ingesamel en die kind het sy boek. En jy het ook nog die boek," het Gawie gesê.

Haar kop het behoorlik gedraai van die sommetjies. Sit haar voor 'n orrel en sy sal weet wat om te doen, maar syfers kon sy nog nooit gemaak het nie. Gawie is weer een vir syfers. Hy sal sommerso uit die vuis reken. Twee pampoene, 'n dosyn groenmielies, drie spanspekkies en een waatlemoen; dis drie-en-'n-siks. Sy het al gewonder of sy kop nie straks soos 'n masjien is nie. Daar is sulke mense, weet sy. Sy het ook eers soos Soetwater se mense oor Gawie gedink, maar nou weet sy beter. Gawie is propvol talente. Nie een of twee soos ander mense het nie. Nou verstaan sy die gelykenis in die Bybel beter. Dié met die een talent is mense soos Jaap Kannemeyer en oom Sarel Verwey; dié met die twee is hulle soos dominee en die skoolhoof, maar daar is ook dié wat vyf ontvang het. Van hulle soort loop daar net een op Soetwater rond, en dis Gawie. Maar niemand weet dit nie.

Susara sit eers weer 'n slag regop in die bed. Sy sal seker maar moet opstaan en met die dag se werkies moet begin. Gawie het al weer die dorp geskeur soos hy elke môre maak. So soek hy, soek hy of daar iewers 'n mens is wat sy talente sal waardeer, maar hy kan die soekery ook maar staak, want hier is tog niemand wat hom kan takseer nie.

„Mietaaa!" roep sy.

Die dag het begin.

Vir oom Gawie het die dag vanoggend om vyfuur begin. 'n Mens moet woel en werskaf, voel oom Gawie, en jy sal jonk bly. Daarom woel en werskaf hy. Nie dat sy ou liggaam dit juis voel nie, maar in die laaste tyd is dit vir hom of 'n mens darem 'n bietjie waardering ook moet ontvang. Waarom woel en werskaf jy dan anders? Aan sy lyf kan hy nog niks voel nie, nie iets besonders nie, maar die lus en die sinnigheid is al dae nie meer daar nie. Na die ou werkies dan by die huis

klaar is, ag, dit was koei melk, Feeliks roskam en borsel, die hoenders se voer gee en nog 'n peuselwerkie hier en daar, was oom Gawie klaar om oor te stap na sy ou maat, George Ulman. Susara eet graag klokslag neënuur en om te sit, is nie in sy bloed nie.

Oom Gawie is een van Soetwater se bevoorregtes. Niemand word uitgenooi om agter George en Hetta se ystergordyn in die vorm van 'n rooi gordyn te gaan nie, maar oom Gawie maak net 'n slag keel skoon en warts agter die behangsel in.

„Môre, Hetta; môre, George," groet hy hulle.

Hulle groet. Hetta vat gou die kombuisvadoek en die papkastrol agtertoe. Gawie en Susara is altwee sulke netjiese mense. 'n Mens moet maar lig loop as oom Gawie hier is.

George het die paplepel in die een hand en 'n stuk brood in die ander. Hy doen sy eetwerk staan-staan.

„Ek moet ook altyd my kos eet soos die Israeliete voor hulle uit Egipte getrek het; die een oog op die kos en die ander op die deur. Vir my is daar nie genade nie. Dit lyk my vir almal is daar genade op hierdie ou aarde, maar nie vir George Ulman nie. ‚Kry vir jou iemand om vir jou te help!' sê die mense altyd. Iemand om vir my te help! En wie sal dan vir hom help om vir hom te help wat vir my moet help? Nie vandag se mense nie. Hulle kan hulself nie help nie en hoe sal hulle my dan help?" gesels George.

„Hoe gaan dit by jou huis?" wil Hetta weet.

„Susara voel maar kroeserig en kerduks. Ek laat haar maar soggens 'n bietjie laat lê," vertel oom Gawie, trots op die jong vrou van hom wat darem nie kan byhou nie.

„Tewes, jy kan nie vet én gollie sêrit op jou brood smeer nie. Vandag se kinders is ook maar so-so. Ek het droë brood geëet en nog gewerk ook. Ek was ses maande in die skool en jy sit al ses jaar op die skoolbanke en wat kan jy al doen? Niks, of nog minder. Vir my ses maande het ek al 'n keffie, maar wat sal jy eendag hê?"

„Ek wonder tog hoe dit met oom Sampie Geyer gaan. Het oom nie gehoor nie?" wil Hetta weet terwyl sy Soepie aanmaan om nie met die elmboë op die tafel te rus nie.

„Nee, suster, gisteraand se tyding was maar sleg. Die dokter het toe die ergste verwag."

Oom Gawie wonder wat dan van die vakature op die skoolkommissie sal word as oom Sampie die dag moet gaan. Dis lastige gedagtes. Dis mos amper of hy wil hê die arme oom Sampie moet gaan. Hy sug dan diep, trek 'n ernstige gesig wat by die oomblik moet pas en bewaar die stilte.

„Ag, ja!" sug oom Gawie.

George is salig onbewus van die erns van die oomblik. So op sy raasmanier gesels hy nog een stryk deur.

„Om 'n keffie aan te hou, is vandag niemand se maat nie. Op jou voete sal jy bly, George Ulman, en op jou voete sal jy sterwe. Snags kan 'n ander mens rus, maar nie George nie. Dan pak hy die tamaties uit of hy soek die ryp piesangs uit, of hy moet rotte jag. Rotte. Hulle is my erfgename. En nou is die Israeliete klaar en die trek begin. Kom ons dank."

Oom Gawie Diepwater het vir hom 'n mooi nes bo-op 'n sak aartappels geskop en sit nou daar in George se kafee om die nuus van die dorp te kry. As jy gou-gou alles wil weet, moet jy hier kom sit, want George is 'n man wat uitvra. Soetwater het eintlik net twee belangrike strate en hulle kruis hier op George se hoek. Die hoofstraat loop hier voor sy kafee verby en die pad van die stasie na die dorp sluit hier op die hoek by die hoofstraat aan. Oom Gawie wag hier, wag vir daardie dag wat hy hom in die stroom van gebeure sal gooi en dan tot sy regmatige bestemming sal dryf. Want oom Gawie Diepwater weet hy is vir iets vernaams gebore en in die wêreld gekom, iets wat George Ulman en die ander se asem sal wegslaan. Skoolkomiteelid, later lid van die Afdelingsraad, lid van die kirkraad, ag, en eendag afgevaardigde na die sinode. „Wie is daardie klein mannetjie? Ja, daardie oubaas wat nog so regop is. Ja, hulle sê hy is al in die tagtig en met so 'n jong vrou getroud. Ook nie eens geleerd nie, maar jy moet hoor as hy op sy twee voete staan .... Glo burgemeester van sy dorp en stof sommer baie geleerde manne uit ...."

George Ulman is met sy eie storie besig.

„. . . . Die hande van Esau, maar die stem is Jakob s'n. Nou skel 'n mens vandag op hulle, maar die hele voorgeslag was so. Dis twaalf jaar werk vir een vrou en dan kry jy glad 'n ander een; dis stokkies in die water en vandag tabaksop in die brandewyn . . . .'' gesels George terwyl oom Gawie droom.

„Hulle sê die oubaas is nog beesagtig sterk vir sy jare . . . . Ry die vurigste ryperd op die dorp en sy liggie brand soggens die eerste. Onmisbaar, dis wat hy is, en vol grappies. Daar was 'n tyd, ag, daar in '48, wat hy genader was om vir die Volksraad te staan, maar wat, hy het reeds te baie hooi op sy vurk gehad . . . . As jy bekwaam is, moet jy ook so baie plekke volstaan . . . .''

„Neënuur!'' sê oom Gawie met die eerste swaar slag uit die kerktoring. „Neënuur. My vroutjie sal nou wil eet.''

Ouder gewoonte sou oom Gawie weer daardie dag saam met George na die stasie ry om sy groente te gaan afhaal, maar 'n mens se weë loop soms met kronkeldraaie. Dit was voorbestem dat oom Gawie daardie dag nie kon gaan nie. Teen twee-uur se kant het hy net 'n boodskap saam met Tewes gestuur.

„Sê vir jou pa oom Gawie kon nie vandag gekom het nie. Hier is hoë mense van die Kaap by hom en hulle neem nou sy en tant Susara se portret vir die *Bevoegsel*. Hulle het tot in die Kaap al van my gehoor en nou bly dit net 'n nimmery van portrette. As alles goed gaan, staan ek volgende maand in die *Bevoegsel*. Sê vir jou pa.''

Ja, by oom Gawie Diepwater se huis heers daar vandag groot opgewondenheid. Dis vir oom Gawie eienaardig hoe ongemerk al die groot oomblikke van sy lewe nog altyd aangebreek het. Gertjie, sy tweede vrou, het hy die dag met ou Sors se vandisie ontmoet. Ag, hy was nie eens van plan om te gaan nie. Saamgesleep. Dis wat dit was. Jy kan maar sê hy was saamgesleep en dit om vir Gertjie, daardie dierbare tweede vrou van hom, te ontmoet. Daar was ook die verkoop van sy plaas in die Koup. Nòg hy, nòg Gertjie het aan 'n verkopery gedink, maar daar kom die man aangewaai en toe

hy hom kom kry, is die plaas vir sesduisend verkoop. En die ding kos hom maar twaalfhonderd. Dit was 'n goeie slag. Ook so ongemerk.

Vandag het net so sonder waarskuwing gekom. Sal hy dit tog ooit vergeet! Daar het hy by George op die sak aartappels gesit nes ander dae en reeds was die man op pad na hom, Gawie Jordaan, vroeër van Diepwater en nou van Soetwater. Na brekfis het hy hier gepeusel en daar gepeusel, vir Susara met 'n paar stukkies wasgoed gehelp en altyd met sy oë op die bruin huishorlosie. So stryk van elf, halftwaalf moet hy na George om die groente by die stasie te gaan haal. Halfelf klop iemand aan hul voordeur en hy sê nog vir Susara: „Dis seker nou 'n boodskap van George."

Dis toe dat dit gebeur.

'n Vreemdeling staan voor hom.

„Is u mnr. Gawie Jordaan?" Net so het die man gevra.

„Net him."

„O, ek is Tokkie Voster van *Die Burger*. Aangename kennis, meneer Jordaan."

„Aangenaam," sê oom Gawie en korrel met die een oog soos sy gewoonte is as hy vir die oomblik van stryk gebring is.

„Kan ons iewers gesels?" vra die jong man.

Oom Gawie Diepwater korrel na die skouersak wat die man om sy blaaie dra.

„Seker. Kom maar in, vriend. Jy wil seker vir Susara sien. Is jy 'n klavierstimmer?" vra oom Gawie en bring die vriend na die voorkamer waar dit halfskemer is.

Tokkie Voster lag.

„Nee, meneer Jordaan. Ek is 'n joernalis, 'n verslaggewer vir *Die Burger*. Oom het seker al ons artikels in die *Byvoegsel* van Saterdae gelees?"

Die vriendelike nefie het nou na oom oorgeslaan.

„Gits, ja, ek het. Is jy . . . . ?"

„Ek is een van hulle."

Oom Gawie verstaan nog nie die volle betekenis van hierdie besoek nie.

„Susara! Nennetjie!" roep hy.

„Joehoe!" kom die antwoord uit die badkamer.

„Hier is 'n man van die *Bevoegsel* van *Die Burre*. Voster is die naam. Kom eers hier, Nennetjie. Hy wil seker losies hê of so iets," skree oom Gawie agtertoe.

Tokkie Voster laat oom Gawie maar begaan.

„Ek moet jou maar waarsku, meneer Voster, neef. Ek het 'n jong vrou. Sy is my derde vrou. Aa, Susara, dis meneer Voster en dis my vrou. Gesels julle nou maar en help jy die neef tog reg. George sal seker al vir my wag."

Dis wat oom Gawie gesê het en hy sal dit seker tot die dag des lewens onthou.

„Ek het darem vir óóm kom sien en as oom nou 'n ander afspraak het, moet ek later maar weer kom. Ek is hier om foto's te neem," sê die nefie.

„Foto's?"

„Ja, oom, portrette."

„Ons was nie van plan om ons te laat afneem nie, maar wat is jou prys? As ons een neem, sal dit een wees soos daardie portret oorkant jou. Dan sal ek dit graag in 'n ronde raam wil hê, met versiersels en dit moet gekleur wees. Maar eers, wat is jou prys, neef?"

Dis toe dat hy oom Gawie se bene skoon onder sy lyf uitslaan.

„Ons vra niks, oom. Ons gesels so 'n bietjie oor oom en tante; waar julle gebore is . . . ."

„Kort anderkant Verneukpan; net waar jy die driffie deurgaan en anderkant teen die kaiingbult uitgaan . . . ." vertel oom Gawie, want hy begryp die doel van die vrae nog nie en is haastig om by George te kom.

Tokkie glimlag.

„Oom verstaan nog nie. Ek stel artikels op vir *Die Byvoegsel* van *Die Burger* en wil so 'n artikel oor oom kry. Oom en tante se portret kom dan in *Die Byvoegsel*, miskien nog 'n foto waar oom in die tuin besig is en een waar oom en tante rustig in die voorkamer sit. Ons sal maar moet sien," verduidelik Tokkie.

„En dit kom dan alles in die pampier?" wil oom Gawie weet.

„Ja, oom."

„En dan skryf jy nog daarby hoe oud ek is en wat ek nog alles kan doen en dat ek met my derde vrou getroud is?"

„Ja, oom."

„Daar is niks te betaal nie en jy gaan ook nie na die ander mense hier om hulle ook in die *Bevoegsel* te sit nie? Dis nou net vir my en Susara?"

„Die artikel is net oor oom. Ons wil 'n reeks artikels hê oor mense van oor die tagtig, mense uit ons Boerefamilies wat darem ook al harde bene gekou het en nog sterk is soos oom."

„En wie het vir jou gesê ek is sterk?" wil oom Gawie weet, maar sy hart gaan wawyd oop vir hierdie nefie.

„Oom, in die Kaap snuffel ons baie dinge uit. Daar het hulle ons al van oom Gawie Diepwater vertel."

„Gits, ek is ver bekind. Maar hulle het jou nog niks vertel nie. Kyk hier. Kan jy dit doen?" vra oom Gawie en sit sy hande plat op Susara se nuwe tapyt neer en dit sonder om sy knieë te buig.

„Dis nog maar een van die klein kunsies, nefie, en jy moet so in die *Bevoegsel* sê. Kyk hier. Hup!" sê oom Gawie en stap so 'n bietjie op sy hande in die voorkamer rond.

'n Flits en 'n klik.

„Susara, wat sal die mense hier sê as hulle ons in die *Bevoegsel* sien? Hulle sal hulle oë nie kan glo nie. Gits, en dan is ek straks al op die skoolkommissie en daar staan ek in die *Bevoegsel*. Sal hulle oë nie kan glo nie. Nou wat maak ons nou, nefie?" vra-korrel oom Gawie.

„Sit oom en die tante hier op die rusbank, rustig soos twee teen die aand se kant sal sit as die dag se werk verby is," stel Tokkie voor.

Oom Gawie hoef 'n mens nie lank te leer nie. Gou-gou weet hy wat van hom verwag word. Hy het gaan aantrek en Susara het gaan aantrek, hy sy kisklere en Susara die rok met die dun kant.

„Neef, ek dink ek sit my een hand om die vrou se nek en die ander een op my knie," sê oom Gawie toe hulle op die rusbank plek neem.

Tokkie laat oom Gawie begaan. Hy het genoeg kennis van die mens om te besef hoe 'n groot hulp oom Gawie gaan wees. Netnou sal hy iets anders taktvol voorstel as hy dit nodig ag.

En so is die eerste foto's dan geneem.

Dit was die lekkerste dag van oom Gawie se lewe, daardie selfde dag toe oom Sampie Geyer oorlede is. Pas is Tokkie Voster weg of oom Gawie gaan met sy vreugde na George Ulman.

Dis 'n ander oom Gawie wat so teen halfvyf se koers by George se kafee aankom. Hy laat George maar begaan. Laat George maar gesels en gesels. Hy sal geduldig na die ou klein dingetjies van George luister. 'n Mens moet geduldig en verdraagsaam wees teenoor jou ewenaaste veral as jy vernaam is. Hoe vernamer, hoe geduldiger sal jy wees. Oom Gawie hoor dan aan hoe die mense nie altyd vir George betaal nie, hoe hulle hom nie sy wins gun nie en hoe hy ook sy skades het. So tussenin vertel Hetta hoe oom Sampie Geyer om kwart-oor-een gegaan het en van die huishorlosie wat net op daardie sekonde gaan staan het.

Hulle weet nog nie, weet nog nie van die man van die Kaap, die portrette en die blaaie vol geskryfde dinge van hom en Susara, maar veral van hom.

„Oom Gawie sê ook nie eens 'n woord nie. Wat makeer, oom Gawie?" vra Hetta.

Dis waarvoor hy gewag het.

„Hulle sal my nou vir die skoolkommissie móét kies. Dit staan so in die pampier," sê oom Gawie.

„Watter pampier?" wil Hetta weet.

George is suiker aan afweeg en steur hom nie aan die eerste deel van die gesprek nie.

„Ek sê, George, dit staan so in die pampier. En as hulle my nie kies vir die skoolkommissie nie, dan staan dit nog altyd

so in die pampier," en oom Gawie vertel hulle van die man van die Kaap wat so sonder waarskuwing hier aangekom het.

Reken, hulle het in die Kaap al van hom gehoor en dit wys nou maar net weer vir 'n mens dat jou goeie werke jou vooruitgaan. Die Kaap is tog ver en daar is baie hoë mense, maar het hulle na hulle, die hoë mense, gegaan? Nee, hulle kom Soetwater toe en hulle nim hom in die voorkamer en hulle nim hom in die agterplaas saam met Feeliks. En die man van die *Bevoegsel* wil weet of hy 'n gesonde lewe gevoer het, hoeveel koppies koffie hy bedags drink en of hy rook. Hy het seker al baie vir Soetwater gedoen, en toe hy dit vertel, is daar 'n tikkie weemoed in sy stem, en Soetwater se mense is seker baie trots op hom. Hy is natuurlik op die kerkraad en die skoolkommissie en dis toe dat hy sê, ja, hy is op die skoolkommissie en nou sal hulle hom maar moet kies anders staan dit so in die *Bevoegsel* en niemand kan dit verander nie.

„Hede, oom Gawie, skrywe vir die mense jy is nog nie op die skoolkommissie nie. Sê nou die ander lede stem nie vir jou nie," is Hetta se raad.

Oom Gawie skuif ongemaklik rond op die sak aartappels.

„In die Kaap sal hulle mos nie weet nie en wie lees die koerant hier! Stem hulle vir jou, sal jy weer moet skryf en stem hulle nie, sal hulle dit in die Kaap ook nie weet nie. Oom Gawie is reg. Dis wat Jakob ook sou gedoen het en dis nog nie so erg soos 'n bokvel oor die hande nie."

„Maar 'n koerant mag nie lie nie!" kap Hetta teë wat self nooit 'n leuen vertel nie.

„Wat wil 'n koerant nie lie nie! Hulle vertel in die koerant hoe tevrede die mense met ons regering is, maar ek hoor hulle heeldag oor die swaar belastings gesels. Die prensipaal het gister net daar gestaan," en George wys oor oom Gawie se skouer dat laasgenoemde eintlik aardig word en reken die man staan nog daar, „en gesê hy stem nooit weer nastionaal nie en oom Sarel Verwey is die hoenders in, want hulle belas tot sy ou rentetjies ook. Oom Gawie, jy los die

ding net so, want as hulle nie vir jou stim nie, staan dit tog minstens in die pampier-koerant."

„Dan los ek dit, maar ek sal darem bly wees as hulle vir my stim," sê oom Gawie.

En reken, so het die vreugdevolste dag van sy lewe vir hom ook sy bederf ingehou.

* * *

Dis drie weke later. Van Tokkie Voster en *Die Byvoegsel* het oom Gawie nog nie 'n enkele woord verneem nie. Die eerste Saterdag se *Burger* het oom Gawie op die stasie gaan inwag, hy en George, maar daar was nie 'n enkele woord oor die wonderwerk van Soetwater nie. Oom Gawie wat die dinge nie so goed begryp nie, kon dit nie verstaan nie. Die man het na 'n eerlike kêreltjie gelyk en hy het alles op 'n pampier geskryf. Die portrette is ook geneem; een van hom en Nen in die voorkamer (hy het met sy hand op Nen se skouer gerus en sy het hare op sy skoot gehou), een van Nen by haar asters waar hy kammelielies in die agtergrond aan spit is en dan een waar hy op Feeliks sit. Dis alles genim. Nou ja, waarom staan dit dan nie in die *Bevoegsel* van *Die Burre* nie?

Die volgende week was dit insgelyks. George het eers getroos deur te sê die man is straks nog nie in die Kaap nie en hy het nogal geglo. Nou begin hy aan ander dinge dink; hoe goed hy en Nen vir die einste Voster was; die grond was eintlik te koud vir hom en daardie middag het sy reggestaan vir hom of hy wie weet watter minister is.

Hy het daardie dae tussen hoop en wanhoop geleef. Is die hoop daar, sal hy agter sy Kokkenennetjie aanstap en min of meer soos volg gesels:

„Nen, ek wonder nog altyd of dit nie dominee was wat hulle van my vertel het nie? Onthou jy hy was daar vir die sinode-sitting, hy en ou Sarel Verwey, maar ou Sarel sal nie 'n goeie woordjie vir my hê nie. Dit moes maar dominee gewees het. Nen, waar gaan jy nou tog weer?"

„Net kombuis toe. Die boudjie braai droog," sê sy.

„Dan hou ek eers my rede."

Dis darem nie vir lank nie.

„Ek is nou agterna jammer dat ek hom nie meer vertel het nie. 'n Mens is sulke tye ook 'n bietjie uit wysie. Jy weet, Nen, in '48 was dit so hittete of hulle het my gevra om vir die Volksraad te staan. Hoe dit ook al sy, ek was darem binne-agint met die verkiesing. Dis alles dingetjies wat ek kon gesê het. Hulle laat my ook gereeld met die sluiting van die skool praat soos nou laas weer toe die kinders so lekker gelag het . . . ."

Maar as wanhoop hom omring het, het hy sommer daar in die halfdonker sitkamer by sy Nennetjie gesit en gesit waar hy sit. Dit sal so vir 'n uur of twee duur en dan sal die mismoedigheid hom so stadigaan verlaat. Soos die weer in die Karoo maak deur eers te broei en te broei, dan op te steek en net so skielik saam te pak en jou skaars 'n kans gee om jou hoenders in die hok te kry voor dit bo jou losbars, so sal oom Gawie broei en as sy Nennetjie haar weer kom kry, is dit die Gawie van Diepwater.

Dit begin min of meer so:

„Ek sê, Nen."

„Ja, Gawie?"

„Toe jy met my getrou het, het jy natuurlik gedink ek is tagtig, nè?"

„Ja, Gawie?"

„En . . . . hoe oud skat jy my nou? Ek meen dan moet jy nie na my jare kyk nie, dan moet jy nou net aan my snare dink. Toe sê 'n bietjie vir my!" gebied hy.

„Aag, nie ouer as vyftig nie."

„En dan skat jy nog hoog. Maar kom ons sê maar vyftig. Kom ons sê vyftig en dan stry ons nie. Onthou jy die aand, Nen, toe ek verseg jou slepper wou gee? Weet jy, Nen, ons het mos nie eens behoorlik hanniemoen gehad nie. Kom ons sluit sommer alles hier toe en ons gaan so vir 'n week Carnarvon toe. Hoe lyk dit, Nen?"

„Aag, Gawie, jy weet tog ek sit liewers by die huis. Jy kom ook altyd so skielik met 'n ding voor die dag," verskoon sy.

„En dis nes Gawie Jordaan is. As 'n ding my byval, dan moet dit sommer nou geskiede. Kyk, ek hou nie van die sittery nie. Ek stap eers dorp toe," sê oom Gawie en staan soos 'n warrelwind op en soos dieselfde warrelwind sak hy eers op Susara toe.

„Gawie, my asem is skoon weg!" kap sy teë.

„Ek wil dit mos hê," sê hy en stap eers 'n slag na die badkamer om te gorrel, soos *hy* sê, maar eintlik is dit om haastig vyf witdulsies te sluk vir die ou hart wat ook na so 'n warrelwind nie meer is wat hy moet wees nie.

Soos die ongeluk dit wou hê, staan Martiens en Okkert, die twee platjies, juis vanmiddag op Neurinski se stoep toe oom Gawie daar verbyseil.

„Wat hoor ons, oom?" korswel die lawwe Martiens van Sarel Verwey.

„Ja, die mense skinder mos deesdae van oom Gawie," sê die onbruikbare Okkert net om te sien of hy oom Gawie se siel kan versondig.

Oom Gawie Diepwater steek net daar in sy spore vas en stoot sy hoed so 'n aks agtertoe.

„En wat sê hulle?" wil oom Gawie weet.

„Nee, hulle sê oom het 'n man uit die Kaap laat kom om oom se vrou en oom se perd en oom se huis af te neem," vertel Okkert.

„Dit lie hulle!" sê oom Gawie Diepwater. „Die man het self hier aangekom, glo iewers van my te hore gekom en toe wou hy sien, self sien, of ek nou so sterk is soos die mense sê."

„En hoe sterk is oom?" por Martiens.

„Julle weet mos self," sê oom Gawie.

„En hoe sal ons weet?" sê Okkert ewe onskuldig.

„Julle moenie vir my tart nie, Martiens, ek is al 'n ou man," sê oom Gawie, maar iets kom in opstand in sy binneste.

„En papier is geduldig, oom Gawie. 'n Mens kan vir hom enige ding sê. Jy kan sê jy is 'n Simson ook en hy moet maar glo," antwoord Martiens.

Oom Gawie en die Verweys is al van die orrel se dae haaks, ek meen vanaf die dae wat hulle Susara so begin vervolg het. En nou spring sy bloed in sy liggaam rond en wil weet waarom hy nie Martiens se mond kan sluit nie.

„En wat het ek vir die pampier gesê wat nie waar is nie?" vra oom Gawie bitsig.

Okkert stamp aan Martiens en sê: „Hoe moet ons weet wat oom gesê het!"

„En of oom dit darem nog kan doen ook," voeg Martiens by.

Dit moes hulle nie gesê het nie.

Met 'n stem wat amper nie eens soos oom Gawie s'n klink nie, sê die ou: „Ek het gesê ek kan die askoek slaan en ek kan hom slaan. Verstaan julle vir my?"

Oom Gawie haal sy grys hoedjie af en skiet hom daar op Neurinski se winkelstoep. Die baadjie behandel hy met meer respekte, want dis sy tweede beste ene en daarom vou hy hom soos vir 'n kopkussing en vra Okkert om dit tog vas te hou. Die linkerhand kom op die heup en die regter een hou hy baster soos 'n volstruisnek bokant hom. Oom Gawie jirts drie passies links, galop 'n slag in sy spore en jirts toe weer drie passies regs net om maar weer te galop. Hy neurie ook. Haastiger word die passies en harder die gestamp van die voete en luider die gebrom. Nu en dan spring oudste in die lug en klap dan sy hakke teen mekaar. Dit gaan nog steeds doller en net om vir die snuiters iets te wys, wielewalie hy nog so tussenin ook. Jy hoor net steune en die geklap van hakke (nogal uitsoekstewels wat 38s. 6d. by Nolski kos.)

Oom Gawie kan nie begryp waarom hy vandag so effens benoud voel nie, amper soos voorverlede Sondag toe hy te veel gebraaide aartappels geëet het. Hy hou sy hand uit na Okkert se koers om daardie baadjie tog in die hande te kry. Iets sê vir oom Gawie dis nie sooibrand nie. Hy het ook

sommer ineens 'n verlange om by Nen te wees, daar in die halfdonker voorkamer waar dit altyd lekker koel is.

„Wat makeer, oom Gawie? Voel oom sleg?" vra Okkert en hy en Martiens staan skielik besorg nader. Nou is dit nie meer grappies nie. Dit kan enigeen sien.

„Sleg? Sommer vanoggend te baie gewoel en nou sit hier 'n wind wat 'n bietjie baie lol. Los maar, Martiens. Ek sal regkom. Hier is ons by George se keffie. Dankie, Okkert. Nee, dis nie julle skuld nie. Ek is nou-nou weer fiks. Stap julle seuns maar," sê oom Gawie en voel-voel voor hom rond waar die sak aartappels tog is. George is stellig nie hier nie, maar George is nooit ver nie.

Dis maar halfskemer hier in die kafee, dink oom Gawie. En koel . . . . half soos by sy Nen in die spens.

„George!" roep oom Gawie saggies. „Hetta!"

'n Mens sit ook nie te gemaklik op die aartappels nie . . . . As hy net so 'n bietjie hande-viervoet kan staan, sal die narigheid verdwyn en miskien die brand op sy bors ook. Oom Gawie sukkel af grond toe, want hy het al vantevore verligting gekry as hy nou net hande-viervoet kan kom. Die vloer is nogal ver vandag . . . . Hy hoor George en Hetta iewers in die huis gesels . . . . Hy wil roep, maar die woorde pak hier op sy bors, reg op sy bors.

„Nen, goeiste . . . . ," sê oom Gawie en val vooroor op George se sandsteenvloer.

4

Soetwater se dokter kom oom Gawie se slaapkamer binne. Hy het eergister al 'n lang gesprek met Susara gehad en die twee het besluit dat dr. Servaas die waarskuwing aan oom Gawie sal gee. Maar dr. Servaas ken oom Gawie ook. Hy twyfel of oom Gawie hom veel aan sy waarskuwing sal steur.

Nietemin.

„Môre, oom Gawie. Hoe voel oom vanoggend?" wil dr. Servaas weet.

„Môre, môre, môre," sê oom Gawie. „Met my gaan dit goed."

Sy gesig lyk kleiner vanoggend, maar dis omdat die nag-hempkragie hoog en nou is en die slaapmus 'n bietjie te diep ingesak het. Oom Gawie stoot die mus uit sy oë uit en kyk waaraan die dokter tog peuter.

„Oom Gawie, wat het jy gedink toe jy die dag daar in die straat naar word?" vra dr. Servaas.

„Goeiste ja, wat hét ek nou weer gedink? Ek het gedag ek het 'n maskel seergemaak of miskien 'n spier verrek," antwoord oom Gawie.

Dr. Servaas glimlag.

„Nooit aan die ou hart gedink nie?" vra hy.

„En wat se ding is dit? Ek het nie 'n hart nie. Hulle het vergeet om vir my een in te sit," vervies oom Gawie hom.

„Oom Gawie, tant Susara het met my gepraat. Kyk, jou dae van vingertrek en op jou hande loop is verby. 'n Ander man kan dit nie eens meer op vyftig waag nie en oom is tagtig . . . ."

Oom Gawie val hom in die rede: „En sewe maande."

„Ek hoor oom Gawie is 'n man wat nog die askoek slaan en vir die grap teen stawels wolbale uithardloop . . . ."

„Kan jy dit doen, dokter? Toe sê vir my. Kan jy dit nog doen?" vra oom Gawie.

„Nee, oom, nie ek nie."

„En hoe oud is jy as ek mag vra?"

„Een van die dae vyf-en-veertig, oom Gawie, en ek leef soos 'n mens van vyf-en-veertig," antwoord die dokter.

„En hoe leef 'n mens van vyf-en-veertig? Toe, sê dit vir my!" gebied oom Gawie.

„Hy moet al stadiger begin lewe. Nou kan jy nie meer trappies ophardloop nie, nee, jy weet jy moet stap. En dis mos ook nie nodig nie . . . ."

„Kan jy darem nog jou vrou soen?" vra oom Gawie kortaf.

„Ja, as jy nie soos 'n warrelwind of 'n orkaan te kere gaan nie."

„So-o! Goeiste, dokter, waarom leef jy dan? Weet jy waarom het ek tagtig gehaal? Het hulle dit al vir jou vertel? Nou ja, luister hier, nefie. Dis omdat ek soos 'n orkaan geleef het. Ek soen nie my vrou en voel dan aan my hart nie. Gits, nee. Dit sal mos nie 'n aardigheid vir Susara wees nie. As ek heeldag moet dink: Gawie, moet jy nou stap of kan jy darem drawwe? Gawie, kan jy opstaan of moet jy nog lê? Gawie, hoe pomp die hart? Gawie, oppas vir die maskel; kyk, dan kan julle Gawie Jordaan maar begrawe."

„As jy te kere gaan soos jy nou in die strate te kere gaan, oom Gawie, sál hulle jou begrawe. 'n Mens is mos gemaak om op jou voete en nie op jou hande te loop nie. Reken 'n bietjie, 'n ou man van tagtig hardloop teen 'n stawel wolbale uit en slaan die askoek in die straat. Ek het daarvan nog nooit gehoor nie," sê dr. Servaas ernstig.

„En jy sal ook nie weer nie. Daarom noem hulle my Gawie Diepwater. Dis omdat ek Gawie is, daarom kan ek sulke dinge doen. Jy kan dit nie doen nie en George kan dit nie doen nie ook nie eens Martiens en Okkert nie, maar moet ek dan nou ophou asemhaal net omdat hulle en julle dit nie kan doen nie! A nee a! moenie met my 'n klomp nonsies praat nie!"

Maar toe die dokter weg is, roep hy sy Kokkenennetjie so ewe liefdevol.

„Ja, Gawie?" vra sy.

„Nen, het jy met hom gepraat?"

„Ja, Gawie."

„En hoekom, Nen?"

„Omdat . . . . maar omdat ek sien wat sal gebeur . . . ."

„Ja, Nen?" por hy aan.

„En dan sit ek weer alleen."

„Hoekom sal jy alleen sit?" wil hy weet.

„Omdat as jy so te kere gaan, sal jou hart dit nie hou nie."

„En dan moet ek van nou af stadig gaan?" wil hy weet.

„Asseblief, Gawie!"

„En 'n stoel vat en daar teen die bakoond in die son gaan sit?"

„Niemand het dit gevra nie, Gawie!" kap sy teë.

„Maar dis wat sal gebeur. Kyk, dan is ek mos nie meer Gawie Jordaan nie. Gawie Jordaan is 'n man wat op sy hande loop as hy so voel en hy slaan die askoek as hulle hom dêr. Wil julle alles van my wegneem? Die ander sit op die kerkraad en hulle sit op die skoolkommissie en dit is munisipaliteit en afdelingsraad. Dis nou hulle vermaak. Niemand nim dit van hulle nie. Daar het George en Hetta gesê: ‚Oom Gawie is die man vir ons. Noudat oom Sampie nie meer daar is nie, behoort hulle oom Gawie te kies.' En wie kies hulle toe? Jaap Kannemeyer; Jaap met sy skewe nek en sy pap hande. En wat het van die *Bevoegsel* geword? Die man kom hier omdat hy van my gehoor het en hy sê, ‚Sit jou hande op die vloer neer.' En wat maak ek? Sit ek my hande op die vloer neer? Nee, ek stap van oorlee ouma se bruin stoel tot voor jou by die settee — op my hande. Vir die aardigheid sal jy sê. O, nee. Wat moet ek nog meer doen? Wat, Susara? Hoe kan ek vir die mense wys ek is sterk en gesond? Ek stap al op my hande en hardloop teen ilke wolbaal uit. En kies hulle vir my? Nee, dis vir hulle snaaks. Dis Gawie Diepwater. En nou sê jy en die dokter: ‚Hou op.' Waarom sal ek ophou? Dis nog al plesiertjie wat ek het . . . . ," en oom Gawie gooi hom op die ander sy en lê nou met sy gesig na die kamermuur.

Susara trek die gordyne dig en stap na die voorkamer. Gawie is nie 'n buierige man nie, maar as hy hierdie nuk het, moet 'n mens hom alleen laat. Hy sal nou slaap of straks alles oordink en haar later roep net om van sy kaskenades te vertel. Hy is mos nie 'n man wat gaan lê nie. Dit sal nou so lyk, maar nie hoe lank nie of Gawie is weer op sy voete en dan is dit kompleet soos 'n warrelwind. Hierdie keer het

hy darem baie seergekry. Dis nie sy hart nie, weet sy; dis die teleurstelling. Vandat die komitee eergister vir Jaap Kannemeyer verkies het en nie vir hom nie, is dit of sy hart uit lid uit is. Dit sal oorwaai, hoop sy.

So stryk van drie-uur sien sy George in aantog — sonder baadjie en dit lyk of die man baie haastig is. George stap met dwars voete en daarom word die lyf so links en regs gegooi as hy deur die sand ploeë. Susara wonder wat dit kan wees. Miskien 'n versoek om oormôre vir die erediens te speel. Sy laat die kantgordyn sak en soos dit 'n ordentlike vrou betaam, gaan sy op die rusbank sit. Mieta kan maar deur toe gaan.

Maar George Ulman is die draer van goeie nuus. Hy druk ou Mieta net uit die pad uit en hier kom hy reguit sitkamer toe.

„Susara!" roep hy.

„Ja, George; hier is ek in die sitkamer," antwoord sy.

George is net te bly. Dit swaai met die arms en beduie met die hande; dit raas en dit lag.

„Dit staan alles hier in die pampier nes oom Gawie ons vertel het. Dis 'n mooi storie en Hetta en ek het dit so staan-staan deurgelees. Jy moet tog lees wat hulle van jou ou man sê, Susara, maar ons het dit natuurlik altyd geweet. Ek sê vir Hetta ons is nou vandag soos Filippus en die kamerling — ons kan dit nie bra glo nie, maar daar staan dit geskrywe en dan moet dit tog waar wees. Hetta het eerste jou gesig herken en sy los net so die bakkie eiers — twee stukkend — en ek sê: ‚Hetta, hoe is jy dan vandag nes die kinders', maar wat, Hetta hoor my nie eens nie. Kom ons loop wys vir oom Gawie," stel George voor.

„Hy rus 'n bietjie," sê Susara onseker.

„Hy sal ons verkwalik as ons hom nie wakker maak nie. Ek ken oom Gawie," sê George en stap reguit kamer toe.

Oom Gawie is nie hier nie. Hier lê sy naghemp en sy slaapmus, maar van oom Gawie is daar nie baie te sien nie. Susara skop iets haastig onder die bed in (so kon George dit

gesien het, dink sy) en raak so lam dat sy aan die katelstyl moet klou.

„Wat sal van Gawie geword het?" wonder sy.

Voor die angs kon toeneem, hoor hulle (of liewer Susara hoor) bekende geluide uit die badkamer. Dit gorrel en hoes vir die ander wêreld.

„Ek het die vreeslikste gedagtes gehad," sê Susara en gaan lam op die bed sit. „O, as Gawie iets moet oorkom, sterf ek seker," sê oom Gawie se Kokkenennetjie.

Die badkamerdeur gaan oop en toe 'n noodgeroep: „Waar is my Kokkenennetjie — Hennetjie?" skree oom Gawie Diepwater.

„Hier!" antwoord Susara.

„Hier wie?" skrou oom Gawie.

„Hier, Gawie," antwoord sy en bloos.

„Dis nie soos ek jou geleer het nie! Hier wie?" hou oom Gawie vol.

Susara sit altwee hande voor haar gesig.

„George is hier, Gawie!" skree sy en vlug toe sitkamer toe.

„My alla geeftag! Nou waarom sê jy dan nie! George, ek is nou daar, nou daar, nou-nou. Jy kan maar sê: ‚Hier kom Gawie.' Ek wil nog die man sien wat my in die bed kan hou. Hulle sal my eendag in die kees moet terugdruk en sê: ‚Lê nou, Gawie.' Of het jy gedag hulle sal my in die bed hou, George?" skree dit.

„Dis alles in die *Bevoegsel* nes jy gesê het, Gawie."

Daar is so 'n kort stilte, amper soos die pôis van die oorlogsjare. Toe kom die antwoord: „Hier kom Gawie Jordaan."

4

Dankie, Bella

1

OOM GIELIE HERRINGTON (van die Afrikaanse Herringtons daar van Worcester se wêreld) maak sy oë oop, leun terug teen die bank en kyk die kerkgangers deur. Langs hom sit sy jongste dogter (ook nie meer jonk nie), Ansie. Hulle is, soos ons flussies gesê het, van Worcester se wêreld en oom Gielie sou seker nooit en nooit van Soetwater te hore gekom het as dit nie was vir sy hart nie. Die dokter was beslis. Groot-Karoo, oom Gielie, vir jou en hoe droër die klimaat hoe beter. Soek 'n stil, rustige plekkie vir jou uit, hoe kleiner hoe beter en gaan daar stil woon, het die dokter gesê. Oom Gielie het van sy prokureur laat verneem en dié het weer verneem en so het hulle van Soetwater te hore gekom en van oorlede Sampie Geyer se huis wat in die mark is.

Oom Gielie Herrington het sekere vaste gewoontes en gelowe. Een daarvan is dat 'n mens nie laat by 'n kerk aankom nie en as jy in jou bank sit, kyk jy nie rond nie. Dit betaam 'n gelowige nie. Maar hy voel tog dat vanmôre 'n uitsondering is. Dis sy eerste Sondag op Soetwater en sy eerste besoek aan die kerk.

Ons oom Gielie is 'n groot mens. Ek reken dis net George Ulman wat naasteby so groot soos hy is. Geset boonop ook. Hy was seker 'n mooi man op sy dae, maar nou is daar nie meer baie hare oor nie en oor die pan lê daar net 'n paar lang

wit toutjies. Lig van vel en blosend van kleur, blou van oog, die oom Gielie Herrington. Sy snorbaard is haelwit en het so effens van 'n kriewelpunt wat dreig om boontoe te draai en sy wit baard is sag en gekartel.

Rustig kyk hy die kerkgangers deur. Hy doen alles rustig.

Oorkant hom sien oom Gielie 'n middeljarige man en vrou, twee dogters en 'n seun, en ons wat Soetwater reeds ken, kan hom sê dis oom Sarel Verwey en sy familie. Hulle is elke Sondag in die kerk en sit in die bank waar die gekleurde lig op 'n mens val. En hierdie familie, oom Gielie, wat drie banke voor jou sit, is niemand anders nie as die kwasserige Jaap Kannemeyer en sy mense. Oom Gielie is 'n Christelike mens en daarom du hy die lelike gedagte van hom weg. Wie is hy om die man te oordeel? Die man is seker maar so blas, blas soos 'n blou adamsvy, en in sy wêreld . . . . Oom Gielie sug en knyp sy oë 'n paar keer styf toe.

Rustig hier in die kerk, dink oom Gielie, en min mense. Hy wonder wie die ou-ou tannie tog is. Sy was reeds in die kerk toe hy en Ansie binnegekom het en sit in biddende stemming, stil en geboë. Sy is seker oud en arm, dink oom Gielie. Hy kan nie sê die skraal mannetjie met die spits baardjie en die jongerige vroutjie trek hom eintlik nie. Maar hy mag nie oordeel nie. Miskien is hy 'n goeie man.

Die man hier voorkant in die middelste blok ken hy darem al. Glo 'n Ulman, as hy reg onthou, en die eienaar van die enigste vrugtewinkeltjie op Soetwater.

Oom Gielie Herrington word skielik aardig. Dis hoe hy dit wil beskryf, aardig. 'n Mooierige vrou, nie lank en ook nie geset nie en tog nie skraal nie, het nou net binnegekom en twee banke agter Ulman gaan sit. Daar is 'n mooi dogter by haar en die familietrekke is so duidelik dat oom Gielie hulle aansien vir ma en dogter. Maar dis nie waarom hy aardig voel nie. Sy lyk kompleet en kompleet soos sy oorlede vrou, Grieta. Ook so 'n bietjie klein van persoon en patroon en daardie koeëlronde gesig is nes Grieta s'n, ja, tot die platterige neus met die groterige punt van voor. Oom

Gielie Herrington kyk na Ansie en sy kyk na hom. Om haar van sy erns en eerbied te verseker, knyp hy sy helderblou oë 'n paar keer met mening dig en kyk dan weer voor hom.

Oom Gielie wil sy gedagtes nie verder volg nie. Hy mag nie. Hy ken hierdie wêreld se mense nie en 'n Herrington maak eers seker van die eerbaarheid voor hy vriendskap gee. Dit kan ook nie anders nie. Die wêreld is vandag te boos. Sy vader het hulle altyd geleer om eers te vra wie is die mense en wie is hul familie en so het hy sy kinders ook geleer. En dis nog boonop 'n vreemde wêreld ook. Nee, hy sal versigtig moet wees en so was sy voornemens ook toe Ansie en hy uit Worcester weg is. Daar is sy ander kinders ook: Tala en Muriel, Joosten, Gert en Braam. Hulle ken sy lewenswandel, en mag hy hulle nooit bedroef nie! Dis sy versugting.

Tant Bella Jurien (sy was 'n nooi Botha) het oom Gielie Herrington ook gewaar. Hier op Soetwater kan 'n mens 'n weduwee miskien nie wegsteek nie, maar 'n wewenaar ook nie. Almal op Soetwater het van sy voorgenome koms geweet amper nog voor oom Gielie ingepak het.

Tant Bella fluister: „Dorothy, kyk daar's ou Herrington. Die man is nog nie oud nie!"

As tant Bella dit sê, moet 'n mens onthou sy praat uit rype ondervinding. Sy was 'n nooi Botha en is nou die weduwee Jurien, maar tussen Botha en Jurien lê 'n lang pad. Tant Bella is driewerf-weduwee. Eers was dit Lappies van Zyl en na hom ene George Costa, maar George het eendag in die pad van 'n muil gekom daar op die perde-vendusie. Tant Bella het dit darem nie so vertel nie. Na 'n weduweeskap van 365 dae het sy met 'n retaaier skaapinspekteur, ene Calvin Jurien, getrou, maar hoe hy aan sy einde gekom en of hy al aan sy einde gekom het, weet Soetwater nie. Na haar troue met Jurien het hulle Tulbagh se wêreld toe gewyk en na so 'n vier jaar het sy weer op Soetwater uitgeslaan, maar sonder Calvin Jurien. Sy het net een dogter, Dorothy of Dot. Al verskil tussen tant Bella en Dot is die jare en miskien 'n plooi hier en 'n swam daar. Origens lyk hulle eenders. Dot

was ook tot onlangs in die mark, maar nou is sy verloof aan Arthur Drew. Dis nou van tant Bella en haar dogter Dot: hulle mag miskien sus en so wees, maar is hulle eers verloof aan 'n man, dan hou hulle vir hulle op hul plek.

Nou ja, so wil ons dan net sê: tant Bella het vir oom Gielie Herrington ook gesien.

Na die diens stap oom Gielie en Ansie tydsaam na hul huisie so 'n steenworp van George Ulman se kafee. Tydsaam, sê ons, want oom Gielie is geset en Ansie is geset en dis warm. Maar dis ook 'n gebruik van oom Gielie en sy mense om niks haastig te doen nie. Dis ook baie meer waardig om stadig en regop te stap.

By die huis het Ansie 'n ander rok oorgegooi, oom Gielie het sy kisbaadjie uitgetrek en 'n roomkleurige sybaadjie aangetrek. Dit was eers na „laat wij nimmer U vergeten", dat Ansie sê: „Het Pa gesien hoe baie daardie vrou na oorlee Ma lyk?"

Sy kyk nie na oom Gielie nie. Haar pa knyp sy oë 'n slag styf toe en proe-proe so met sy lippe, soos sy gewoonte is as hy verleë raak, en sê dan: „Ek het, Ansie."

Verder word daar nie na tant Bella Jurien, gebore Botha, verwys nie. Ansie is nie in die minste onrustig nie. Sy ken haar pa. Hy sal nie halsoorkop in 'n ding hardloop nie en buitendien ken hy die vrou nie eens nie. Nee, haar vader sal nooit 'n onsinnige ding doen nie. Hy is nou al ses jaar wewenaar en in Worcester was sommer baie weduwees en tog het hy geen aandag aan hulle gegee nie. So . . . .

By tant Bella se huis daar bokant die pastorie gaan dit nie so stil soos by oom Gielie se huis nie. Dis nou Sondag en so sal sy die Sabbatdag ontsien, maar môre, net môre . . . .

Tant Bella kom Dot se kamer binne kompleet nes 'n warrelwind 'n kafhoop binnedring. Ons moet haar verskoon, maar Sondae na die diens trek sy die bo-rok uit, haal saal en tuig af en dan is ons almal lekker koel. Dot het al met haar oor die gewoonte gespook, maar dis dieper gewortel as die liddoring op die kleintoontjie. Sy hét pantoffels, maar dis so lekker om kaalvoete te loop.

Dot vererg haar dadelik. Sy verlang vandag vreeslik na Arthur en daarom het sy die roman *Happy Hearts* van Charles E. Burns gevat en haar gaan opkrul in 'n leunstoel. Sy is nou juis by die plek waar John Dorrington vir Amy Wilson vir die eerste maal sien en hulle verrukking lê soos 'n sagte kleed oor haar.

„Nog nooit was die maan so skoon, so groot en so rein soos vanaand nie," sê John.

Dorothy hou op met kou en roer haar tone behaagsiek.

„Ja," sê tant Bella, „'n mens kan sien die Gielie Herrington kom uit 'n ander wêreld se koers. Hy laat my vreeslik baie aan George dink. George was ook groot en ook so 'n ligte vel . . . . Hede, Bella, wat gesels jy nou alles!"

Dorothy sug. Dit moet sy tog onthou. Amy Wilson het nou net haar rug op John Dorrington gedraai en kil en hooghartig sy toenadering afgejak. (Sommer kammelielies, dink Dorothy, want watter meisie kan dit nou hou as 'n kêrel sê jou oë is soos smaragde en jou hande druip liefde?) Dorothy kyk eers 'n slag na haar hande en kou toe weer aan Neurinski se tameletjies.

„Maar jy hoef tog nie bang te wees nie, George," gesels tant Bella op haar eentjie. (George Costa was haar geliefste man.) „Ek sal jou nooit vergeet nie. Nee, nooit!" sê tant Bella, sit haar regterhand op haar hart en hou die linker een dramaties omhoog, maar toe die houding ongemaklik voel, ruil sy net hande om. „George, hoe bitter, bitter, bitter baie verlang ek party dae na jou . . . ."

Dorothy kan die gesanik van haar ma nie veel nie. Sy wil weet wat nou gaan gebeur. John Dorrington het Amy ru aan die skouers gegryp net toe tant Bella hande omruil en dit het die stemming 'n bietjie verbreek. Ewentwel, John het Amy ru aan die skouers gegryp, in haar oë gekyk en hees (al die skrywers se kêrels is sulke tye hees) gesê:

„Amy, can you blame me?"

„Oooo!" brom Dorothy.

„Bella, waarom was jy tog so ongelukkig? Al jou mans het

so tragies aan hul einde gekom. Foei tog. 'n Spinnekop het Lappies gebyt, dit was 'n blouetjie met 'n rooi vlek onder sy maag, 'n perd weer vir George — nie gebyt nie, ek meen geskop — en wie kan sê waar Calvin vandag is? — George, vandag kan ek jou nie vergeet nie . . . . vandag . . . ."

„Aag, Ma, loop tog hier uit. Ek lees nou," sê Dorothy.

„Alleen het jy in die wêreld gekom, Bella, en alleen sal jy daar uitgaan," sê tant Bella en vlug op haar kaal voete na haar kamer, maar in die gang slaan sy net eers 'n slag remme aan om Lappies se portret haaks te hang.

Dit alles vertel ons net om te bewys dat tant Bella vandag vir oom Gielie Herrington in die kerk raakgesien het . . . .

Ja, tant Bella Jurien het oom Gielie Herrington gister gewaar en as ons haar op hierdie Maandagmôre goed dophou, sal ons iets van haar planne agterkom. Ons kry haar voor die spieël waar sy, terwyl sy „Die Brug op ons Plaas" neurie, pomade aan die gesig smeer en die keelspek lustig met die hand klop.

„Ek sê: Kat, waar trewil jy nou weer heen?" sê tant Bella goedig, vat vir Bontes en sit hom op die vloer neer.

Tant Bella bring haar gesig nader aan die spieël. Daar is amper nie meer wenkbroue nie en twee groot, ronde oë kyk reguit in tant Bella se gesig. Sy het twee koddige klein oortjies, 'n plat neus en twee hoë wangbene. Maar tant Bella het nog iets. Sy het wat hulle my vertel die Folies Bergère se meisies het — miskien nie vir jou en vir my nie, maar sonder enige twyfel tog vir oom Gielie Herrington. Dan het sy ook iets van die ewige jeug geërwe, want hier by vyftig is sy nog aanvallig en lewenslustig en, ai, oom Gielie, ook so vroulik. Van die drie huwelike is daar nie baie spore oor nie en as jy na die lyfie kyk, kan dit net sowel Dorothy wees wat daar staan.

„Keelspek," sê tant Bella, „keelspek, met jou moet ek 'n plan maak." — 'n Mode van tant Bella om dinge en diere aan te spreek of hulle mense is.

„Gebou oor 'n heldere stroom . . . . ," neurie sy en smeer haar hande en arms met haar eie resep van bokvet, kasterolie en 'n titseltjie roulynolie.

In haar huis klee tant Bella haar selde ten volle. Sy dwaal maar gewoonlik op die kaal voete rond, spaar die bo-rok uit en . . . . nou ja, laat ons dinge nou nie vir oom Herrington bederwe nie.

Kom ons stap 'n slaggie oor na oom Gielie se huis.

Oom Gielie het 'n paar pragtige rooi oorleer veldskoene wat sy seun, Joosten, vir hom gemaak het. Hy het dit vanmôre nie aangetrek nie, waarom weet hy self nie, want die goed sit gemaklik en is so goed gemaak soos 'n paar winkelstewels. Tog het hy hulle nie aan nie, maar 'n paar swart stewels, eintlik nog te goed vir 'n Maandagmôre. Oom Gielie het 'n grys pak klere, 'n snyerspak, 'n wit hemp, stywe boordjie en 'n swart beffie aan. Die groot gestalte beweeg stadig van vyeboom tot vyeboom, regop soos 'n peerboom en breed soos Soetwater se granaatbosse.

Ansie is weer in die kombuis besig om ete voor te berei. Sy is die enigste ongetroude dogter van oom Gielie en so het die lot op haar geval om haar pa te versorg. Sy doen dit ook met vreugde. Sy is ook rysig soos haar vader, traag om te spreek en ras om te hoor.

„Ansie, my kind," kom dit uit die tuin uit.

„Ja, Pa."

„Hoe ver is jy, my kind?"

„Amper klaar, Pa."

„O," sê oom Gielie.

Hy stap om na die stal om te kyk of die kerrie-koeitjie iets het om te eet. Hy word half aardig toe hy in die stal kom. Die kerrie-koeitjie is ook maar klein en die oë groot en half bekind.

„Kom eet nou maar, Pa!" kom dit van die huis se kant af.

Voor oom Gielie afsluit met „Voor genoten spys en drank," sê hy aan Ansie: „Ek stap so vir 'n heen-en-weertjies dorp toe."

Ansie hou haar vader deur die voorkamervenster dop. O, sy kry hom uit haar hart jammer. Hoe verlate en verstote lyk hy nie! Hy moet vreeslik na Ma verlang, dink Ansie en sug. Sy kan verstaan. Sy verlang baie dae, verlang sommer na Boet Kruger wat langs hulle op Worcester gewoon het. Boet het nooit geraai nie. So voel haar vader seker ook. Daar is mos so 'n leegte in 'n mens se hart, 'n verlange om jou kop op 'n ander se bors neer te sit en met jou lippe syne te soek. Die een hoef nie goed te wees nie — Boet is seker nie 'n goeie mens nie — maar wat maak dit nou eintlik saak! Elke mens verlang maar om vertroetel te word en, ag ja, die liefde te ken. Kyk vir Pa, dink Ansie, kyk tog hoe rusteloos is hy. Met 'n sug draai sy om en gaan met haar werkies aan.

Oom Gielie stryk langsaam die straat af. 'n Vreemde dorp en vreemde mense, nuwe gesigte wat hy sal moet leer. Sy gesondheid is darem baie beter van die dag dat hy hier aangekom het. Hy draai by George Ulman in.

George staan gebukkend oor 'n paar kissies gedroogde vrugte wat hy gister met die trein ontvang het. Bo hom hang 'n paar gedroogde snoeke, bossies droë uie en selfs 'n kanniedood in volle blom.

Oom Gielie skraap sy keel.

„Dis mos oom Gielie Herrington!" sê George geniaal. „Oom was al 'n slag hier, maar op Soetwater ken ons almal mekaar en 'n vreemdeling bly nie lank 'n vreemdeling nie. Iets vir oom se vrou?"

„Ek het haar ses jaar gelede deur die dood verloor," sê oom Gielie kalm en waardig.

„Ek het so aangeneem, maar vandag weet 'n mens ook nie. Natuurlik oom se dogter?"

„Ja, my jongste."

„Oom moet maar sê as ons iets vir oom kan doen. Hier help ons maar mekaar en ek is nooit onwillig nie. Almal sal oom kan sê. George Ulman is nie ryk of vernaam nie en het nooit letters geëet nie. Al wat 'n mens nodig het, is twee hande," sê George en hou twee omhoog soos 'n mens nie aldag

te sien kry nie. „Oom het ook harde bene gekou. Ek kan dit sien. Vandag se kinders weet nie wat werk is nie. My vrou."

Hetta het binnegekom om te sien met wie George tog gesels en kort op haar hakke het Tewes, Maansie en Soepie gekom asook die twee kleintjies.

„Uit hierso! Uit julle perskepitte! Julle en hierdie wêreld se donkies is net eenders. Lê, staan, slaap en as 'n mens die slag wil hê julle moenie roer nie, dan spring julle in die pad. Sê môre vir die oom."

„Môre, oom," sê 'n koor stemme en die grotes steek blad ook.

„So ja, nou het julle die oom gesien. Hy lyk net soos 'n ander mens. Saai!"

George Ulman gryp hier na die plakkie wat langs die kissie mebos hang en toe saai die kinders ook.

„Wat kan ek vir oom doen?" vra George. „'n Kissie vars tamaties; piesangs? Môre sal daar nie meer wees nie. Gedroogde vye; perskes van Prins Albert . . . . ?"

„Niks tog vir my nie, neef," sê oom Gielie.

„Ek kry partykeer so 'n bietjie vars vye en perskes uit die distrik . . . ."

„Nee, dankie."

„Oom is seker jou vars vis gewoond, maar hierdie soutsnoek smaak nie sleg nie . . . ."

„Regtig waar niks vanmôre nie."

„Ek kan oom nie eens nooi om te sit nie . . . . maar as oom wil rus . . . . Hetta, bring vir die oom 'n stoel," gee George aan die hand.

„Ag, neef," sê oom Gielie kalm en waardig, „ek het nie gekom om te sit nie. Sommer net kennis maak en dan wee stap . . . . Kyk waar ek my goedjies kan koop . . . . ja . . . ."

Oom Gielie Herrington bly stil en daar is 'n goeie rede voor. Tant Bella Jurien het nou net die kafee binnegekom. George het op hierdie oomblik sy rug na die deur. Oom Gielie skraap sy keel, weet nou nie of hy moet kyk of nie

moet kyk nie en besluit om nie te kyk nie. Strak word die oë op die soutsnoek bokant sy kop gehou, maar sy ligte vel word tog so effens rooi gekleurd. Die stilte duur vir so 'n oomblik of drie, dit kan ook vier wees, en toe sê tant Bella Jurien: „Goeiemôre, George." Net so: „Goeiemôre, George."

„Môre," sê oom Herrington van pure verleentheid.

Die weduwee sê nie môre nie.

„George, ek hardloop vanmôre sommer vroeg in, maar ek kan ook nie anders nie."

Nou merk sy oom Gielie Herrington skynbaar vir die eerste keer op, raak skoon van stryk af en sê saggies: „Ek het gedag jy is alleen, George . . . . ek weet ook nie wat ek gedink het nie . . . ."

Oom Gielie skraap weer sy keel.

George Ulman lag en praat terselfdertyd.

„Dis tant Bella Jurien; ek noem haar sommer tant Bella, want sy is seker baie jonger as ek . . . . party dae dink ek sy is baie jonk en dan sê ek, George, ... maar wat, Hetta is nog jonk en sterk . . . ."

„George!" sê tant Bella en kan kamtig in die aarde sink.

„Sy is die enigste weduwee wat ons op Soetwater het, as 'n mens vir ou tant Naatjie Oberholser nie byreken nie en as 'n mens vir tant Naatjie byreken, dan sê ek nog sy is die enigste weduwee op Soetwater. Toe Dawid daar op sy dak rondgestap het — ek wonder nog wat hy op sy dak gesoek het as dit nie was om miskien pampoene af te haal nie . . . ."

„George!" waarsku tant Bella nog 'n keer.

Sy hou haar rug knaend op oom Gielie gekeer, want wat moet die wewenaar van haar dink as sy sommerso na hom kyk of met hom praat!

„Nou ja, dis glo die eerste keer dat Dawid toe vir Bátseba gesien het en as jy jou nou omdraai, kan oom Gielie Herrington jou ook te sien kry."

Sy draai haar om.

„En dis oom Gielie Herrington. Nou ja, hier is nou nie 'n dak of 'n bad nie, maar darem pampoene," gesels George.

Oom Gielie vererg hom bloedsielig — wat bloedsielig dan ook al is — vir die man se stuitigheid. Daar is dinge wat 'n mens miskien dink, maar wat jy darem nie sê nie, want as jy dit sê, wat moet dan tog van die ou wêreld word?

Tant Bella dink op hierdie oomblik aan niks. Lappies van Zyl, George Costa en Calvin Jurien was nog nooit verder van haar gedagtes nie. Om die waarheid te sê, sy het aan iets gedink. Sy wonder mos toe, ag ja! as oom Gielie eendag weer trou of daardie dogter van hom by hom sal bly.

„Môre," sê oom Gielie.

„Môre," sê tant Bella en sê vir haarself: „Kyk, die muil wat hierdie man doodskop, sal sy skop moet ken."

Oom Gielie hou nou sy oë op die kissie mebos, want kyk, hy ken tant Bella nog nie regtig waar nie en wat weet hy nou eintlik van haar en haar voorgeslag?

Tant Bella sê weer vir haarself dat sy net mooi weet hoe om met hierdie wewenaar te werk.

2

Ansie Herrington is vir haar susters en broers briewe aan die skryf. 'n Mens sê dit gouer as wat dit gaan. Sy is omslagtig soos sy altyd maar is, en daar is vyf van hulle: Tala, Muriel, Joosten, Gert en Braam.

Vir dae en weke hou sy haar vader nou al dop en hy is nie soos hy anders is nie. 'n Mens kan dit aan klein dingetjies sien. Vat nou gister. As sy nie vir Lêtjie, die kerrie-koeitjie, gaan losmaak het nie, het sy seker nou nog daar in die stal gestaan. Sy ken haar vader nie so nie. Verlede Sondag het sy hom hardop tussen die vyebome hoor gesels en alhoewel sy niks uit die gesprek kon wys word nie, het die onrus nietemin toegeneem.

„Son gebrand," het oom Gielie Herrington gesê en sy kop tussen die vyeblare ingesteek. „Of hoe, Grieta?"

Ansie het aardig geword en skielik agter naar gekyk. Haar oorlede ma se naam was Grieta.

Die vyetakke roer weer en Ansie spring agter die appelboom in.

„Natierlik," sê oom Gielie en pluk 'n rosyntjievy af. 'n Oomblik later sê hy duidelik: „Nee, ek sal maar op die dorp bly woon."

Nou ja, as 'n mens nou hierdie monoloog in oënskou neem, sal jy en ek miskien nie onrustig wees nie, maar Ansie ken haar vader. Met nonsens hou hy hom nie op nie en vat nou die woorde „son gebrand" en „natierlik". Dit neem onrusbarende dimensies aan as 'n mens oom Gielie se ewewigtigheid in gedagte hou.

Dis nog nie die ergste nie. Voorverlede week het sy een nag 'n gewerskaf gehoor en haar vader in die spens gekry, besig om waatlemoenstukke te eet. Dit was toe 'n rapsie oor een.

„Môre, Ansie," het hy verleë gesê.

„Môre, Pa. Wat maak Pa so vroeg in die spens?"

„Kan nie slaap nie, Ansie. Niks om jou oor te ontstel nie. Ek sal weer slaap," het hy gesê.

Dit alles skryf sy nou breedvoerig vir Tala, Muriel, Joosten, Gert en Braampie. Sy het lank gewik en geweeg of sy die ander voorval ook moet vertel. Uiteindelik het sy tog.

Oom Sampie Geyer se erf het pragtige rooi kleigronde, diep aarde en so koel in die somer. Daar staan jaar na jaar die pragtigste blomkool, tamaties, wortels en beet. Vanjaar ook, maar vanjaar behoort die tuin aan oom Gielie Herrington. Dis nie 'n bron van onrus nie. Reg. Maar luister hierna: Oom Gielie het een Maandagmôre 'n streepsak gevat en 'n krismisboks groente opgemaak. Daar was 'n kop blomkool, 'n trekseltjie wortels, beet insgelyks, 'n kookseltjie aartappels (Early Rose), so 'n skotteltjie tamaties en 'n paar borriepatats. Nie sesmaande-patats nie, maar borriepatats.

Oom Gielie het ou Freek, hul tuinier, geroep en sy wat Ansie is, het nader gestaan.

„Nee, my ou jongie, sit maar vir ons die sak groente in die koelte. Ek sal ouste later stuur," het oom Gielie skielik gesê.

Oom Gielie en Ansie het toe met 'n spel van vernuf begin. Word Freek geroep, staan Ansie sommerso ongemerk nader, en praat Ansie met ou Freek, sorg oom Gielie dat hy in die buurt is. Daardie aand het die sak groente nog in die gewel van die huis gelê.

„Freek," sê Ansie toe sy die eerste kansie kry (oom Gielie is aan voete was), „Freek, jy het toe nooit die groente geneem nie."

„Nooi, en dis nie die eerste keer nie. My bedoelentheid is: die oubaas maak die groente in 'n paarsel die ander dag en hy sê ek moet dit vir die ounooi gaan gee. Toe ek vra watter ounooi, sê die oubaas: ‚Ounooi? Freek, wat praat jy? Stap oor na die pastorie en gee dit vir die Meneer.' Maar Meneer het meer groente as hy weet wat om mee te maak en ek is seker die oubaas het gesê ounooi," vertel ou Freek, net te bly om 'n slag te gesels.

„Jy het maar verkeerd verstaan, Freek," sê Ansie baie beslis.

Freek krap sy kop.

„Ja, nooi."

Dit skryf sy baie moeisaam, want Ansie het maar swaar op skool geleer en nooit die skryfambag goed onder die knie gekry nie. Maar haar hart is reg en hulle wat die briewe gaan ontvang, sal gou-gou weet wat skeel.

En dit was ook so. Oom Gielie se klere het losser om sy lyf begin hang, maar voor hulle soos 'n sak gehang het, was Tala en Muriel se briewe daar. Wie is die vrou? wil hulle weet. Is sy 'n ordentlike mens uit 'n goeie familie en het sy darem iets? het Muriel sommer reguit gevra. Oom Gielie het oorgenoeg om van te lewe, maar die Herringtons se geloof is dat daar 'n nou verwantskap is tussen vermoë en, nou ja, karakter. Het jy iets, moet jy darem seker vlyt en sorgsaamheid ook besit en dan was daar seker ook spaarsin iewers in die agtergrond.

Ansie moes 'n rukkie langer op die broers se briewe gewag het. Joosten is nie 'n man wat ooit skryf nie en sy laaste pennevrug was sy en Bêtjie se langslewende-bly-in-volle-besit, en Gert en Braam skryf net Sondae. Joosten se Bêtjie het darem geskryf en sommer reguit gepraat. Dis nou die tyd vir die Herringtons om saam te staan. Gert is inspekteur van skole en hy het Ansie gevra om hom tog maar te verskoon, maar hy sal nie iets kan doen nie. Nie nou nie. Braam is predikant in die Vrystaat en vir hom sal dit moeilik gaan om af te kom.

Almal was darem eenparig in hul raadgewinge: Pa moet gehelp word en die Herringtons moet 'n slag bymekaar kom, sê met Pa se verjaardag, want Ansie kan nie alleen besluit nie. Braam en Gert is eintlik die mense wat met Pa moet praat en dan natuurlik Muriel. Soos hulle Pa ken, sal hy darem nie gou besluit nie en Ansie moet tog maar die toestand van haar vader fyn dophou.

En Ansie het. Oom Gielie Herrington was 'n man wat goed kon eet, rustig en tydsaam en voorbedag, en dit is wat Ansie se hart vroeër verbly het. Nou bly daar altyd iets op sy bord oor. Is dit nie 'n bietjie beetslaai nie, dan is dit 'n ou aartappeltjie of 'n halwe skorsie, en nes 'n kind sal oom Gielie dit probeer verdoesel — as verdoesel die regte woord is.

„In die somer het 'n mens nie altyd lus vir warm kos nie," sal hy vir iemand sê, want eintlik is dit nie met Ansie wat hy praat nie.

„So, Pa?" sal Ansie ongelowig antwoord.

Dan maak oom Gielie Herrington die speld van die servet hier van sy bors los, vou hom tydsaam op, dank, stap dan slaapkamer toe om met sy probleem te spook. Reguit op sy rug lê hy, die boordjie en das net losgewoel en die sokkie-rek laat skiet. Swart sokkies. O ja, oom Gielie glo aan die die waardigheid wat swart sokkies vir 'n mens gee. Nou ja, daar lê hy dan en tant Bella stap so elke paar tellings by hom verby. Sy verlange na haar is soos 'n ding wat in boeie en kettings sit, ja, dit is in boeie en kettings, maar oom Gielie

besef hoe dun party skakels al geslyt is. En dis 'n groot gevaarte wat hier geboei sit. Wat sal sy kinders sê as hierdie ding nou op 'n dag losruk en dorp af stap tot daar kort anderkant die pastorie?

Intussen het tant Bella Jurien ook nie stilgesit nie: die keelspek is daagliks getik, geklop en geklap en sy wou 'n bok nie meer in die gesig kyk nie, want dan dink sy aan die bokvet, die kasterolie en die roulynolie. Sy het soos Caeser se Cleopatra heengegaan en oom Gielie se gewoontes fyn dopgehou en maar aldeur uitgeslaan waar hy is. O, dis vernuftig gedoen. Maak oom Gielie sy oë oop voor die Woensdagaand se biduur begin, kyk hy vas in twee ronde, blou oë wat so onskuldig en kinderlik is. Ag, en sy het vir haar 'n paar rokkies laat maak, nie uitspattig of deurskynend nie, nee, sagte kleure, vroulik en innig wat die ronding van al haar rondinge opvallender gemaak het. Handskoene ja, en 'n paar hoede met strikke en kunsmatige kersies daarop. Buig sy haar hoof voor die diens kon die tierlantyntjies op die hoed so innig beef of hulle huiwer voor die liefde van oom Gielie daar in die agste bank van voor af.

Op 'n dag het sy skielik voor die toonbank in Neurinski se winkel langs oom Gielie kom staan. Dit was nie met opset gedoen nie. Sy het kerse, terpentyn en seep kom koop en oom Gielie wou 'n rolletjie tabak vir Freek hê. Toevallig was dit dieselfde toonbank.

Oom Gielie het eers die reuk van katjiepiering gekry (dit kon ook dié van amandelbloeisels gewees het, want oom Gielie was oor die saak nooit seker gewees nie) en toe is dit sommer of hier 'n loute en 'n innigte vas teen hom is. Hy het sy oë 'n slag toegeknyp, met sy lippe geproe-proe en sy keel geskraap. Toe eers het hy hom na haar gedraai.

Tant Bella kyk nie na hom nie. Sê haar Gielie Herrington van Worcester se wêreld staan hier langs haar en sy sou jou tot leuenaar gemaak het. Ons sal haar dan maar niks sê nie.

„Goeiemôre," sê oom Gielie en soek in sy onderbaadjiesak na 'n pippermentjie.

„O! Goeiemôre. Dis seker meneer Herrington," sê tant Bella en woel met die sakdoekie om die amandelbloeiselgeur op sy sending te stuur.

„Dit is, en jy is mevrou Jurien, nie waar nie?"

Tant Bella knik. Niks meer nie. Kyk, 'n mens moet darem billik teenoor almal wees. Oom Gielie kan nie eendag sê Bella het sus of so gemaak of dit of dat gesê nie.

„Kerse is vandag duur," sê oom Herrington, sommer om iets te sê.

„Alles is vandag duur," sê tant Bella en kyk vir die eerste keer vanoggend in oom Gielie se oë.

Toe sien hy ook die diepte onderkant die ooglede, die hare wat so effens van 'n rooibruin glans het en die sagte vel. Sy glimlag en daar kom 'n kuiltjie binne-in die duik van die ken. Ai, Gielie, dit laat mos 'n mens se bloed raas en skel en bokspring soos 'n kalf in die lusernland. Dit is in oom Gielie se gedagte, maar hy sê dit nie. Asof hy dit slegs gedroom het, is dit weer verby en hy staan alleen voor die toonbank.

Daar was die dag toe oom Gielie dit nie meer kon hou nie en hy nie meer getraak het wat gaan gebeur nie. Hy sal na die huis net anderkant die pastorie stap en daar 'n bietjie gaan gesels. Daar is houthortjies, diamantvormige hortjies, rondom die stoep en die venster op links is altyd oop sodat hy die koperkleurige gordyn goed ken en daaragter die geheimsinnige halfdonkerte. Hy sal gaan aanklop en sy sal die deur oopmaak en hy sal sê: „Goeiemiddag," en sy sal antwoord: „Kom binne." En dan sal hy sê: „Dankie, Bella."

Waar sy kinders lank en grof is, sy Tala en Muriel en Ansie, is sy weer nie groot nie en tog is die vel goed gevul . . . . Daar is die geur van amandelbloeisels, maar dit kan ook katjiepiering wees.

Op Worcester, dink oom Gielie, kon hy nog altyd wegkyk van alles wat begeerlik is, want daar is sy kinders aan wie hy 'n voorbeeld wil stel, maar hier is hy nie meer sterk nie.

Toe stap hy sommer. Hy hoor George Ulman in sy kafee so raas-gesels met daardie lawwe ou man, Gawie Jordaan; hy stryk by Nolski se winkel verby en later by Neurinski s'n verby.

Die huisie van die weduwee Oberholser, dink oom Gielie. Hy sal ingaan en hoor of hy nie iets kan doen of 'n ietsie kan stuur nie. Ja, dit sal hy doen. Sy is oud en gebreklik en sieklik. Wie weet as hy hier help, iets doen vir die arm weduwee, sal die koors hom verlaat.

Tant Naatjie Oberholser maak die voordeur oop en nooi oom Gielie Herrington binne. Sy is in swart geklee, die hande is saamgevou onder die geruite voorskoot; sy is so klein en die skouers is na vore gebuig soos die ouderdom en die siekte al met haar gewoel het. Rustig alles hier, dink oom Gielie. Dis half donker in die vertrek en die geoliede bruin buffet glim soos tant Naatjie se gesig.

„Tante," sê oom Gielie, „ek het sommer oorgestap om te hoor of ek nie kan help nie. My naam is Gielie Herrington. Ek woon daar in Sampie Geyer se huis."

„Ek weet, neef," sê tant Naatjie. „Op Soetwater weet ons alles soos neef nog sal uitvind."

Oom Gielie wend sy oë af. Dan weet sy seker van Bella Jurien ook.

„Dan sal tante seker ook weet dat ek en my jongste dogter, Ansie, alleen hier woon. Op my erf het ons volop van alles en as tante miskien iets kort is . . . . ek meen ons gee graag iets. Tante kan maar net praat." „Ek weet," sê sy en glimlag.

„Hoe weet tante?"

„'n Ou mens verstaan sulke dinge. Ek sien neef in die kerk en ek sien neef in die bidure. Jou dogter ook. Is dit nie genoeg nie?" vra sy.

Oom Gielie voel soos 'n kind in haar teenwoordigheid. Hy het lus om haar sommer alles te vertel, van Ansie se bekommernis oor hom en van Bella, maar veral van Bella.

Sy oorlede ma het net so 'n eierskotteltjie gehad en die gekleurde waterbeker en glase laat hom aan sy oorlede tante, Tala, dink.

„Ek was moeg toe ek hiernatoe gekom het, tante, maar nou voel ek beter," sê hy en leun terug in die stoel.

„'n Koppie koffie, neef, of miskien 'n glas melk?" vra sy.

„Aag, moenie moeite doen nie, tante."

„Dis nie moeite nie," antwoord sy.

„'n Koppie koffie dan, dankie."

Halfskemer en stilte. Oorkant oom Gielie kyk 'n goedige gesig uit 'n portretraam na hom. Die hare is middelpaadjie gekam en die gesig is smal, maar die oë is dié van iemand wat baie lyding geken het en tog ook geleef het. Oral die tekens van rus. Die swart lap-aia op die vloer kan met 'n mens gesels as jy maar net in die stilte wil luister, en die groot gipspadda op die tafeltjie knip jou gedoriewaar vir oom Gielie oë. Oom Gielie kyk op toe die vink (of is dit 'n kanarie?) uit die horlosie wip en vier keer hoei-ie skree.

„Ek drink my koffie nie té sterk nie, neef," sê tant Naatjie verskonend.

„Dit sal goed wees," verseker oom Gielie haar.

„Neef se vrou al lankal dood?" wil sy weet.

„Ses jaar, tante."

Nou gesels hulle nie verder nie. Tant Naatjie dink sy weet waarom die neef vanmiddag hier is, maar sy sal hom tog nie kan help nie. Een mens kan 'n ander een nie help nie.

„Wie was sy?" vra oom Gielie en beduie met sy koppie na die portret.

„My suster, Jaatjie. Sy is ook nie meer hier nie. Het ook baie in haar lewe gely en die is nou verby," sê tant Naatjie rustig en gelate.

„Sy lyk na tante."

„Sy is net twee jaar jonger as ek. Sommerso in haar slaap gegaan, maar dis vir my of sy nog leef. Ons was nie een dag van mekaar af nie," vertel tant Naatjie.

„Dit moet 'n vreeslike gemis wees, tante," sê oom Gielie.

„Dit is, maar as 'n mens so oud soos ek is, neef, weet jy dit kan nie meer lank wees nie. Dis nie soos met neef nie. Neef Herrington kan weer trou, en so iets is seker ook goed, maar ek sal my ou tydjie maar afwag."

Om tog iets te doen, kyk oom Gielie na tant Jaatjie se portret en dis kompleet of sy met hom glimlag. Hier glimlag alles ook met jou, dink oom Gielie. Tant Naatjie het hom darem 'n antwoord op baie vrae gegee.

Die tuinhekkie piep daar buite en aans word daar geklop. Tant Naatjie maak die voordeur oop.

„Middag, tant Naatjie. Ek het tant Naatjie nie gisteraand in die biduur gesien nie en nou het ek net kom hoor hoe dit tog gaan. Ek het 'n paar taaipitperskes saamgebring. Ek dink vanoggend: ‚Perskes, hoekom is dit al vir my vanjaar of julle nie is wat julle ander jare is nie?' O, ekskuus tog. Ek het nie geweet tant Naatjie het besoekers nie!"

Ja, dis tant Bella Jurien, die weduwee van Lappies van Zyl, George Costa en Calvin Jurien. Oom Gielie het nie omgekyk nie, maar die katjiepieringbloeiselgeur het hom alles vertel.

Oom Gielie besef die einde is nie meer ver nie.

3

Vir Tala het Ansie „die kamer langs Pa" gegee en Muriel moes maar by Ansie in die kamer kom.

Tala Eveling is die oudste van oom Gielie se kinders. Sy is ondanks die veertig winters nog altyd aantreklik, miskien 'n bietjie groot soos al haar broers en susters, maar 'n soort skoonheid wat 'n mens net by die Herringtons kry. Dis die skoonheid van kalmte, rus en waardigheid en hierby moet nog gevoeg word 'n sagte vel en die bloesendheid van die Herringtons. Tala is met 'n ryk boer getroud, maar dis nie sy enigste aanbeveling nie. Nee, Albertus Eveling stam uit die Goedenkamps van Constantia, al is hy dan ook die één Eveling wat nie met baie verstand bedeeld is nie. Moenie

dink Tala het met haar skoonfamilie gespog nie. Nee, dis nie haar geaardheid nie, maar sy het 'n waardigheid bewaar wat haar van ander mense onderskei het. Sy was nou net Tala Eveling.

Muriel Rustenhuys het tussen Joosten en Gert gekom, en waarom dit so was, kan ons nie sê nie, maar die broers en susters het haar as baie mooi gereken, besonder aanvallig. Sy hét 'n bekoring, maar sy is lank en trek 165 op enige skaal. Die gesig is soos dié van haar oorlede ma — rond, vet en effens donker van kleur. Haar man is volksraadslid en is al dikwels „genoem" — wat dit dan ook al mag wees. Muriel was in die gewoonte om die familie op hoogte van Klaas Rustenhuys se politieke bedrywighede te hou en so het hulle elke keer verneem as hy weer 'n slag „genoem" is.

Joosten kon natuurlik nie kom nie en ook nie Gert en Braampie nie, maar Bêtjie van Joosten was darem daar. Sy en haar jongste dogtertjie het Ansie maar in die buitekamer gesit. 'n Mens wonder hoe Bêtjie lid van hierdie familie geword het. Sy het om mee te begin nie baie verstand gehad nie, maar dit kan nog gaan, want die Herringtons het self nie baie gehad nie; sy het 'n plat manier van gesels en was nie baie skoon op haar huis nie. Sy kon ook onhebbelik baie gesels, was trots op haar Joosten (die joos weet waarom) en giftig met die tong.

Nou ja, hier is hulle nou op Soetwater, bly om vir Pa te sien en reg om die stryd teen Bella Jurien aan te knoop. Hulle ken hul pa. Dit vat hom lank om 'n besluit te neem en so sal hy nog nie met die weduwee Jurien gesels het nie.

„Ons moet eers met Bêtjie praat," het Tala gesê.

Dit het hulle ook gedoen. Bêtjie moet tog asseblief nie 'n woordjie laat glip nie. Hulle is hier om vir Pa te kom kuier en sover dit Pa betref, is daar nie 'n Bella Jurien nie. Bêtjie moet tog ook nie iets in die dorp sê nie, want gestel nou sy sê iets en Pa trou eendag met die einste Bella Jurien! Hoe moet Pa dan voel?

Oom Gielie Herrington het hulle gou 'n kans vir kajuitraad gegee. Sommer die agtermiddag van die tweede dag het hy sy voornemens aan hulle bekend gemaak. Hy en ou Freek moet die kerrie-koeitjie na Jaap Kannemeyer neem om gedokter te word en hulle sal nie gou terug wees nie.

Hulle is nou almal bymekaar in Ansie se kamer. Tala kyk haar pa aandagtig deur die kamervenster agterna. Pa lyk so verlate en verstote, dink sy. Ou Freek lei die kerrie-koeitjie, en oom Gielie stap langs laasgenoemde en hou sy regterhand op die koeitjie se rug, seker om hom te kalmeer. Die ander susters en skoonsuster kom ook nou venster toe.

„Arme Pa," sug Tala.

„Kyk hoe verstote lyk hy," sê Muriel.

„Ek is bly julle is hier, want nou kan julle self sien," sê Ansie.

„Hy was nooit so nie en ek sê vir julle dis daardie vrou se skuld!" beskuldig Bêtjie.

„Sjuut, Bêtjie, ons moet liewers niks sê nie. Ons weet nog nie," vermaan Tala.

„Om te sug en te huil sal nou nie help nie. Kom ons sit en werk ons planne uit," stel Muriel voor.

Tala en Ansie kyk liefdevol na Muriel asof hulle haar van ganser harte liefhet en verstom staan voor al haar wysheid. Muriel is 'n gunsteling van almal.

Hulle sit.

„Toe, Tala, jy is die oudste," sê Muriel.

Tala knik.

„Bêtjie, jy weet tog waarom ons hier is. Gert en Braampie kon nie kom nie, maar hulle het alles net so in ons hande gelos. Ons het nou gesien en dit is soos Ansie geskryf het. Pa is nie meer die Pa van 'n paar maande gelede nie. Hy is agteruit en wat ons ook al vandag besluit, moet sommer dadelik gedoen word. Nou. Ansie sê vir ons die mevrou Bella Jurien is 'n weduwee maar was vantevore ook al getroud . . . ."

„Twee keer," val Bêtjie haar in die rede.

„Dit mag ons nie teen haar gebruik nie. Oupa het vier keer getrou en hy was 'n baie ordentlike man. Nee, dis die minste."

Bêtjie val Tala weer in die rede! „Sy is net agter Pa se geld aan."

Tala kyk Bêtjie amper medelydend aan. Bêtjie is die laaste een wat so iets durf sê, en hulle weet nog nie. 'n Mens moet baie seker wees.

„Pa gaan baie agteruit. Hy sal ook maar maak soos ons dink, maar dan moet ons gou besluit. Het julle Pa se oë dopgehou? Ek kan huil as ek in hulle kyk. Jy kan sien hoe baie hy al gely het."

„Bedags dwaal hy hier in die huis of op die erf rond. Dit gaan nou al weke so aan," voeg Ansie by.

„Seker ook omdat sy so baie na oorlede Ma lyk. Ma was net langer," sê Muriel.

„En die rooi lippies van haar dogter dan?" wil Bêtjie van Joosten weet.

„Ons is vandag die enigste vroue wat nie ons lippe rooi maak nie," sê Tala.

„Dit lyk my julle het al klaar besluit. Waarom het ek dan die tweehonderd myl gekom? Net om te kom ‚ja' sê?" wil Bêtjie weet.

„Jy het die tweehonderd myl gekom omdat jy vir Pa liefhet, hoop ek. Ons dink nie nou aan Bella Jurien of haar dogter nie. Ons dink nou net aan Pa. Toe, ons moet gou praat? Wat moet ons doen?" versoek Tala.

Die ander draai hulle na Muriel. Muriel is nou wel nie die oudste nie, maar dit word algemeen in die familie erken dat sy 'n heldere verstand het. Gert Rustenhuys het die sukses van sy politieke loopbaan maar aan haar te danke.

„Wil julle nou weet wat ek dink?" vra Muriel.

„Ja," sê Tala en glimlag. „Ja, Muriel, ek wil hoor wat jy te sê het."

„As dit waar is wat Bêtjie sê, sal die vrou geld vat. Is dit nie waar nie, kan Pa haar maar trou. Sy is aanvallig en

Ansie het nog niks teen haar gehoor nie. Sy gaan gereeld kerk toe, sê Ansie vir my, en sy was selfstandig voor Pa gekom het. Nou dink ek so: Tala en ek sal na haar gaan en haar pols. Ek dink nie Ansie en Bêtjie moet saamgaan nie. Ansie woon hier en Bêtjie kan haar nie altyd bedwing nie. Ek bedoel daar niks mee nie, Bêtjie, maar dit is tog so. Pa se bruidskat aan 'n vrou sal seker so tweeduisend wees. Miskien sal sy 'n duisend vat. Dis wat ons nou nog nie weet nie. Ons is ses kinders. Van Ansie moet ons vergeet. Sy sorg vir Pa. Ons is dan vyf. As elkeen nou tweehonderd of tweevyftig gee, ingeval sy inwillig . . . ."

„Ek sal nooit my toestemming gee dat Joosten so iets doen nie," sê Bêtjie.

„En jy, Tala?"

„Ek maak soos die ander maak," antwoord Tala.

„Hier is Gert en Braam se antwoord. Ek het aan hulle geskryf net na ek van Ansie gehoor het. Hulle sal hulle tweehonderd gee," vertel Muriel.

„Maar nie ek en Joosten nie!" sê Bêtjie nog 'n keer.

„Goed, Bêtjie. Ons gaan niemand dwing nie. Laat alles nou net so oor in my en Tala se hande. Ons sal probeer om die vrou nie aanstoot te gee nie. 'n Mens weet mos nooit nie. Trou Pa met haar, sal ek die eerste een wees om haar in ons familie op te neem. Ek dink dit sal nie billik wees om die vrou so onverhoeds te betrek nie. Ons laat haar weet ons is van plan om oor te kom. Wat sê jy, Tala?" sluit Muriel af. So word daar dan besluit, en toe Freek en oom Gielie met die kerrie-koeitjie hul verskyning maak, is die hele saak beklink.

Oom Gielie mag darem nie weet nie. Niemand mag 'n ou woordjie los nie, is besluit, en so kry ons dan vir Muriel en oom Gielie in die tuin waar Muriel by hom ingehaak het.

„Pa, ek is darem bly om 'n slaggie by Pa en Ansie te wees. Ek het sommer baie na Pa en Ansie verlang," vertel Muriel.

Nie 'n woordjie van die storm in oom Gielie se lewe nie.

* * *

Tant Bella Jurien vlug die gang af na die badkamer, maar voor sy nog daar is, steek sy 'n slag vas.

„Kamer, jy's mos nie reg nie," sê sy. „Hoeee, vandag kry ek nie al my draaie nie." In die badkamer sê sy: „Kraan, wat is dit tog met jou? Is jy verstop of is dit die waterfiskaal?" en daarmee bedoel tant Bella net dit: die kraan is òf kerduks òf die waterfiskaal het die water afgesluit.

Tant Bella het haar rooi kamerjapon aan. Dit beteken nie dat sy nou eers opgestaan het nie. Hede, nee. Sy wás op en aangetrek, maar toe die boodskap so stryk van halfeen by Morgenson aankom, het sy alles in die kombuis net so gelos en gesê: ‚Hulle kom my deurkyk!" Toe het sy na haar kamer gevlug.

„Penne, waar is julle? Dot! Do-ro-thy-y-y! het jy my krulpenne?"

Dorothy is op daardie oomblik juis besig met die bulletin aan ene Arthur Drew. Hy verseker haar elke week dat hy nie Engelssprekend is nie, maar sy vergeet dit, of sy wil van hom 'n Engelsman maak. Tant Bella het nie op 'n antwoord van Dot gewag nie, maar langs haar gaan staan en een pen na die ander uit haar hare gehaal.

„Het jy gehoor wat Freek van ou Herrington kom sê het? Ou Herrington se dogters kom vanmiddag hiernatoe. Ek het hom uitgevra. Daar is glo nou vier dogters van die ou en of al vier gaan kom, kon hy nie sê nie, maar so wil ek my laat vertel . . . ."

„Eina, Ma!"

„Ekskuus tog, Dot. Toe sê ek sommer: ‚Bella, wat kom maak die mense hier? Kom hulle om vir my deur te kyk?' want as hulle kom om vir my deur te kyk, sal hulle nie baie sien nie," en so gesels tant Bella terwyl Dot in barensnood is.

„Arthur," skryf sy, „you know what? I've just read a novel by the name of *Happy Hearts*. You must read it too. It's all about two people very much in love, just like the two of us, Amy Wilson and John Dorrington. Did I cry? O, Arthur, I love you so very much. Arthur, ..."

„Ja," sê tant Bella, „laat hulle kom as hulle wil. Ek sal vir hulle reg wees. Niemand kan met sy vinger na my wys nie. Lappies was 'n dierbare man, dit het ek altyd gesê, en wie kan dan nou help as 'n spinnekoppie jou byt? Maar hy was 'n ordentlike man en hy het in 'n swart pak en ek in 'n wyl getrou. Dit was tog te pragtig. Twaalf maande en vier-en-twintig dae het ek gewag. Ander sou dit nie gedoen het nie. George het my kom vra, toe was ek nog maar 'n weduwee van sewe maande. Ek het net gesê: ‚George, moenie dink omdat ek mooi is, sal ek nie my twaalf maande wag en net so 'n stukkie nog oor ook nie, want die mense het mos alewig hul mond vol van 'n mens . . . .' " en tant Bella sit haar hand onder haar ken om lekker aan daardie dae te dink.

Dot is salig onbewus van die geneul van haar ma. As sy skryf (op blou papier, asseblief) doen sy dit nie halfpad nie en 'n skryfblok hou vir haar ook net 'n week. Sy trek nou so daar by bladsy 132 van *Happy Hearts*, en raai, sy voel vandag tog so gelukkig.

„Arthur, and then Amy said: ‚Love, have you ever lied to me?' Of course he has lied to her and any number of times too. He didn't answer her, not then. And now I've been thinking: Have you ever lied to me, Arthur? Answer me truthfully. Not that it would make any difference to me because I love you so much but one does like to know. Amy wanted to know. Arthur, you better not answer because if you have lied to me it will make me very unhappy . . . ."

Dit alles vertel ons net om te wys hoe gelukkig tant Bella en haar Dot is.

* * *

Tala en Muriel het hulle so stryk van drie-uur begin aantrek. Oom Gielie Herrington moes hul voornemens geraai het, want hy het net 'n rukkie gelê en toe kraak die bed weer. Ook hy het vir hom uitgevat in 'n vol pak klere en nie sy rooi veldskoene nie, maar die stewels aangetrek. Dit was nog

vroeg, maar hy het ook 'n werkie hier en 'n werkie daar. Eers vat hy die klein blou emmertjie en stap na die adamsvye-boom. Grieta het baie van adamsvye gehou . . . . „Mens," sê oom Gielie, „vergeet tog maar van haar. ‚Al het heden word verleden'." 'n Papryp adamsvy val met 'n dowwe plaps tussen oom Gielie se bruin stewels. „Vye," sê oom Gielie. „Hou jy van adamsvye? Die Kaap se wit vytjie is lekker en die klein bruinetjie ook, maar daar is mos nie 'n ding wat so soet word soos 'n adamsvy nie. Hiert! jou, agge," sê oom Gielie toe hy so byna-byna aan 'n koringkriek vat.

Hy kyk rond of niemand hom gewaar nie, sit toe die blou emmertjie in die skoorsteenhoek en maak dit mooi toe met 'n leë goiingsak. Hy haal sy groot sakhorlosie uit en merk dis nog maar drie-uur. Hy weet hier is dinge aan broei en dit raak hom, want waarom is Tala, Muriel en Bêtjie anders hier? Maar vandag of môre sal hy ook weet. Hy sal weet.

Hy is nou in die stal.

„Nou-nou!" sê oom Gielie so half leedvermakerig en druk die kerrie-koeitjie so 'n bietjie weg van die krip. Hy buk om die roskam op te tel en dink hoe sterk hy nog is vir sy ouderdom. Hy proe-proe so met sy lippe en knyp die oë 'n slag pot toe. Hy moenie nou laf word nie. Kyk hoe laf is oom Gawie Jordaan. Nee, hy moet waardig wees. Hy is 'n Herrington. Sy kinders reken op hom. Hulle sal 'n plan maak om hom uit sy lyding te verlos. Waarom is Tala en die ander dan hier?

Die tuinhekkie skree. Dis Tala en Muriel wat nou vertrek op hul sending en ons los oom Gielie eers hier in die stal. Die adamsvye moet maar koud word. Ons sal hulle weer kom haal.

Tala en Muriel lyk na die vrouens van 'n Louis Eveling en 'n Gert Rustenhuys. Groot vrouens, statige stap, rustige gesprekkies. Ons sien hulle lag en dis omdat Muriel 'n onhebbelike ding gesê het. Sy kan soms so onhebbelik wees.

Toe hulle twee om tien minute voor vier aanklop, was tant Bella klaar aangetrek en Lappies en George se portret

was afgestof. Tant Bella het besluit om die deur met die regterhand oop te maak en dan met die linkerhand die welkomsgebaar te maak. So. Ploms oorkant hulle sal George sit met sy kaaskop. Sy het gereken 'n swart rokkie met 'n wit kragie sal min of meer by haar weduweeskap pas.

„Julle is seker die dogters van meneer Herrington? Ek het die boodskap gekry. Maar waar is die ander suster dan; die een wat hier by hom is? Dié ken ek tog darem van sien. Maar kom binne. Ons staan glad op die stoep en gesels. Katte, waarom tog so onhebbelik? Hy is al soos een van die huisgesin. Nou wie is mevrou Eveling?" vra tant Bella.

„Ek," antwoord Tala, „en dis my suster, mevrou Rustenhuys. Haar man is die volksraadslid. Jy het seker al van hom gehoor?"

„Nee, maar dan het hy seker my ou mannie geken, want dié was 'n vreeslike een vir die politiek. Hy het omtrent net wat 'n volksraadslid is, geken. Dô-oo-ôt! Ek het baie dae vir hom gesê: ‚George, is daar 'n inkelte parlementslid wat jy nie ken nie van die minister in die karbonet tot by die . . . . ?' Dorothy-y-y! My dogter — ag, dis die enigste outjie wat ek het — trou een van die dae met Arthur Drew. Hy is 'n vreeslike gawe man, maar hy kry ook 'n gawe vrou. Dis nie omdat dit my dogter is nie, maar die man wat haar kry, kry 'n onskuldige kindjie. Ja, George, jy sal bly gewees het as jy vandag nog by ons kon gewees het. Ag, maar so is die ou lewe, nè? Ek kan darem nie klae nie. Die mense is vir ons baie goed. Seker omdat almal so lief vir Dorothy is. As dit nie vrugte is nie, dan 'n bietjie groente of miskien 'n ou gedroogde vrugtetjie. Ja . . . . a . . . . a!" sug tant Bella en vou haar hande op haar skoot.

Tala kyk na Muriel en sy knik.

„Mevrou Jurien . . . ."

„Ja, mevrou Rustenhuys?"

„Dis nou nie eintlik 'n kuier nie. Ons wil eintlik besigheid gesels. Miskien moet ek dit nie besigheid noem nie. Ons het gewonder of jou huis nie in die mark is nie; ons soek ene. Jou

dogter, sê jy, trou een van die dae en dan is jy tog alleen en sal seker na 'n strandoord wil gaan, of miskien by hulle gaan woon. Ek weet dis wat Pa sou gedoen het. Hy sal tog nie weer trou nie. Nou ja, as mevrou miskien 'n gedagte het om te verkoop . . . ."

Tant Bella val haar in die rede.

„Daar is nie so 'n gedagte nie."

„Verstaan," sê Tala weer, „ons wil nie net koop nie. Ons wil sommer 'n baie goeie prys betaal. Hulle sê vir ons die huis is £1,200 werd, maar ons sal baie meer gee. Ons sal £2,000 selfs 'n ietsie meer gee. Dan kry die dogter sommer 'n bruidskat, jy trek Boland toe of na die dogter en haar man . . . ."

„En vir George net so in die steek laat! Hy het my gedurig gewaarsku om tog nooit te verkoop nie. ‚Wat kan jy met geld maak?' het hy altyd gesê. ‚Nee, hou liewers die dak bo jou kop al gaan dit party dae swaar.' Dis sy woorde en hy was reg. Dit hét party dae swaar gegaan, maar ek het nog nie 'n weduwee gesien wat nie versorg word nie. Al is dit ook net die rawe of was dit Elia? Ons drink 'n bietjie tee. Dottie! Do-ôttie! Die kind skryf seker iewers waar dit stil is vir haar kêrel. George Ulman is so lief om te sê: ‚Tant Bella, jy sal seker nooit weer trou nie. Jy het jou man te liefgehad. Almal het al probeer, maar jy sê net: hu-i?' George is so laf, maar hy is reg. Ek sal nooit weer trou nie. Ek het George baie liefgehad — my ou mannie se naam was ook George en die ander George is George Ulman. As 'n weduwee vandag ordentlik wil lewe, kry sy baie swaar, want die lewe is boos, maar sover het dit nog goed met my dogter en met my gegaan en daar is nie 'n gedagte dat ons sal verkoop of dat ek weer sal trou nie — vergewe my, George, dat ek die woord oor my lippe neem. Dis my dogter, Dorothy, en dis mev. Eveling en dis mevrou Rustenhuys. Mevrou Rustenhuys se man is minister . . . ."

„Volksraadslid."

„Volksraadslid. Dorothy, gaan maak vir ons 'n bietjie tee. Daar is 'n rafeltjie aan jou kous. Bring vir ons sommer 'n ietsie om te eet ook. Vat die sêtjie wat dominée en sy vrou vir ons gegee het. Dominee is tog so lief vir die kind. Ek sê altyd: ‚Dominee, jy bederf vir Dot.' En dan sê hy: ‚Ag, maar sy is ook so 'n liewe kind, almal sal haar bederf.' En sy weet nie eens sy is mooi nie. Ek het vir Arthur gevra om tog nooit vir haar te sê hoe mooi sy is nie. Ek wil nie hê sy moet bederf word nie. Ja, almal is so goed vir ons en hier wil julle vir ons baie meer gee as wat die huis werd is. Maar ek sal nie verkoop nie. Wat is geld nou teenoor geluk? Nè, George?"

Die woordjies wat Tala en Muriel daardie dag so tussenin ingekry het, was baie min. Tant Bella was op haar stukke.

„Ek sê altyd 'n mooi mens het dit baie swaarder in die lewe as 'n ander een. Ek was gelukkig — dankie, George, vir so baie geluk en liefde — maar 'n mens weet nie of jou kind net so gelukkig gaan wees nie. Ag, wat is geld tog vandag? Niks. Ek het nie geld nie, maar dominee sê baie dae: ‚Tant Bella, jy en jou dogter is seker die gelukkigste huisgesin op die dorp. Hier is nooit 'n getwis nie, julle woon in liefde saam en jul plek is nooit leeg in die kerk nie.' Dan sê ek maar net: ‚Ag, dominee, ek weet nie of ek so 'n goeie mens is nie. Ek het net in my lewe geleer om my man lief te hê en vir hom goed te sorg.' Ag, en wat kan 'n mens tog meer doen? Wat, nè George? Dorothy is nes ek. Sy steur haar nie aan geld nie. Gee vir haar 'n ordentlike kêrel wat ook weet wat liefde is en sy vra niks meer nie. En ek sê jy het niks meer nodig nie. George — dis nie my George nie, dis George Ulman — is party dae so laf en dan wil hy weet of die mooi weduwee weer sal trou. Waarom sal ek weer trou? Ek het genoeg liefde in my lewe gehad en geld is nou nie iets wat ek my aan steur nie."

En nog meer.

Dis Muriel en Tala wat na indringers gevoel het. Die vrou gesels miskien 'n bietjie baie, maar die twee skud net hul

kop op pad na die huis. Hulle weet nie. Pa moet tog maar self besluit. Pa se oordeel was nog nooit verkeerd nie en as Pa mag besluit om met haar te trou, sal hulle hom nie 'n hindernis in die weg lê nie.

„Dit wás 'n mooi tee-sêtjie," sê Tala nadenkend.

„Ja, dit was, en die dominee het dit nogal gegee. Jy weet, Tala, sy sal nogal by Pa pas — ek meen die vrou. Ag, en Pa is so alleen. Wie gaan vir hom sê?" vra Muriel.

„Hy het meer vrymoedigheid by jou, Muriel."

„Ek het ook so gereken, maar ek wou dit darem nie sê nie. Ek sal maar dadelik vir Pa sê," besluit Muriel.

Sy kry oom Gielie en ou Freek by die geelwortelakkertjie.

„Tog nie die kleintjies uittrek nie, Freekie, my jongie, tog nie die kleintjies uittrek nie," maan oom Gielie Freek aan.

Muriel haak by hom in.

„Wat is die grootste present wat Pa se kinders vir Pa kan gee?" vra sy.

„Ek weet nie. Wil julle dan iets gee?" vra hy en proe-proe so 'n slag met sy lippe terwyl sy oë na die emmertjie adamsvye gaan.

„Ja, Pa. Waarom vat Pa nie vanaand die emmertjie vye en gaan gee dit af nie?"

Voor oom Gielie van sy verbasing bekom, het Muriel reeds verdwyn. Baie meer opgewek as flussies sê hy:

„Freekie, ou jongie, vat maar raak, vat maar raak. Oubaas gaan nou bad en skeer," en toe hy by die emmertjie adamsvye verbygaan, kon hy nie help om te sê nie:

„Dankie, Bella. Jy het seker reg met die kinders gewerk en daarom sê ek weer: Dankie, Bella."

5

Jaatjie, Ek Kom

TIENG-E-LIENG, TIENG-E-LIENG, TIENG-E-LIENG lui tant Naatjie Oberholser die klein koper-handklokkie en sit dit dan op die buffet voor die porselein-hennetjie neer.

'n Gedaante nie veel hoër as vyf voet nie, maak haar verskyning in die eetkamerdeur. Jantjie is half Boesman, half Kleurling en van onseker ouderdom. Sy kan twaalf, maar sy kan ook vyf-en-twintig wees.

„Ja, ounooi?" vra sy.

„Wat is dit, Jantjie?" vra tant Naatjie.

„Ounooi het die klokkie gelui, ounooi."

„Het ek, Jantjie? Ek was seker ingedagte. Ja, dis dit. Ek het sommer vir ounooi Jaatjie gelui," sê die ou tannie en sit aan.

Verskrik slaan Jantjie haar hande saam en sluit haar oë. Gou maak sy haar uit die voete uit.

In tant Naatjie se platdakhuisie is die voorkamer ook haar eetkamer. Trouens, die huisie het nie baie vertrekke nie. Daar is die voorkamer en dan uit die voorkamer gaan jy in die slaapkamer van tant Naatjie en tant Jaatjie; sommer hier so slap links van die buffet hang 'n bont gordyn en dis die ingang na die kombuis en uit die kombuis is daar 'n klein spensie. Daar is darem 'n buitekamertjie ook wat tant Naatjie

en tant Jaatjie as pakkamer gebruik het. Deesdae slaap Jantjie daar. So kan 'n mens dan reken die huisie het net vier vertrekke: eetkamer, slaapkamer, kombuis en spens.

Die mure is nie hoog nie. Goeiste, nee. Dis van roustene en afgepleister met kaf, klei en 'n titseltjie kalk. Die eetkamer het twee dierbare muurkaste, elk met twee glasdeure en dit kom 'n mens voor asof die bouer skielik roekeloos spandawel geword het om soveel weelde aan te bring. In hierdie muurkaste hou tant Naatjie en tant Jaatjie (ons noem tant Jaatjie se naam laaste omdat sy al 'n paar maande gelede oorlede is) hul koppies met die goue randjies, die wynglasies wat darem nooit gebruik word nie, die huisbybel en gesangboeke en dan die Zionsbank. Ons het amper vergeet: op die boonste rakkie staan die medisyne-flessies. Dis lewensessens, Turlington, naeltjiesbrandewyn, rooilaventel, witdulsies, groenamara, 'n trekseltjie wildeals en sommer baie ander nog. Op die onderste rak staan daar naas die koppies 'n outydse geblomde kommetjie met perskes geweek in water. Dis altyd daar.

In die ander muurkassie hou tant Naatjie en tant Jaatjie die sakkies saad. Daar is van alles wat: spanspek, waatlemoen, Boesmanmielies, beet, wortels, pampoen en selfs 'n sakkie wat tant Naatjie nie meer weet wat dit is nie. In hierdie kassie bêre sy ook die ou nommers van die *Koningsbode* en die *Kerkbode* asmede 'n wit stofjas wat tant Jaatjie vir die tuinwerk aangehou het.

Die vloer was oorspronklik van rooi klei, gebrei en vasgestamp en toe is dit om die beurt behandel met vars bloed en roulynolie tot jy nou 'n gladde oppervlakte het, blink en skoon. Nie groot nie, hierdie voorkamer van tant Naatjie en tant Jaatjie. Een venster sit op links en swaai uit as dit oopgaan; dit het 'n luik ook, 'n groene, en as hy toe is, is dit donker en koel in die vertrek.

Vanaand sit tant Naatjie aan op haar gebruiklike plek aan die bopunt van die eettafel. Een kers brand. Sy buig haar hoof lank, en 'n mens wonder wat sy alles sê. As sy klaar

is, kyk sy na tant Jaatjie se stoel aan die oorkant en daarvandaan gaan haar oë na die portret teen die oorkantse muur.

Tant Naatjie vat 'n klein stukkie van die koue nek uit die geblomde vleisskottel. Daar word nie veel geëet nie en wat geëet word, gaan tydsaam en in stilte. 'n Mens wonder wat sy dink. Die sieklike tant Naatjie — sy is mank, haar lewe lank mank, en nou weet sy nie meer of dit van kinderverlamming of sinkingkoors is nie — is alleen in hul huisie, sy en Jantjie. Die gesig is smal en kreukels en spore loop kruis en dwars oor die kieste en die voorkop; die oë is klein en al dof en die hare het nog 'n bruin streep hier en daar.

Buite is dit ook stil, want tant Naatjie woon in die deel van Soetwater waar die arm mense woon en hulle gaan saans vroeg lê. Dis net Jaap Kannemeyer se donkies wat 'n mens soms hoor loop of 'n motor wat latenstyd hier verbyry. Maar tant Naatjie is aan die stilte gewoond en om die waarheid te sê, sy verkies dit ook. En nou is dit stil hier in die huisie, want Jantjie werskaf nie eens meer nie, maar sit op haar hurke langs die vuurherd. Nie 'n geluidjie nie behalwe as jy die sagte tik-tak, tak-tik van die muurhorlosie 'n geluid wil noem. In die slaapkamer skree 'n kriekie, maar dit hoor tant Naatjie nie eens nie, want daar is in die laaste tyd 'n gefluit in haar kop en nou is sy nie altyd seker of dit die kriekie of die gefluit is nie. Toe Jaatjie geleef het, was dit anders. Kyk, Jaatjie het graag gesels en Naatjie het weer graag gelees. Dan sit hulle saans hier om die tafel en Jaatjie gesels en brei en sy wat Naatjie is, luister en lees.

Tant Jaatjie het vir tant Naatjie opgepas, of dis wat Soetwater gedink het. Kyk, tant Jaatjie is jonger as haar suster en redelik gesond; redelik gesond, dankie. Soveel het die mense geweet. Naatjie het darem beter geweet, want van kindsbeen af was Jaatjie maar swak en sieklik, en Naatjie, hoewel gebreklik, kon nogal dinge verduur.

Nou is sy alleen . . . . Alleen? Nie sy nie. Jaatjie is hier, het nooit weggegaan nie. Gaan 'n mens dan weg as jy sterf?

Tant Naatjie vat die sny brood en sit dit dadelik weer terug. Toe hoor sy Jaatjie se stem so duidelik: „Naatjie, jy moet eet, ou suster. 'n Mens kan nie van wind lewe nie."

Tant Naatjie glimlag. Jaatjie het ammelewe 'n grappie gehad.

„Goed, Jaatjie," sê sy, neem die sny brood en dwing hom letterlik af.

Jaatjie, jy moet ook nie so besorg oor my wees nie, dink tant Naatjie. Jy kan nie daar oorkant wees en dan nog staan en bekommerd wees oor die mense aan hierdie kant nie. Tog kom Jaatjie haar gereeld besoek. Gister het sy in die spensie gestaan so lewensgroot soos sy altyd was. Sondagmôre het sy weer skielik langs haar in die kerk kom sit en gevra wie daardie vreemde mense in die oorkantse vlerk is. „Ek sal later sê," het tant Naatjie gefluister, maar dit was mooitjies al die tyd ou Gielie Herrington en sy dogter, Ansie.

Dis nou stil in die huisie en buite hoor 'n mens ook nie iets van Soetwater nie behalwe as jy die eentonige geblaf van George Ulman se hond iets wil noem.

„Jantjie!" roep tant Naatjie.

„Ja, ounooi?"

„Bring vir ons die Bybel!" beveel sy.

Jantjie maak die muurkassie oop, haal die Bybel en één gesangboek daaruit en sit dit voor tant Naatjie neer.

„Kom ons lees," sê die ounooi en kyk na die leë stoel oorkant haar.

Jantjie sit op die voetstofie met haar rug teen die muur geleun.

„ ‚Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige'," lees tant Naatjie.

„Dit was ounooi Jaatjie se Psalm, Jantjie," sê sy. „Jy moet goed luister. Verstaan jy darem?"

„Ja, ounooi!"

„Wat is skuilplek?" wil die ounooi weet.

Jantjie beduie met haar hand. Dis, en dan wys sy by

die tafel verby en dan weer 'n slag onder die tafel deur en uiteindelik kom rus die hand op haar kop.

„Dis reg," sê tant Naatjie en lees verder.

Jantjie se blik skuif in die halfdonker vertrek rond. Sy voel haar nie veilig nie. Daar is die portret van die ander ounooi wat net soos ounooi Naatjie lyk en darem ook nie sy is nie en dan is daar die wit beeld van 'n man wat daar langs die saaidbord staan. As sy soggens afstof, gooi sy die geel doek oor die oubaas se gesig. Sy is net so bang vir die horlosie-ding daar aan die muur wat so aljimmers hoei-ie, hoei-ie vir 'n mens skree.

„Ons sing ‚Op berge en in dale'."

„Ja, ounooi."

Jantjie kyk na ounooi Naatjie-goed en sing soos sy sing. Maar ounooi se gesig is vol vrede, die gesangboek in haar hand, maar die oë gesluit. Dit draal en talm op die note, draal aan die einde van die reëls en dit talm aan die begin.

Toe alles verby is, ook die gebed, sê die ounooi: „Moenie jou ou werkie vergeet nie."

Jantjie neem 'n stoel en sit dit teen die muur onder die horlosie.

„Sal hy nie nou skrou nie, ounooi?" vra sy benoud.

Tant Naatjie kyk op.

„Nee, Jantjie."

Jantjie is bang die ding kan een aand, nes sy op die stoel staan, sy houtkanarie uitskiet reg in haar gesig en dan hoei-ie, hoei-ie skree. Sy moet naamlik saans die horlosie se slinger tot stilstand bring, want die ounooi slaap maar sleg snags en sê die voëltjie maak haar wakker.

„Jy moet vir ons die bodeur en die agterdeur oopsit vir die koelte, Jantjie, maar eers as ek kamer toe is."

„Ja, ounooi."

'n Kersie gaan kamer toe, en 'n geboë figuur. Die sinkdak kraak. Tant Naatjie sit die blaker op die bruin

laaikassie neer. Links van die laaikassie staan haar houtbedjie en regs staan Jaatjie s'n. Bokant Jaatjie se bed hang die teks: „Werp al jul bekommernisse op Hom" en die een bo Naatjie se bed is: „God is Liefde."

„Jantjie, kom eers hier!" roep sy nou.

Jantjie kom staan in die middel van die kamer en vat haar hande bedees saam.

„Jantjie, jy het nie vanoggend hierdie bed opgemaak nie."

„Ek het, ounooi!" kap Jantjie teë.

„Jantjie, ek is vir jou goed, maar ek verdra nie leuens nie. Jy het mos nie ounooi Jaatjie se bed vanoggend opgemaak nie."

Jantjie beduie verleë met die een hand en dan met die ander.

„Ounooi, hierso . . . . , ounooi weet . . . . Dit was donker daar . . . ."

„Kom nader, Jantjie," beveel tant Naatjie en as die Boesman voor haar staan, vervolg sy: „Waarvoor is jy bang, Jantjie?"

Jantjie sug verlig, maar die tong raak ook los.

„Ounooi, ek is bang in hierdie huis, bang ounooi. Die man met die wit geseg staan daar langs die saaidbord en hy loer vir my, die ounooi aan die muur kyk vir my so, en hierdie kooi, sê die ounooi, moet elke môre opgemaak word. En ounooi praat met die ounooi wat dood is en ek wat Jantjie is, word bang."

Tant Naatjie verstaan.

„Goed, Jantjie, gaan jy maar. En moenie bang wees nie. Ounooi Jaatjie sal niemand kwaad aandoen nie. Sy was 'n baie goeie ounooi gewees. Nag, Jantjie."

'n Kwartier later is dit stil in die huisie. Trouens, dis stil in die dorpie ook. Jantjie slaap darem nog nie.

Sy klap haar hande saam terwyl sy gesels: „En die horlosie aan die muur! Nes ek benne werk, dan skrou hy: hoei-ie, hoei-ie! en Jantjie skrik. In hierdie huis loop die spook helder oordag rond. Dis alewig donker en stil en dan sê die stem vir my: ‚Kyk om, Jantjie!' Maar ek sal nie omkyk nie. En waarom moet ek die kooi opmaak as die ander ounooi nie ook snags

daar slaap nie? Die goed praat met 'n mens in die huis. Die oubaas met die wit geseg praat en die horlosie praat . . . ."

Miskien is Jantjie reg. Vir tant Naatjie is dit nie of Jaatjie dood is nie. Jaatjie is maar hier in die huis rond. Sy was altyd so besorg en tant Naatjie voel dit is nou nog so.

„Moenie die been te veel gebruik nie, Naatjie," sê 'n stem soms en die stem is Jaatjie s'n, of die stem sê: „Toe maar, Naatjie, 'n mens se lyding is niks in vergelyking met die heerlikheid hier nie. Jou verlossing sal ook kom." En dié Jaatjie kan tog partykeer sulke snaakse dinge sê, soos gister in die kombuis toe sy die beskuit aan knie was.

„Naatjie," het sy gesê: „stuur vir die dominee ook 'n paar bolletjies."

Dis 'n ou grap wat hulle het. Nes daar bolletjies gebak word, moet dominee syne ook kry want hy lyk vir hulle tog so maer. Dit lyk vir tant Naatjie of 'n mens daar oorkant ook maar jou ou grappies het.

Tant Naatjie sit altwee haar hande onder haar kop. So het sy graag gelê toe sy jonk was, ag, nog voor haar siekte. Sy soek rond in haar verlede of sy tog nie op die spoor van haar siekte kan kom nie. Daar was 'n donker kamer en 'n klein bedjie . . . . Tussen die bedjie en Pa se bed was 'n gordyn. . . . Een nag het 'n kers gebrand en toe was sy nie so baie siek nie. Maar later is haar hare stomp geknip en sy kon nie loop nie. En nou is sy weer 'n groot dogter en sy val vooroor in die watersloot en was oorlede broer Giepie nie daar nie, het sy daardie dag verdrink. As sy aan haar jong dae dink, sien sy altyd die gesig van Giepie en Jaatjie. Giepie kon 'n mens so help, Giepie het nooit moeilik geword nie en tot sy dood was hy die enigste broer wat na hulle omgesien het. Daarom is die borsbeeld in haar huisie. Die gesig van Gladstone — sy weet darem nie wie hy is nie — herinner haar so baie aan haar oorlede broer Giepie.

En nou is Jaatjie nie meer hier nie — nie in die vlees nie. Jaatjie sal altyd by haar wees en sy ís hier in die ou huisie.

„Wie sal tog vir jou sorg as ek dood is?" het Jaatjie so dikwels gevra.

Tant Naatjie glimlag.

Toe die stem: „Aag, ek sorg nog vir jou, Naatjie!"

„Is dit, Jaatjie?" vra die vroutjie hardop. Maar dis stil in die kamer, stil en donker.

Tant Naatjie lig haar effens op, kyk aandagtig na die skemering van die bedjie anderkant die laaikassie, die bedjie met die haelwit laken en sê dan: „Nag, Jaatjie."

Sy glimlag tevrede. 'n Kwartier later is sy vas aan die slaap.

Die môres op Soetwater breek op hul eie manier aan. Eers stap die môrester bokant Niertjiekop uit en dan lê die dorpie so stil en so eensaam in die groot verlatenheid. Jy sien nie bees of mens of liggie nie. Sommer stil, sommer eensaam. Daar in die ooste gebeur later iets. Daar kom mos lig, en knap daarna sien jy 'n lig agter George Ulman se gordyn. Altyd die eerste daar. En dan so met skemerte, die goeie oomblik tussen lig en duisternis, gewaar 'n mens die bokke wat een na die ander uit die erwe kom en koers vat na die veld. Daar is een met groot draaihorings wat uit oom Gawie Diepwater se erf kom en mos baster na oom Gawie selwers lyk, twee angora-basters uit George Ulman se erf en 'n bruin-bonte van Jaap Kannemeyer se koers. Ai, en dan is dit of die lug so rooskleurig word en die proes van Jaap Kannemeyer se donkies en die klop van hul kloutjies op die gruispad kan jy mos wie weet waar hoor. Iewers sing mense: „Vir uwe sorg en troue wag, ons weer betoon in hierdie nag." Dit kom daar van dominee se koers.

George Ulman is vroeg uit die vere, dra leë kratte na die agterplaas, vee die kafee 'n slag uit, na die vloer eers natgesprinkel is, pak sy groente op 'n stellasie voor die deur en aldeur kan jy sy stem hoor soos hy raas en klae en lag: „Vir George is daar geen genade nie. Hy kan nie ook siek word of skade kry nie. Tewes, keer daardie uitverkore volk se hoenders! Gits, hulle sal ook altyd nader staan as daar kos

gegee word. Dis nie nou Laban se werf nie. Gooi die ditsjim met 'n klip, Tewes!"

En nou is dit lig. Nolski, net in sy hemp en broek en 'n paar sloffies aan sy voete, raak op die stoep aan hoes of die wêreld sal vergaan. Klein Sampie Geyer ry die straat langs met sy fiets. Hy kom nou van Maria Strauss se huis waar hy vannag geslaap het en is op pad na sy stukkie grond drie myl van die dorp af. Hy en Maria Strauss wat by ou Nolski in die winkel werk, is net so, en aand vir aand kom hy dorp toe.

George skree vir hom in die verbygaan: „Waar kan ek gedroogde perskes kry?"

„Ek weet nie, oom."

„Verneem maar so rond."

„Ek sal, oom."

Dis oggend op Soetwater.

Dis ook oggend in tant Naatjie en tant Jaatjie se huis. Tant Naatjie is een van die eerstes om haar kers op te steek en dan stap sy tot in die agterdeur om Jantjie te roep. Vroeër was dit nie so nie. Kyk, toe was Jantjie nog nie by haar nie. Toe is die kers opgesteek en sy het gesê: „Môre, Jaatjie," en Jaatjie het geantwoord: „Môre, Naatjie. Goed geslaap?" en die antwoord was altyd: „Ja, dankie, en jy?"

Vanoggend skrik tant Naatjie wakker met die vaste oortuiging en sekerheid dat Jaatjie by haar is. Sy sit op haar bed en kyk na die oorkantse bed.

„Môre, Jaatjie!" sê sy, maar dis stil in die klein kamertjie.

„Ek wonder wat ons sal maak, Jaatjie? Jy het altyd vir my voete gesorg want ek kan mos nie vir lank buk nie. Jantjie sal dit nie kan doen nie."

Sy kyk af na haar voete. 'n Mens wonder hoe die misvorming gekom het. Die een toon ry op die ander en waar daar nie misvorming is nie, is dit swelsel of eelte.

„Jantjie, Jantjie!" roep sy.

Jantjie maak haar verskyning in die deur en haar blik gaan eerste na tant Jaatjie se bed. Sy rek haar oë groot en rond. Die ounooi maak haar so bang . . . . Sy is bang vir die kamer en vir alles hier.

„Ja, ounooi?"

„Jantjie, kan jy vir my die kanferbrandewyn kry? Dis in die medisynekassie. Bring dit en dan kom smeer jy my voete," sê tant Naatjie.

Toe die Boesman voor haar kniel en die voete met die kanferbrandewyn 'n bietjie verkoel het, kyk sy af op die kop van die bediende. Sy dink aan haar broers wat nie een na haar omkyk nie. Martiens wou hê sy moet na die Conradie-tehuis of so 'n plek gaan. Jaatjie het altyd vir haar gesorg, elke dag van haar lewe. Nie een dag uit hierdie huis nie. Nou is dit net Boesman wat hier is.

„Jantjie!"

„Ja, ounooi?"

„As jy vir my oppas tot ek dood is, Jantjie, tot ek dood is, laat staan ek al hierdie goed vir jou."

Jantjie kan nie mooi verstaan nie.

„Hoe meen ounooi al hierdie goed?" vra Jantjie en beduie met haar hand in die rondte.

„Jantjie, ek het mos nie kinders nie en wat hier is, is myne en ounooi Jaatjie s'n. As ek die dag nie meer daar is nie, is dit joune," verduidelik sy.

„Almal?" vra Jantjie.

Toe tant Naatjie knik, sê die Boesman benoud: „Maar ek is bang vir hierdie goed, ounooi. Ek is bang vir daardie kooi en vir die oubaas in die voorkamer en vir die ding wat skrou: hoei-ie. Nee, ounooi, Jantjie wil die goed nie hê nie."

„Bring vir my die Bybel en die gesangboek, Jantjie!" beveel die ounooi en voeg dan by: „Sit sommer die brandewyn vir ons terug in die kassie."

Jantjie sit plat op die kamervloer naby die deur en toe word daar weer gelees by die lig van 'n kers. 'n Nuwe dag het begin.

Tant Naatjie sit in die voorhuis neffens die tafel met sy groen kleed met klosse en terwyl sy hekel, sing sy saggies: „Salig hy wat in die lewe." Die voordeur is toe, maar die venster is oop en die luik voor die ingang verwyder. Hierdie kleedjie, as hy klaar is, is vir dominee se vrou. As hy klaar is . . . . Dis wat sy nie weet nie. Ag, as Jaatjie haar tog maar nou wil kom haal, want waarvoor is sy nog hier? Dit sal lekker wees om te gaan.

„Ounooi!" sê Jantjie in die deur.

„Ja, Jantjie?"

„Ounooi, ek wil nie langer bly nie en ek wil die goed nie hê nie. Iemand praat met my in die kombuis, ounooi, en ek kyk om, maar daar is niemand. Hier bly ek nie, ounooi," sê Jantjie.

„En wat sal ek dan tog sonder jou maak, Jantjie?"

„Ek weet nie, ounooi, maar hierdie huis is nie 'n goeie huis nie. Vannag hier in die middel van die nag toe sing hier 'n ounooi in die huis. Sy sing: ‚Prys die Heer'."

„En daarom wil jy nou gaan?" vra tant Naatjie.

„Ja, ounooi, asseblief, ounooi."

„Help my nog net 'n week, Jantjie, en dan sal ek jou laat gaan."

Nog net 'n week. Dit kan seker nie eens meer so lank wees nie en dan sal Jaatjie sê: „Môre, Naatjie," en haar aan die hand vat en na die plek bring waar daar nie pyn is nie. Jaatjie sal dan al die plekke ken en daar sal hulle vir Pa en Ma kry en ouma Pretorius ook. Ag, al die gesaligdes . . . . Vir die eerste keer sal sy nie meer kruppel wees of pyne ken nie en sy sal nes Jaatjie wees.

Daar word geklop.

„Wie is dit? Kom tog maar in," versoek tant Naatjie.

Maria Strauss wat by ou Nolski werk, kom binne.

Tant Naatjie weet dadelik. Kyk, dis dan tienuur en Maria werk tog by ou Nolski. Maria se gesig is rooi gehuil en die trane sit sommerso bo-op.

„Bring vir jou 'n stoel, Maria, en dan kom sit jy hier," sê tant Naatjie.

Maria Strauss is 'n lywige kind met rooi hare en baie sproete, maar daar is darem iets in die gesig wat jou aanstaan. Miskien is dit die mooi tande, wie weet die goed gevormde neus en mond. Nou lyk sy nie te mooi nie.

„Vertel maar vir jou tant Naatjie," versoek die ouere vrou.

Maria se ma is 'n dogterskind van 'n oom van tant Naatjie en haar familie is maar behoeftig. Hulle werk maar almal en onderhou so saam die ouers en die jongere kinders. Maria is een van die steunpilare van die huisgesin.

Maria huil eers weer 'n slag.

„Tannie weet mos van my en Sampie van oorlede oom Sampie Geyer?" vra Maria.

Tant Naatjie knik.

„Nou ja, hy is maar 'n arm beginner en het nog niks bymekaar nie, maar hy dink hy en ek saam . . . ."

Maria huil eers weer.

„Dis wat hy wil hê en ek wil dit ook maar hê, maar Pa en Ma wil nie daarvan hoor nie, want dan kan ek nie meer vir die huis sorg nie. O, tant Naatjie!" huil Maria baie verdrietig, maar sy hou tant Naatjie ewentwel dop.

„So!" sê die vroutjie.

„Ons het mekaar baie lief, maar hy is arm en ek moet vir Pa en Ma nog help sorg. Floors wil nie daarvan hoor dat ons sal trou nie. Moet ons dan maar altyd so aansukkel en sal ons nóóit kan trou nie?"

Toe tant Naatjie nie iets sê nie, gaan sy voort:

„Sampie sal dit nie altyd verdra nie. Hy sal na Kotie van Deventer gaan en sy sal hom vat. Sy hoef nie vir haar mense te sorg nie. Ek kan nie sonder hom leef nie," snik Maria.

Hoe dikwels het sy nie daardie woorde gehoor nie! Dit het Maria se ma ook eendag hier in die einste huisie gesê en nou hou sy Maria weer terug. Hetta van George Ulman het dit eendag jare gelede hier gesê, want toe was George nog veewagter en die familie wou nie hul toestemming gee nie.

En so kom en gaan 'n mens se sorge tot die dag wat jy verlos word, dink tant Naatjie. Nou is dit Maria en eendag sal dit Maria se kinders wees.

„Moet ek met hulle gaan praat?" vra tant Naatjie.

„Ja, dit ook, tannie, maar Sampie sê as hy net seshonderd het vir 'n huisie, dan kan ons dadelik trou en dan het ons 'n huisie al sê Pa en Ma ook wat. Dan kan hulle my maar wegjaag en ek sal nie op die vlak wees nie."

„En waarvan wil julle leef as julle die huisie het, Maria?" wil tant Naatjie weet.

„Sampie sal werk. Hy het nie 'n lui haar op sy kop nie, tannie."

Dit betwyfel tant Naatjie. Hy ry gedurig op sy fiets rond en van werk is daar min sprake. Maar die jeug glo die ouderdom mos nie.

„Waar moet ek die seshonderd vandaan kry, Maria?"

„Hulle sê almal tant Jaatjie het geld gehad en waar is dit, tannie? Tannie kry mos alles wat tant Jaatjie gehad het. Ma sê dit moes sommer baie gewees het. Tannie is al oud en wat moet daarvan word as tannie nie meer daar is nie? En die huisie? Pa en Ma sal bly wees om so 'n huisie te hê. Of ek en Sampie," sluit sy af.

Ag, hier is Jaatjie nou net by haar. Dis tog snaaks. Jaatjie lyk nie 'n dag ouer as twintig nie en het die roesbruin rok aan wat sy jare en jare gelede gedra het. Gerrie Louw was mos so lief vir Jaatjie en as Gerrie kom, trek Jaatjie altyd daardie rokkie aan. Tant Naatjie het lus om haar te vra waar Gerrie dan is. Jaatjie wink al weer.

„Ja, Jaatjie?" vra tant Naatjie.

„Wat is dit, tannie? Waarom gesels tannie met oorlede tant Jaatjie?" vra Maria en kyk agter haar.

„Ek gesels maar altyd met haar, Maria. Sy kom hier en dan staan sy by die onderpunt van die tafel of sy is daar in die deur. Partykeer gesels sy met my," vertel die vroutjie.

„Nee, wag, tannie, ek moet gaan. Gaan tannie ons help?" wil Maria weet.

„Ek het nie geld nie. Jou ma sê Jaatjie het geld gehad, maar waar sou sy dit tog vandaan gekry het? Ons het net die ou pensioentjie gehad en wat die kerk aan ons gegee het. Dis te min om julle te help en waarvan sal Boesman en ek dan leef?"

Tant Naatjie dink 'n oomblik na. Sy sal Maria help. Dis nou juis 'n plan, want Jantjie wil tog nie langer bly nie.

„Ek het 'n plan, Maria. Kom bly hier by my, kom pas my op en wat ek het, sal eendag joue wees."

Maria het intussen opgestaan, staan daar by die bopunt waar Jaatjie soms staan.

„En wanneer sal dit tog wees! Sampie is haastig en sal nie so lank kan wag nie," antwoord Maria.

„Ek het geen ander hulp vir jou nie, Maria. Geld het ons nie; die ou huisie darem en die meubels . . . ." en daar kom so baie weemoed in tant Naatjie se hart.

„Ons het nóu die hulp nodig, tannie. Nou. Sampie wil nie meer wag nie en Pa en Ma wil my nie los nie. Niemand wil 'n mens ook help nie!"

Maria dink aan die nuttelose ouderdom. Tant Naatjie is vir niemand tot nut nie, maar bly kleef aan die lewe.

Toe Maria weg is, sit sy nog so 'n rukkie. Vandag wil sy graag gaan, sommer saam met Jaatjie na die groot geluksaligheid waar daar nie pyn of smart is nie. Hoe stil is dit nie! Is sy nie al straks siek nie? Miskien het sy geyl.

„Jantjie, Jantjie!" roep sy.

Die Boesman verskyn in die deur.

„Ja, ounooi?"

„Was Maria Strauss nou hier en het jy ons hoor gesels?" wil sy weet.

„Ounooi en 'n nooi het gesels, ja, ounooi."

„Het jy al water gaan haal?"

„Nee, ounooi."

„Nou, vat die twee sinkemmers en dan gaan haal jy vir ons die drinkwater."

Tant Naatjie sukkel na die muurkassie en haal die Zionsbank uit; nie die nuwe een nie, maar die oue waarin al die verjaardae aangestip is. Elke dag het sy geskiedenis. Sy sukkel weer terug na die tafel. Die staalraam-bril word uit sy huisie gehaal en opgesit. Tydsaam blaai sy hom deur.

6 Januarie: Pa se verjaardag. Pa. Hy was 'n mooi man met 'n bos krulhare, sterk en altyd so gesond. Aanstaande September is hy al veertig jaar dood. Ag, waar vlieg die tyd tog! Ma het altyd gesê hy is nie 'n goeie boer nie en moes liewer predikant gewees het. Pa het 'n gawe gehad om te praat.

„Pa het jou eendag daar in die tuin met 'n horssweep geslaan. Onthou jy, Naatjie?" vra 'n stem.

„Ek onthou baie goed. Jy het jou nog so byna kapot gehuil, Jaatjie," antwoord die vroutjie.

„Nes jy by die spaansriet verby is, was daar 'n ry granaatbome . . . ."

„Onthou jy nog die ou peerboom?" wil tant Naatjie weet.

„Die dag toe jy die pak gekry het, was jou rokkie van die moerbei besmeer," sê Jaatjie.

„Onder die moerbeiboom het 'n stomp gelê waar ons kinders altyd op gesit het, Jaatjie . . . . Jaatjie! . . . . Jaatjie!" roep tant Naatjie weer, maar dis stil in die platdakhuisie.

13 Februarie: Giepie se verjaardag. Dat hy nou op sy verjaardag met 'n haelgeweer moes verongeluk. Sy onthou nog. Giepie was daardie dag 24 en sou afry na oom Kootjie om die plaas te koop. Hy wou 'n bokkie vir Ma skiet. Dit was 'n stil dag en die son het warm geskyn. Ma was by die wasklip onder die wilgerboom. Hulle kon nooit sê wat gebeur het nie. Miskien was Giepie al op die kar, miskien wou hy net opklim. Hulle het net die skoot gehoor en die perde het met die kar op loop gesit en die wiel het oor sy bors gegaan. Wanneer nou weer?

„Sestig jaar gelede, Naatjie. Onthou jy nie meer nie, Naatjie? Ma was die eerste by, maar ons kon niks meer vir hom doen nie. Ons het hom na die buitekamer gedra, maar kort daarna is hy dood. Daardie nag en die volgende dag het hy in die waenhuis gelê en ons was so bang om daar verby te stap. Ons was so lief vir hom en toe hy dood is, was ons bang vir daardie ou stof en as wat elke mens is," sê 'n stem, Jaatjie se stem.

„Het jy hom al gesien vandat jy daar is, Jaatjie?" vra haar ouer suster. Daar is geen antwoord nie. Ingedagte roep sy: „Jaatjie! Jaatjie!"

Maar dis stil in die huisie van die Oberholsers. Toe tant Naatjie sukkel-sukkel opstaan om kombuis toe te stap, skree die raasbek: hoei-ie, hoei-ie. Net so. Nie minder as tien keer nie. Dit spring buitentoe, skree en glip dan weer terug.

„Jantjie! Jantjie!" roep tant Naatjie. Eers kry sy nie antwoord nie, maar later gee die Boesman agter die vyeboom antwoord.

„Jantjie, kom help vir my in die huis. Ek wil die koffer in die kamer verskuiwe," sê sy.

„Hoee, nee, ounooi! Jantjie gaan nie weer in die huis nie. Jantjie gaan nou weg. Die ounooi gesels met die anner ounooi wat ek nie kan sien nie en nou gaan ek."

„As jy vir my mooi oppas, Jantjie, sal ek vir jou sorg. Bly hier. Niemand sal jou hinder of kwaad aandoen nie."

„Nee, ounooi, Jantjie gaan nou. Ounooi was goed vir haar, maar Jantjie gaan nou en Jantjie sal die ounooi nie vergeet nie. Dag, ounooi,"

„Jantjie! Jantjie!" sê tant Naatjie, maar wis dis tevergeefs.

Die ou vroutjie sukkel binnetoe. In die laaste paar dae loop sy tog so swaar. As sy moet sê, is die pyne in haar bene en heup heelwat beter, dankie, maar sy loop nou soveel swaarder.

Sou Jantjie sout in die kos gegooi het?

„Môre, Jaatjie!" sê tant Naatjie bly. „Het jy my kom haal? Jy kan maar praat, Jaatjie, want die Boesman is nie meer hier nie. Ek sit net eers. Ek moet jou tog die grap vertel. Onthou jy nog vir George Ulman se pa? Nou ja, hy was nou-nou hier in die huis. Wil kamtig ons huisie koop. Hy het skoon vergeet hoe verlief ons op mekaar was. Dis nes of hy my nie geken het nie en ek wou ook nie iets sê nie. Ek het gewonder wat ons met die huisie moet maak. Ek het vir Jantjie gestuur na ou Tulle om ons testament te kom skrywe. Jy sal vir my kan sê, Jaatjie, of ek reg is, maar ek het gereken George Ulman moet maar die huis en erf kry. Ek het vir sy pa ook so belowe. En dan, het ek gereken, kan Maria Strauss maar die losgoedjies kry. Dit sal nie genoeg wees om op te trou nie, maar dit sal darem help . . . . Maar George moet die huisie kry. George het natuurlik nooit geweet van sy pa en van my nie. Ek sou nogal graag so 'n seun wou gehad het . . . . Moenie op daardie stoel sit nie, Jaatjie. Dis Boesman se ou stoel . . . . Jaatjie! Moenie weggaan nie! Almal gaan weg van my . . . ."

Die vleis sis in die ysterpot en tant Naatjie reken daar moet 'n bietjie water op kom. Sy weet ook nie van die sout nie. Jantjie moes darem vir haar gesê het. Dit maak ook seker nie saak nie, want sy en Jaatjie moet netnou gaan. Dis die inwyding van die nuwe kerk en dominee het self gesê sy en Jaatjie moet tog vroeg kom en daar is 'n bank net vir haar en Jaatjie. Reken nou, die kerkraad sê hulle twee is die oudstes in die gemeente en daar sal vir hulle 'n bank wees.

„Dis laat, Jaatjie, en jy weet hoe ek met die kouse en skoene sukkel. Jy kan nie op die stoel bly sit nie. Dis neënuur."

Tant Naatjie sukkel aan na hul kamer. Sy weet nie waarom dit so skemer is nie en voel lus om die kers op te steek as dit nie te baie na ryk mense sal lyk nie. Sy kan ook nie verstaan nie. Nou-nou was dit donker in die kamer en sy vol van die pyne en hier is dit skielik lig en sy is aangetrek vir die kerk. Nogal 'n nuwe rokkie.

„Wag, Jaatjie; jy is altyd so haastig. Ek moet nog my hoed opsit."

Tant Naatjie lag. Jaatjie sal netnou eers agterkom dat sy 'n onpaar skoene aanhet. Dit lyk so komieklik.

„Nou kan ons maar stap, Jaatjie. Jy sal laáater agterkom waarom ek so lag. Ai, Jaatjie . . . ."

Dis nou stil in die platdakhuisie aan die onderpunt van Soetwater se lang straat. Die vleis braai op die stoof en 'n mens kan dit hier in die voorhuis ruik. Die muurkassie staan nog oop en die Zionsbank lê oop op die tafel. Oor Gladstone se gesig is 'n geel stoflap. Op die buffet — tant Naatjie se saaidbord — staan die groen, geriffelde waterbeker en glase, tant Jaatjie se trots. En daar is ook die skotteltjie met die hen-deksel en die eiers wat so onder haar vlerke uitpeul. Nou-nou, nou-nou sal die raasbek uitspring en hoei-ie, hoei-ie skree . . . .

Tant Naatjie is by tant Jaatjie.

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier
E—56